

SWELLENDAM EN SY DISTRIK GEDURENDE DIE SIVIELE

KOMMISSARISSKAP VAN HARRY RIVERS

1828 - 1841

deur

J.A. STOPFORTH.

Voorgeleë Ter Vervulling van die Vereistes Vir Die  
Graad van Magister in Geskiedenis aan die Univer-  
siteit van Kaapstad.

April 1974.

The copyright of this thesis is held by the  
University of Cape Town.  
Reproduction of the whole or any part  
may be made for study purposes only, and  
not for publication.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

## VOORWOORD.

Deur hierdie verhandeling is 'n poging aangewend om lig te werp op die vroeë geskiedenis van een van die oudste buitedistrikte van ons land. Buirski het met sy M.A.-verhandeling, "The Barrys and the Overberg.", 'n gedeelte van die geskiedenis van hierdie gebied gedek. So ook het Burrows, met sy werk "Overberg Outspan.", sekere aspekte van die geskiedenis van hierdie groot en uitgestrekte gebied behandel. Daar word gehoop dat hierdie verhandeling 'n verdere bydrae sal lewer tot kennis van die gebied anderkant die Hottentots-Hollandberge - die Overberg.

Die tydvak 1828 tot 1841 is om die volgende redes gekies: Die jaartal 1828 dagteken die aanvang van die administrasie van die buitedistrikte in ooreenstemming met die bepalings soos neergelê deur die Regsoktrooi van 1828. Die einddatum, 1841, sluit die tydperk van Harry Rivers as siviele kommissaris van Swellendam af; die periode 1798-1825 is behandel deur 'n M.Th.-verhandeling van ds. J.Fourie.

Die navorsing in verband met hierdie werk is hoofsaaklik in die Staatsargief, Kaapstad, gedoen, maar die ondersoek in die Kerkargief te Kaapstad en die Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek was ook vrugbaar en belangrik.

Graag neem ek hierdie geleentheid te baat om my hartlike dank te betuig teenoor almal wat bygedra het tot die verwesenliking van hierdie verhandeling.

Eers en veral wil ek my innige dank en waardering uitspreek teenoor mnr. A.M.Davey wat die onderwerp aan die hand gedoen het en vir sy leiding en voorligting.

Verder betuig ek dank aan die personeel van die verskillende instansies waar ek navorsing gedoen het - insonderheid

die personeel van die Staatsargief, Kaapstad.

Ten slotte my besondere dank aan mev. A.Pienaar wat onder moeilike omstandighede bereid was om die verhandeling taalkundig te versorg.

INHOUD.

<u>Hoofstuk.</u>	<u>Bladsy.</u>
Inleiding	I
I. Die Administrasie en Regstelsel	3.
II. Verbindings	30.
III. Ekonomiese Ontwikkeling	44.
IV. Ontwikkeling	85.
V. Besondere Koloniale Vraagstukke	93.
VI. Die Kerk, Sendingwerk en die Eerste Melaatse Inrigting in Suid-Afrika	117.
VII. Onderwys	162.
Bylae	201.
Bronne	204.

ILLUSTRASIES.

Bladsy

Harry Rivers, Siviele Kommissaris.	5
Barry en Neefs van Swellendam.	60.
Ds. W. Robertson by sy aankoms op Swellendam.	121.

KAARTE.

Die Swellendamse Ruggens.	I.
Die Breeërivier vloeи in St. Sebas- tiaansbaai. Skets deur W. Dunn in 1828.	44.

E.H. Burrows: Overberg Outspan, Back end Paper.



## INLEIDING.

In 1811 is die grenslyn tussen Stellenbosch en Swellendam verskuwe van die Breede- na die Steenbrasrivier, van die bron van waar dit langs 'n ideale lyn sou loop tot by die Baviaanskloof, sodat die Kleine Houwhoek en die Baviaanskloof in die Swellendamse distrik sou val. Die nuwe deel sou die subdistrik, Caledon, vorm.

Teen 1828 was die grense van Swellendam dus in die noorde die Swarteberge, in die ooste die Gouritzrivier, in die suide die see en in die weste die Steenbrasrivier.

In 1829 is die wesgrens verskuif vanaf die Steenbrasrivier ooswaarts na die Langehoogte, geleë tussen Botrivier en Caledon, en die veldkornetskappe van Bot- en Palmietriviere is by Stellenbosch gevoeg.

Gedurende die periode wat deur hierdie verhandeling gedek word, het die divisie se grense dus gestrek vanaf die Langehoogte tot by die Gouritzrivier; vanaf die kus tot by die Groote Swarteburg; en noordwaarts tot by die grense van die Worcester- en Beaufortdivisies. Die Swellendamse divisie het uit ongeveer 7700 vk. myl bestaan en was in vier en twintig veldkornetskappe verdeel.<sup>I)</sup>

Teen 1828 het die dorp bestaan uit 'n enkele smal straat met vyftig tot sestig huise geleë aan die bergkant. Parallel met hierdie straat het die Koornlandsrivier gevloei, wat besproeiingswater aan 'n vallei van ongeveer 200 morge, voorsien het. In hierdie vallei het verskeie inwoners drie tot vier morge onder besproeiing gehad. Die inwoners het 'n bestaan gemaak as wamakers en smitte. Dikwels moes hulle gaan hout kap in die berge om hul karige inkomste aan te vul.

Die twintiger jare was moeilike tye vir die Swellendam-

I., Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1842, p. 393.

dammers. Die distrik was onderhewig aan periodieke droogtes en roes het ook groot skade onder die gesaaides aangerig. Dit het daar toe geleid dat baie inwoners van die distrik nie hul verpligte kon nakom nie. So byvoorbeeld het vyf en veertig inwoners van die distrik aansoek gedoen om oortrokke rekenings by die Regeringsbank tot 'n gesamentlike bedrag van Rds. 74 866.<sup>2)</sup> In September 1826 rapporteer die "Commissioners of Inquiry upon the Administration of the Government at the Cape of Good Hope," dat die teenswoordige toestand van die dorp en distrik geen tekens toon van uitbreiding of verbetering nie en word 'n somber ekonomiese prentjie ten opsigte van die dorp en distrik geskilder.<sup>3)</sup>

Deur 'n sameloop van omstandighede sou daar egter gedurende die dertiger jare groot vooruitgang en ontwikkeling op feitlik alle terreine kom. Dit was onvermydelik, want wanneer manne van die kaliber van Harry Rivers, William Robertson, Joseph Barry, F.W. Reitz, dr. White, Benjamin Moodie ens. in een distrik saamgetrek word, is vooruitgang, ontwikkeling en nuwe groei vanselfsprekend.

Deur hierdie verhandeling sal gepoog word om aan te toon hoe hierdie persone "changed Swellendam from a straggling row of houses into the vital centre of a flourishing division."<sup>4)</sup>

2. O.P.B. I/I 282 (371) p. 84.

3. Ibid., p. 21.

4. E.H. Burrows: Overberg Outspan, p. 263.

HOOFSTUK I.DIE ADMINISTRASIE EN REGSTELSEL.Die Siviele Kommissaris: Die amp en die bekleer.

Ooreenkomsdig die konstitusionele gebruik van daardie tyd, is die plaaslike bestuur van die Swellendamse distrik, aan 'n siviele kommissaris opgedra. In 1828 is een van die bestuursinstellinge wat onder die koloniste diep wortel geskiet het afgeskaf. Die stelsel van landdros en heemrade het verdwyn om plek te maak vir siviele kommissarisse en magistrate.

Die funksie van die resident-magistraat was alleenlik regterlik, terwyl die ander funksies wat voorheen deur die landdros vervul is, voortaan oorgegaan het na die siviele kommissaris.

Die siviele kommissaris was die belangrikste verteenwoordiger van die regering in sy distrik en het ook militêre verpligtinge gehad. Alle kommando's kon slegs deur hom uitgeroep word.<sup>I)</sup> Sy verdere funksies het die invordering van belastings, hereregfooie en ander bronne van inkomste ingesluit. Hy moes ook voorsiening maak vir publieke vervoer vir die gebruik deur die regters van die rondgaande hof, asook vir ander publieke amptenare; Hy was superintendent van paaie, "public accountant of revenue and expenditure" en kontrakteur van die regering ten opsigte van tolhekke, voorrade aan die tronk, die inrigting vir melaatses, ens; Hy moes elke jaar 'n volledige statistiese verslag opstel in verband met sy distrik en aan die regering stuur. Hy moes 'n jaarlikse reis deur sy distrik onderneem om belasting in te vorder en indien iemand aansoek doen om grond, moes hy verslag lewer aan die regering nadat hy die grond

I. P.J.Venter: Government Departments of the Cape of Good Hope, 1806-1910, p. 195.

geïnspekteer het.<sup>2)</sup> Laasgenoemde plig het veel van die siviele kommissaris van Swellendam gevorg. Dit was te wyte aan die uitgestrektheid van die distrik, maar ook veral as gevolg van die groot aantal grondtransaksies wat gedurende die jare 1828 tot 1841 plaasgevind het. Tussen 25 Julie 1829 en die einde van 1841 is nie minder nie as 597 grondtransaksies afgehandel.<sup>3)</sup> Die gevolg was dat kennisgewings soos die volgende, wat die omvang van hierdie taak aandui, gereeld in die staatskoerant verskyn het: "The Civil Commissioner for Swellendam will attend in the Field Cornetcy of Kars River, on the 22<sup>d</sup> and 23<sup>d</sup> November next, and in the Field Cornetcy of Zoetendals Valley, on the 24<sup>th.</sup>, 25<sup>th.</sup> and 26<sup>th.</sup> of November next for the purpose of inspecting the following lands viz: ..... All applicants for lands in these Field Cornetcies, as well as such other persons as may consider themselves to be interested in any applications for land there, are requested to attend on those days respectively, and the proprietors of land will have to produce the diagram of their estates.

Swellendam, 16<sup>th.</sup> September, 1830."<sup>4)</sup>

Die prosedure was dat 'n voornemende koper 'n memorie moes inhandig waarin hy die redes aantoon hoekom hy 'n sekere stuk grond of plaas wou verkry. Die siviele kommissaris moes dan, nadat hy ter plaatse ondersoek ingestel het, verslag doen aangaande onder andere die volgende: Die area waarom aansoek gedoen word; die oppervlakte beboubare grond, tuin-grond en weiding wat beskikbaar is; die aantal vee wat aangehou kan word; die afstande vanaf Kaapstad en Swellendam.

2. P.B.Borcherd: An Auto-Biographical Memoir, pp. 314-315.
3. Verwerking van statistiek gevind in Land Board, nr. 95 en nr. 96.
4. Government Gazette, no. 1292, 15.IO.1830.



HARRY RIVERS,  
Siviele Kommissaris van Swellendam, na wie die dorp en  
distrik genoem is.

Ook moes die siviele kommissaris bepaal wat na sy oordeel 'n billike herereg sou wees.<sup>5)</sup>

Deur Ordonnansie nr. 77 van 1830 het alle instruksies aan siviele kommissarisse wetsgesag verkry.<sup>6)</sup> Op 16 Mei 1834 het Harry Rivers, die siviele kommissaris van Swellendam, asook die ander siviele kommissarisse, kennis gekry dat die pligte van die siviele kommissaris en die resident-magistraat vanaf 1 Julie 1834 in die siviele kommissaris verenig word. Hulle salaris is, ooreenkomsdig die groter verantwoordelikhede wat aan hulle toegeken is, verhoog na £500 per jaar in plaas van die £400 per jaar wat hulle eers as landdros en later as siviele kommissarisse gekry het.<sup>7)</sup> Na hierdie herorganisasie het die siviele kommissaris se kantoorpersoneel bestaan uit: Die siviele kommissaris en resident-magistraat; twee klerke en 'n boodskapper. Dit het meegebring dat twee amptenare, die resident-magistraat en sy klerk, van die toneel verdwyn het. Hierdie reëling wat vir al die distrikte gegeld het, het vir die Britse regering 'n aansienlike besparing beteken, maar het amper die onmoontlike van die reeds oorlaaide en swak betaalde siviele kommissaris geëis. Teen 1834 was die finansiële posisie aan die Kaap nie baie gunstig nie. Sedert 1823 is elke jaar meer uitgegee as wat deur middel van die verskillende belastings geïn is. Die nuwe goewerneur, sir Benjamin D'Urban, het dan ook na die Kaap gekom met die uitdruklike opdrag van die Britse regering dat hy aan die Kaap moes kom besnoei.

Harry Rivers was dus die laaste landdros en die eerste

- 
5. Herereg is bereken teen ongeveer 1/4 per 100 akkers en kon nie verhoog word nie. Sien J.C.Chase: The Cape of Good Hope, p. 133.
  6. Government Gazette: 15.10.1830, no. 1292.
  7. C.O. 4905 Lett. Des.: Bell-Rivers, 16.5.1843, p. 23.

siviele kommissaris van Swellendam. Hy was 'n swaer van die Kaapse koloniale sekretaris, Henry Alexander, wat 'n familie-lid van die vroeëre goewerneur aan die Kaap, graaf Caledon, was. Hy het in 1816 op Alexander se aanbeveling na die Kaap gekom en hy was sy aanstelling as waarnemende kaaimeester van Tafelbaai aan Alexander se invloed te danke. Op 27 Julie 1818 trou hy met Charlotte Johanna Cloete, die oudste dogter van Pieter Lourens Cloete en die weduwee van kolonel Ronald Cambell. In Desember 1821 is hy aangestel as landdros van Albanie, waar hy onder andere verantwoordelik was vir die uitplasing van die 1820-Setlaars. Klassebewussyn het hom egter beweeg om nie met die immigrante te meng nie. Hy het 'n intieme vriend geword van kolonel Somerset, seun van die goewerneur, en deur sy plan vir 'n plaaslike burgermag het hy ook die guns van laasgenoemde gewen. In sendingkringe is daar egter gevoel dat hy nie in die beste belang van die Setlaars, wat as gevolg van oesmislukkings baie swaar gekry het, gehandel het nie. In 1824 publiseer die regeringspers in Kaapstad, "Authentic copies of a correspondence which took place in consequence of a statement made at the general annual meeting of the Society for Relief of Distressed Settlers in Cape Town, August 18, 1824, reflecting on the conduct and character of the landdrost of Albany."<sup>8)</sup>

Alhoewel Somerset Rivers se verduideliking aangaande die aangeleentheid aanvaar het, het die Sekretaris van Kolonies, graaf Bathurst, uitspraak teen Rivers gegee en laasgenoemde is in 1825 as landdros van Albanie ontslaan. Hierna is hy na Swellendam verplaas as landdros, eers in tydelike hoedanigheid, maar vanaf 14 November 1826 permanent.

---

8. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel I, p. 6II.

Op Swellendam het Rivers onteenseglik goeie werk gedoen en was hy populêr. Die feit dat die ingesetenes van Vetrivier en omstreke hul dorp Riversdale genoem het, is 'n sprekende bewys van die vertroue, hoogagting en waardering wat hy in die distrik geniet het. Gerugte dat Rivers verplaas gaan word, het Swellendam in Februarie 1839 bereik. Na aanleiding daarvan het sommige van die inwoners 'n adres opgestel en hom aangebied. "The active interest which you have uniformly taken in everything .....; and the impartial manner in which you have administered justice, have justly acquired for you the esteem of the inhabitants ..... We assure you that we should consider your removal as a public loss to the district, and we request that you will again take the matter into kind consideration." Die adres is onderteken deur 140 inwoners van die distrik.<sup>9)</sup> Die Cape Monthly Magazine van 1859 se artikel, "Our Portrait Gallery," word aan Rivers gewy en daarin word soos volg van hom geskryf: "Although a Tory or Conservative in principle, and rather aristocratic in his manner, he was notwithstanding very highly esteemed by the inhabitants of Swellendam; and although various influences have co-operated to raise this division to its present standing, still the prosperity of the town and its district may be safely dated from the period of Mr Rivers's appointment. While living at Swellendam, he had quite the appearance and manners of an English squire of the olden times; and through his example, and that of Mrs Rivers, a different tone was soon given to the state of society, which up to that period, had not been of

the highest character."<sup>I0)</sup>

Ook by die Kaapse owerhede was hy in hoë aansien. In 1835 skryf Harry Smith van hom as "that able fellow the Civil Commissioner, Harry Rivers."<sup>II)</sup> In Oktober 1838 word hy deur die regering geprys en bedank vir sy pogings om die onderwys onder die nie-blankes te bevorder.<sup>I2)</sup>

Sy ywer is egter beloon en op 4 Desember 1841 kry hy kennis dat hy aangestel is as "Treasurer-General" van die Kaapse regering. Mn. J.G. Aspeling, afgetrede resident-magistraat wat ook vir nege maande as siviele kommissaris waargeneem het toe Rivers teen die einde van 1839 vir nege maande oorsee was, sou in sy plek waarneem totdat die volgende aanstelling gedoen is.<sup>I3)</sup>

Voordat Rivers Swellendam verlaat het, is hy uitgenooi na 'n groot afskeidsete deur die vooraanstaande burgers van die distrik. Die kerkraad van die N.G.Kerk het by dié geleentheid 'n adres, opgestel deur die here J.F. Bam en F.W. Reitz, en eenparig aangeneem, hom aangebied. Hier volg uittreksels daaruit: "The consistory also embrace this opportunity of testifying, that whenever your official situation brought you into contact with the affairs of their church, you have evinced the greatest readiness to be of service, and though not a member of our community, your example has contributed much to produce that Christian unanimity among the Protestants of the district, which

I0. Cape Monthly Magazine, April 1859, Vol. 5, p. 243.

II. Sir H. Smith: The Autobiography of Lieutenant-General Smith, p. 37I.

I2. C.O. 49II Lett. Des.: Bell-Rivers, 20.IO.1838, p. 296.

I3. C.O. 49I4 Lett. Des.: Bell-Rivers, 4.I2.1841, p. 167.

has enabled me in my ministerial capacity, to offer spiritual instruction and consolation to those who belong to other denominations." <sup>I4)</sup>

Die Assistent-slavebeskermer en Agent van die Weeskamer.

Hierdie poste is tot September 1831 deur F.Rawstorne behartig. Sy werk as agent vir die weeskamer het meegebring dat hy die welsyn van die weduwees en weeskinders in die distrik moes omsien. Die volgende kennisgewing illustreer dit: "Agent voor het Collegie van Weesmeesteren in het distrik Swellendam, de Hr. F.Rawstorne, ..... zal op den 5 den Maart aanstaande, ter plaatse en voor rekening des Boedels van wylen Johannes Oosthuizen en deszelfs nagelatene weduwee Catharina Gouws, per publieke Vendutie laten verkoopen, deszelfs aandeel in de Plaats Buffelsvallei ...., benevens huismeubelen, een brandewynketel, schapen en bokken."<sup>I5)</sup> Die dienste van die agent vir die weeskamer is na September 1831 waargeneem deur die klerk van die siviele kommissaris.<sup>I6)</sup>

In 1826 is 'n "Slave Protector" in Kaapstad en "assistant Protectors" in die buitedistrikte aangestel. Die slavebeskermers se taak was gemoeid met die ingewikkeld problem van menslike verhoudinge. Dit was by hulle waar die slawe kom kla het. Hulle was verplig om voorlopige verhoor in te stel, om aantekeninge te maak van getuienis wat afgelê word tydens hofsake en om noukeurig aantekeninge te maak van die verrigtinge tydens verhore. Hulle was ook verantwoordelik vir die registrasie van die slawe.<sup>I7)</sup>

---

I4. Cape Monthly Magazine, April 1859, Vol. 5, p. 243.

I5. Government Gazette, 13.2.1829, no. 1205.

I6. C.O. 490I Lett. Des.: Bell-Rivers, 2.9.1831, p. 46I.

I7. E.Hengherr: Emancipation and After, p. 2I.

Die funksie van die slawebeskermer het na September 1831 oorgegaan na die kantoor van die klerk van die vredereg. In Swellendam is dit dus deur J.F.Bam behartig.

Dit het baie van die klerk van die vredereg geverg en hy het hom in die onbenydenswaardige posisie bevind dat hy tegelykertyd publieke aanklaer en slawebeskermer moes wees. In sake wat slawe geraak het, was dit 'n uiters moeilike posisie.<sup>18)</sup>

#### Die Landmeter.

Op 6 Augustus 1813 is 'n proklamasie uitgevaardig wat die ou stelsel van grondbesit - die leenplaasstelsel - vervang het met 'n Ewigdurende Erfpagstelsel van grondbesit. Die proklamasie het die reg verleen aan die houers van leenplase om hul plase te omskep in ewigdurende erfpag. Die plaas sou die eiendom van die boer bly en hy kon daarmee doen soos hy goedgedink het. Die eienaar van 'n erfpgplaas moes 'n jaarlikse huur betaal wat gebaseer was op die vrugbaarheid en produksievermoë van die plaas. Voordat 'n kaart en transport uitgereik is, moes die grond opgemeet word en 'n diagram van die grond opgestel word wat aan die regering voorgelê moes word.<sup>19)</sup>

Dit het beteken dat al die ou leenplase nou opgemeet moes word en gevolglik het landmeters nou hul verskyning gemaak. Die opmetingskoste moes deur die voornemende eienaar self gedra word. So byvoorbeeld moes die "Trustees of the Mercantile Establishment" te Port Beaufort, 'n bedrag van £18-18-6 aan die landmeter, W.Hopley, betaal nadat hy sekere erwe te Port Beaufort vir hulle uitgemeet het.<sup>20)</sup>

I8. S.O. 3/20 A: Observations of the Protector of Slaves, 25.6.1831.

I9. C.G. Botha: Early Cape Land Tenure, pp. I6-I7.

20. Drostdy Argief: No. 78, Minutes of the Port Beaufort Trading Company, 31.I.1836, p.9.

II.

Die boere was aanvanklik maar traag om hulle plase te laat omskep in erfpagplase. Soos die volgende tabel aantoon het hierdie proses van omskepping egter gedurende die tydperk 1828 tot 1841 groot momentum gekry en met 'n versnelde tempo toegeneem.

"Distribution of perpetual quitrent titles by Districts,  
I.I.1829 - 31.I2.1841. (Swellendam)

Titles issued for grants under 500 acres.

✓ 1828/1829/1830/1831/1832/1833/1834/1835/1836/1837/1838/1839/1840/1841

0	2	0	25	0	II	2	2	2	I4	I0	9	5	I
---	---	---	----	---	----	---	---	---	----	----	---	---	---

Total: 83

Titles issued for grants over 500 acres.

✓ 1828/1829/1830/1831/1832/1833/1834/1835/1836/1837/1838/1839/1840/1841

0	4	17	11	48	3	2	22	39	90	51	8	9
---	---	----	----	----	---	---	----	----	----	----	---	---

Total: 533"

Op Swellendam het F.Rawstorne as landmeter opgetree tot 1833 en daarna het ook W.M.Hopley op die toneel verskyn. Vanaf 1833 het hy feitlik die toneel, wat die opmetings aanbetrif, oorheers. William Musgrave Hopley het in 1827 die plaas Rotterdam, wat vroeër aan landdros A.Faure behoort het, gekoop met die idee om hom daar te vestig. Nadat hy egter landmeter geword het, was hy verplig om in die dorp te kom woon. Hy het gevolglik die plaas verkoop en Bellevue in die onderdorp gekoop. Sir Benjamin D'Urban het die omliggende "unappropriated ground," tussen Rothman se J.V.D.S.-huis en Kliprivier, aan hom gegee.<sup>22)</sup> Vir veertig ✓ jaar het hy in die distrik gewerk en alhoewel akkuraatheid nie juis 'n kenmerk van sy werk was nie, was sy opmetings die eerste gedetailleerde opmetings wat in die gebied gedoen

21. L.C.Duly: British Land Policy at the Cape, 1795-1844, pp. II4, I37, I38.

22. C.O. 4366, no. 49; C.O. 4372, no. 52.

is. Daar word vertel dat hy die ou leenplase almal volgens 'n vaste stelsel uitgemeet het. Hy het 'n nie-blanke seun gehuur, "whom he had timed with a stop-watch over a long distance, so that he knew exactly how fast the boy paced." Gewapen met sy stophorlosie en 'n paar eenvoudige instrumente vertrek hy dan na die plaas. Hy vra die eienaar om die middelpunt van die plaas aan te dui, en dan stuur hy die seun in verskillende rigtings uit, "with instructions to keep straight and keep walking and plant the beacon when the baas fired the shot." Onakkuraat, maar vir sy tyd was dit seker goed genoeg.<sup>23)</sup>

#### Die Brandweer.

Die hele tydperk vanaf 1828 tot 1841 was die brandweermanne mnre. J.H.Siebert en M.A.Siebert. Hulle het egter geen salaris ontvang nie. Gedurende 1828 tot 1841 lees ons van twee brande op die dorp. Op Maandag, 25 Augustus 1834, was daar 'n groot brand. Dit het in die huis van mnr. Paulzen, die voorleser, begin. Die sterk wind het die vonke oorgewaai na die huise van die here Falck en Barry en Neefs, 'n afstand van 100 tree. Die brand was so snel dat al die geboue, buitegeboue, pakhuise en al die goedere in die pakhuis binne die bestek van twee uur vernietig is. Die sterk wind het alle pogings om die brand te blus, verongeluk. Die skade is beraam op 50 000 Rds.<sup>24)</sup>

Op Nuwejaarsaand van 1839 was daar weer eens 'n brand. Die huis van die heer Coetzee, wat bewoon was deur die horlosiemaker, Betney, is afgebrand. Die vuur het ontstaan as gevolg van "onvoorzichtig afsteken van vuurwerk."<sup>25)</sup>

---

23. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 66.

24. Zuid-Afrikaansch Tijdschrift, Julie-Augustus 1834, p.316.

25. Zuid-Afrikaansch Tijdschrift, Jan.-Feb. 1939, p. 152.

Die Distriksgeneesheer.

Die pligte van die distriksgeneesheer het onder ander die volgende ingesluit: Hy moes in die dorp woon waar die magistraatskantoor gevestig was; hy moes die tronk daagliks besoek om siek prisoniers te ondersoek en om te kyk na die algemene netheid van die tronk, die gehalte van die kos wat voorgesit word, ens.; enige wantoestand in die tronk moes dadelik aan die siviele kommissaris gerapporteer word. Hy moes ook hofsake bywoon indien sy teenwoordigheid verlang word deur die magistraat; hy moes lyfstraf-toedienings bywoon indien die straf nege en dertig houe oorskry; hy moes gratis professionele diens verskaf, asook medisyne aan siek prisoniers, die konstabels en die familie van laasgenoemdes, en 'n register hou in dié verband. Hy moes aan die siviele kommissaris elke Maandagoggend 'n verslag lewer aangaande die aantal siek prisoniers en amptenare; hy mag 'n privaat praktyk gehad het, maar dit mag nie gebots het met sy werk as distriksgeneesheer nie; hy moes gratis inent in sy distrik.<sup>26)</sup> Vanaf 1828 tot einde van 1834 het drie persone hierdie pos beklee. Die besuiningsmaatreëls wat in 1834 geleei het tot die herorganisasie van regeringsposte, het daar toe geleei dat hierdie pos in 1834 vir die Swellendamse distrik afgeskaf is. Dr. Ahrens, wat op daardie tydstip die pos beklee het, het 'n rukkie as gewone geneesheer vir Swellendam aangebly. Hy het egter spoedig gevind dat daar nie genoeg werk vir hom op Swellendam was nie, en het gevolglik vertrek. Harry Rivers het egter nou 'n dringende pleidooi gelewer dat 'n distriksgeneesheer weer eens op Swellendam aangestel moes word.<sup>27)</sup>

Op 29 Oktober het Rivers toe die blye nuus verneem dat dr.

26. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1829, p. II8.

27. C.O. 2747 Lett. Rec.: Rivers-Bell, I.IO.I834, no. 61.

White as geneesheer op Swellendam aangestel is. In plaas van £150 per jaar soos vroeër toegeken is aan die pos, sou dr. White slegs £100 per jaar ontvang. Sy pligte ten opsigte van die regering is egter ook verminder en sou slegs die tronk en verpligtinge teenoor die polisie behels.<sup>28)</sup>

Dr. White het egter in werklikheid opgetree as volwaardige distriksgeneesheer. As in aanmerking geneem word dat die divisie Swellendam al die ander in grootte oortref het, was dit baie onbillik van die regering om te verwag het dat hy sy taak teen verminderde salaris moes uitvoer - die ander distriksgeneeshere het £150 per jaar verdien. In Junie 1841 skryf hy vir die derde maal in verband met hierdie aangeleentheid aan die regering en pleit hy dat sy salaris op dieselfde skaal gebring moes word as die ander distriksgeneeshere. Hy wys daarop dat hy die vorige drie maande 'n afstand van 600 myl in diens van die regering afgeleë het, behalwe sy normale verpligtinge teenoor die tronk. "I beg to submit respectfully that, having performed the duties which are certainly as onerous of any other district surgeon for nearly seven years at a reduced salary, I should labour under a hardship if again denied the salary granted to my predecessors and to the surgeons of other Divisions."<sup>29)</sup> Ook hierdie pleidooi van hom het egter niks opgelewer nie aangesien die regering nie bereid was om hom op daardie stadium 'n verhoging toe te staan nie.<sup>30)</sup>

Gedurende die drie en twintig jaar wat dr. White geneesheer was, het hy 'n instelling in die gebied geword.

Na die invoering van verteenwoordigende regering in 1854,

---

28. C.O. 4905 Lett. Des.: Bell-Rivers, 29.IO.I834, p. 375.

29. C.O. 2801 Lett. Rec.: White-Bell, I.6.I841, no. 31.

30. C.O. 4915 Lett. Des.: Craig-White, I7.6.I841, p. 257.

het hy lid van die parlement vir die Swellendamse distrik geword.<sup>31)</sup>

#### Die Veldkornette.

Die distrik, Swellendam, is soos al die ander buitedistrikte in wyke verdeel. Teen 1828 was daar vier en twintig wyke. In 1829 is die veldkornetskap van Palmiet- en Botrivier - met uitsondering van die plek Wagenboomskloof - afgesny van Swellendam en gevoeg by die distrik Stellenbosch. Die genoemde wyk het egter onder die jurisdiksie van die magistraat van Caledon gebly.<sup>32)</sup>

Aan die hoof van elke wyk het die goewerneur, op aanbeveling van die siviele kommissaris, 'n veldkornet aangestel. Hy was 'n gesiene inwoner van sy wyk en was geregtig op 'n salaris van £1-17-6 of 'n rentevrye leningsplaas. Na vyf en twintig jaar diens as veldkornet was hulle geregtig om af te tree en hulle voorregte as veldkornette te behou.<sup>33)</sup> Dit is in 1837 verander na 'n salaris van £10 per jaar en hulle het hul voorregte behou na vyftien jaar diens as veldkornet.<sup>34)</sup> In briewe van 23 Junie 1828, 25 Junie 1828 en 4 Augustus 1828, vra die siviele kommissaris die regering om die voorregte, van toepassing op veldkornette na vyf en twintig jaar diens, toe te wys aan P.F. Fourie, C.J.Uys en H. Steyn respektieflik.<sup>35)</sup>

Die veldkornet het hom met 'n verskeidenheid van sake besig gehou. Hy moes alle proklamasies, wette en amptelike bevele tot in die uithoeke van sy wyk bekend maak en was

31. Overberg Courant, Vol. III, 27.8.1862, no. I52.

32. Government Gazette, 30.I.1829, no. I203.

33. C.O. 5982: Cape of Good Hope Blue Book, p. I03.

34. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1838, p. 58.

35. C.O. 2701, no. 67; C.O. 2701, no. 78; C.O. 2701, no. 80.

verantwoordelik vir die handhawing van wet en orde in sy wyk, beslegting van onderlinge geskille, arrestasies van misdadigers, en die oproep van die burgers vir militêre diens. Die veldkornette alleen mag toelaat dat 'n lyk begrawe word indien die persoon gewelddadig gesterf het en indien 'n skip vergaan, moes die betrokke veldkornet onmiddellik ingelig word en was hy verantwoordelik vir alles omtrent die wrak.<sup>36)</sup>

Om te illustreer dat hulle werk nie maklik was nie, word na die volgende geval verwys: Op 12 Augustus 1832 rapporteer veldkornet Smalberger van die veldkornetskap van Valsch-rivier aan Aspeling, die magistraat, dat hy geroep is na die plaas van 'n sekere Gert Oosthuizen waar 'n slavin 'n gewelddadige dood gesterf het. Hy berig dat hy 'n "schouwing" uitgevoer het en dat sy ongetwyfeld aan brandwonde beswyk het. Sy was blykbaar besig om te kook, toe haar klere aan die brand geraak het.<sup>37)</sup>

In verband met die skepe wat vergaan het, was dit veral die veldkornet van die wyk Zoetendalsvallei wat besig gehou was. Die tydperk 1828 tot 1841 het daar nie minder as nege skepe langs dié kus gestrand nie. Die veldkornet was elke keer verantwoordelik ten opsigte van artikels wat uitspoel, eiening van lyke, hulpverlening aan oorlewendes, ens.<sup>38)</sup>

Aangesien die inwoners van die veldkornetskap Vetterivier so toegeneem het en die veldkornet se taak baie bemoeilik is, het Rivers in 1838 aanbeveel dat die wyk verdeel word en dat dit genoem word Vetterivier en die ander deel

36. Die volledige lys instruksies kan gesien word in die Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1839, pp. 57-72. Daar is 106 instruksies.

37. I/SWM II/43, 12.8.1832.

38. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1839, pp. 283-285; C.O. 2793 Lett. Rec.: Aspeling-Bell, 25.2.1840, no. 10; C.O. 2793 Lett. Rec., 12.3.1840, no. 15.

Riversdale. Dit is toegestaan op II Januarie 1839.<sup>39)</sup>

Die pligte was veeleisend en in die lig hiervan is dit nie vreemd nie dat die aanstellings van veldkornette aan die siviele kommissaris baie hoofbrekens besorg het. Jaar na jaar het bedankings voorgekom en hoewel daar aan-neemlike verskonings soos swak gesondheid en hoeë ouderdom aangevoer is,<sup>40)</sup> kon etlike gevalle toegeskryf word aan onvermoë om die groot verantwoordelikhede te dra en die veelvuldige pligte na te kom.

Die wyksbestuur in Swellendam het wel sekere gebreke gehad, maar tog het dit 'n uiters belangrike rol in die plaaslike bestuur en handhawing van wet en orde gespeel. Ten spyte van al die probleme het daar slegs twee gevalle van pligsversuim voorgekom en was dit nodig vir die siviele kommissaris om aan te beveel dat die manne ontslaan word.<sup>41)</sup> In Augustus 1829, skryf majoor Rogers, "Protector of Slaves," aan die regering en noem hy onder andere die volgende in verband met die veldkornette: "These men are for the most part very intelligent, active and enduring - There are very few who receive any pay, yet it is pleasing to observe their activity in furtherance of the Orders of the Government and the fidelity with which they execute them."<sup>42)</sup>

Lys van Wyke en veldkornette in 1828 en 1841 respektieflik.

Wyk	1828	1841
Palmiet- en Botrivier	N. Swart	-
Zwartrivier	M. Otto	D.G. Steyn
Caledon	W. Kleyn	D. Hoffman

39. C.O. 2784 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 2.I.1839, no. 3.

40. C.O. 2701 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 21.7.1828, no. 77.

41. C.O. 4888 Lett. Des.: Bell-Rivers, 14.3.1828, p. 103.

C.O. 2701 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 26.3.1828, no. 26.

42. S.O. 3/20 A: Copies of his Confidential Reports as Guardian of the Slaves from 1.9.1829 to June 1834.

<u>Wyk</u>	<u>I828</u>	<u>I84I</u>
Uilenkraal	M. Willcmse	J.D. de Kock
Bo-Riviersonderend	J.C. Linde	J.C. Linde
Karsrivier	C.J. Uys	I.H. Wossels
Zoetendalsvallei	H.J. Lourens	I.F. du Toit
Onder-Riviersonderend	M.C. Eksteen	M.C. Eksteen
Kluitjieskraal	F.H. Badenhorst	P.J. Human
Swellendam	C. Coetzco	W.L. Ebersohn
Kliprivier	H. Steyn	J. Steyn
Boschesveld	G.J. le Roc	H.C. Viljoen
Voor-Cogmanskloof	W. van Zyl	J.S. Bruwer
Agter-Cogmanskloof	J.F. Conradie	J.P. Joubert
Tradouw	A. van Coller	G.J. Joubert
Groot Zwartenberg	G.J. Joubert	D.F. Joubert
Langeberg	C. Cloete	P.S. de Wit
Valschrivier	J.W. Smalberger	J.W. Smalberger
Kafferkuilsrivier	M.J. le Grange	M.J. le Grange
Onder-Duivenhoksrivier	M.J. van Rensburg	J.G. Pfaff
Vetterrivier	D.W. Steyn	F.H. Badenhorst
Opper-Duivenhoksrivier	P.R. Fourie	C.J. Uys
Breërivier	P.L. Moolman	J. Uys
Potteberg	J.J. Taljaard	C.J. Uys
Riversdale	-	P.W. Steyn 43)

Die Magistraat.

Die eerste bekleer van hierdie pos na die instelling van die Regsoktrooi in 1828 was C.M.Lind. Hy is egter in 1829 deur W.Harding vervang.<sup>44)</sup> Op 3 Julie 1829 het Harding en J.G.Aspeling die magistraat van Uitenhage, gelyktydig kennis gekry dat hulle kantore moes ruil. Harding is dus Uitenhage toe en Aspeling het magistraat op Swellendam geword.<sup>45)</sup> As gevolg van die samevoeging van die kantore van die siviele kommissaris en die resident-magistraat in 1834, het die kantoor van die resident-magistraat opgehou om te bestaan. Aspeling, sowel as sy klerk, F.W.Alleman, het besluit om met pensioen af te tree.

In siviele sake kon hierdie amptenaar regsspraak doen wanneer die betrokke bedrag nie meer as £10 was nie, wanneer daar geen besitreg met betrekking tot gronde of paggoed en geen fooie, plig of amp mee gemoeid was nie. Daar was reg van appéI na die rondgaande hof indien die bedrag meer as £2 was. In kriminele sake kon hulle 'n boete oplê, maar nie meer as £5 nie. Tot gevangenisstraf, met of sonder dwangarbeid, kon hulle veroordeel tot een maand, of tot lyfstraf vonnis. Hulle het egter geen jurisdiksie ten opsigte van misdade wat strafbaar was met die dood, versending of verbanning gehad nie.<sup>46)</sup> Hulle moes minstens twee keer 'n week hofsittings hou en die hofprocedure moes in Engels geskied.

Die magistraat, saam met sy klerk, was ook kommissarisse van huweliksaangeleenthede. Vanaf 1829 het die huwelikhof elke Saterdag gesit, in plaas van die eerste Saterdag

---

44. C.O. 4898 Lett. Des.: Bell-Rivers, 5.I2.I828, p. 52.

45. C.O. 4899 Lett. Des.: Bell-Rivers, pp. 201-202.

46. C.G. Botha: Die Openbare Argiewe van Suid-Afrika, p. 49.

van elke maand. Hy was ook vrederegter en moes periodiek hofsittings in Caledon hou. Reisgelde vir hom en sy klerk is deur die regering betaal.<sup>47)</sup>

#### Die Rondgaande Hof.

Volgens "His Majesty's Royal Charter" van 10 Desember 1827 sou howe, genoem rondgaande howe, twee keer per jaar in elke distrik gehou word. Elk van die rondgaande howe is waargeneem deur een van die regters van die hooggeregshof van die Kolonie. Hierdie sittings het geskied op tye en plekke binne die distrik, soos deur die goewerneur bepaal. Hierdie howe het dieselfde jurisdiksie, gesag en ouoriteit geniet as die hooggeregshof in Kaapstad.<sup>48)</sup> In siviele sake kon egter na die hooggeregshof geappelleer word, indien die betwiste bedrag £100 oorskry het. Kriminele sake is verhoor deur 'n regter en jurie van nie minder as ses en nie meer as nege lede nie.

In die daaropvolgende jare het hierdie hof Swellendam gereeld twee keer per jaar besoek. So 'n besoek is voor die tyd in die Staatskoerant aangekondig. Die eerste sitting van so 'n hof op Swellendam het in Mei 1828 plaasgevind.<sup>49)</sup> 'n Ontleding van die sake wat vanaf Mei 1828 tot Januarie 1842 voor die rondgaande hof op Swellendam gedien het, toon die volgende: 177 Kriminele sake het gedurende hierdie periode gedien; vier persone is gedurende hierdie tydperk skuldig bevind op aanklagtes van moord. Die doodstraf is in elke geval opgelê en die teregstellings het op Swellendam plaasgevind aangesien die laksman vir hierdie geleenthede

---

47. C.O. 4898 Lett. Des.: Bell-Harding, 6.2.1829, p. 105;  
C.O. 5980 Cape of Good Hope Blue Book, 1838, p. II2.

48. The Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1830, p. 31.

49. Ibid., p. 229.

na Swellendam gereis het; Verreweg die meeste sake was vir diefstal, te wete 123. Die swaarste straf wat vir diefstal opgelê was, was tien jaar dwangarbeid wat uitgedien moes word in die gevangenis te Robbeneiland. Die strawwe vir diefstal was oor die algemeen swaar en drie jaar, vyf jaar en sewe jaar termyne is dikwels opgelê; ander sake wat ook voorgekom het was aanranding, manslag, sodomie en verkragting. 'n Blanke man is by een geleentheid vir veertien jaar na die strafkolonie, Nieu-Suid-Wallis, gestuur as gevolg van die feit dat hy hom aan verkragting skuldig gemaak het; Ses-tien sake waarby slawe betrokke was, het vanaf Mei 1828 tot September 1834 voor die rondgaande hof gedien. Dertien van hierdie sake was na aanleiding van klagtes van mishandeling deur eienaars. Tien van die slawe-eienaars is skuldig bevind en die swaarste straf wat 'n eienaar opgelê is, was £30 boete en die slawe wat in die geval mishandel is, is deur die kroon gekonfiskeer.<sup>50)</sup>

Die posisie wat misdaad aanbetrif was egter in die algemeen gunstig vir die distrik. Dit word miskien die beste omskryf deur die samesteller van die Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack van 1833. "The compiler may, however, state that the results shown are favorable to the district. Crime and the litigious spirit which characterises many small communities, are at a very low ebb in Swellendam; may they long continue so."<sup>51)</sup>

#### Die Spesiale Regter.

Die wet wat die vrystelling van die slawe afgekondig het, het daarvoor voorsiening gemaak dat die Kaapkolonie

50. I/SWM I6/32, I6/33, I6/34: Klerk van die Vredegeregt, Uitgaande briewe, Mei 1828-Januarie 1842.

51. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1833, p. 175.

in twee en twintig spesiale magistraatsdistrikte verdeel word en dat in elke distrik 'n spesiale regter aangestel word. Die Swellendamse distrik was spesiale distrik nr. 8, volgens hierdie indeling, en die spesiale regter wat aangestel is, was James Barnes. Hierdie regters is aangestel deur die Sekretaris vir Koloniale Sake.<sup>52)</sup> Hulle moes in die betrokke distrik woonagtig woes en moes minstens twee keer 'n week sittings hou in verband met sake wat voortgespruit het uit die vrystelling van die slawe. Hulle moes alle "apprentices" - soos die vrygestelde slawe na hul vrystelling genoem is - elke ses maande besoek en twee keer 'n week hofsittings hou. Hulle moes klagtes van die "apprentices" aanhoor en verhoor; "punishments, contracts, apprenticeship of children, all came under their jurisdiction."<sup>53)</sup> Hulle het dus hoofsaaklik die pligte van die slawebeskermer oorgeneem, maar met groter magte.

Barnes het sy werk ernstig opgeneem. Reeds aan die begin het hy sy beleid duidelik uiteengesit: "ik had besloten by myn besoeke my niet te vergenoegen met de algemene vraag, maar in persoon de qualiteit en kwantiteit voedsel en klederen te zien, en de soort huisvesting aan ieder toegewezen, ...."<sup>54)</sup> Dit wil egter voorkom, dat wat die Swellendamse distrik aanbetref, hierdie pos oorbodig was en net so wel soos voorheen deur die klerk van die vredege-reg behartig kon gewees het en ook dat die regering afsydig gestaan het ten opsigte van die behoeftes van Barnes en sy personeel. By twee geleenthede het Barnes die aanmerking gemaak dat hy nie genoeg werk het nie. "I have not had half enough to employ me" en by 'n ander geleentheid skryf

---

52. C.O. 5979 Cape of Good Hope Blue Book, 1837, p. II9.

53. E.Hengherr: Emancipation and After, p. 47.

54. South African Commercial Advertiser, 6.5.1835.

hy: "If the number of my suitors does not very materially increase, I see no reason why the Civil Commissioner should not continue to afford me the accommodation for my Prisoners he does at present, which is sufficiently extensive."

Hy het selfs versoek dat die spesiale distrik van George ook by sy distrik gevoeg moes word.<sup>55)</sup> Barnes het periodiek hofsittings in Caledon gehou. Die reis- en verblyfkoste wat uitbetaal is, was egter so gering dat hy die onkoste wat hy op die wyse aangegaan het, uit sy eie sak moes verhaal. Ten spyte van briefwisseling om die posisie te verbeter - selfs met die Britse regering - is niks gedoen om hom tegemoet te kom nie. 'n Paar maande voordat hierdie poste afgeskaf is, skryf hy aan die regering: "I am well convinced of the great convenience derived by the Farmers and Apprentices, and of the saving to Government, in consequence of my holding sessions at Caledon ...., but I cannot afford to do so out of my salary of £300 per year; and therefore, unless an allowance for transport is made, I must for the future discontinue the practice and summon the parties here." Hierop het die regering soos volg geantwoord: "If the summoning of the parties .... should cause a greater expense, we may lament, but cannot prevent it. As to the inconvenience ...., the Farmers can only feel it in common with the mass of their countrymen."<sup>56)</sup>

Die regering was nie baie gretig om uitgawes aan te gaan ten opsigte van hierdie poste wat hul geskep het nie. Op 31 Augustus 1837 rapporteer Barnes in sy kwartaallikse verslag: "After the lapse of two years and three quarters, the bare walls and floors of two rooms in the district prison are provided for the reception of prisoners commit-

55. C.O. 441 Lett. Rec. from Special Justices: Barnes-Bell, 2.6.1835, no. 59 & 12.9.1835, no. 83.

56. C.O. 476 Lett. Rec. from Special Justices: Barnes-Bell, 5.2.1838, no. 13.

ted by me."<sup>57)</sup> Barnes se personeel bestaande uit 'n konstabiel en 'n klerk moes ook van tyd tot tyd lank wag vir hul karige salaris. Op 6 September 1836 skryf Barnes: "the members of my police force are much annoyed by applications for payment, which they are unable to meet, because they are unpaid." Dat Barnes se kantoor taamlik afgeskeep is deur die regering, blyk ook uit die feit dat die lede van sy personeel nie van woonkwartiere voorsien is nie en ook geen losiesbydrae ontvang het nie.<sup>58)</sup> Die salaris van die klerk was so gering dat Barnes gesukkel het om altyd 'n geskikte persoon in die hande te kry. In Maart 1836 berig hy dat hy sedert November 1835 sonder 'n klerk werk, aangesien hy nie teen die geringe salaris een kon kry nie. "My Journal has been copied for me by mr Rawstorne after office hours. A neighbour has kindly been my interpreter and my son has also assisted me."<sup>59)</sup>

Dit blyk uit 'n ontleding van die strawwe wat opgelê is dat baie min oortreders tronk toe gestuur is. Barnes het nege keer verslae ingestuur en ses keer kom die woorde met die volgende strekking daarin voor: "There are no prisoners in the gaol at present;" Ag en veertig "apprentices" is na die vrystellingdatum van 1.12.1838 gevonnis om sekere termyne, wat gewissel het van drie dae tot twee jaar en drie maande, by hul eienaars uit te dien.<sup>60)</sup>

Teen Augustus 1838 was die oorgangsperiode, wat bepaal is vir die vrystelling van die slawe, verstreke en het die poste van spesiale regters verval. Op 4 Desember 1838 - drie

57. C.O. 465 Lett. Rec. from Special Justices: Barnes-Bell, 31.8.1837, no. 97.

58. C.O. 452 Lett. Rec. from Special Justices: Barnes-Bell, 31.8.1836, no. 76 & 6.9.1836, no. 77.

59. Ibid., 21.3.1836, no. 24.

60. C.O. 476 Lett. Rec. from Special Justices: Barnes-Bell, 20.8.1838, no. 62.

dae nadat die "apprentices" hul vryheid verkry het - rapporteer Barnes soos volg: "I Have much pleasure in stating that no disturbance among the emancipated apprentices, or other portions of the community .....I may add that during the latter part of my stay at Swellendam, the greatest order reigned throughout the village, and I did not witness a single instance of disorderly conduct." Op II Desember skryf hy weer eens van "continued tranquillity of all classes in the village and neighbourhood." Dit blyk dat baie van die eertydse "apprentices" aangebly het by hul eienaars om eers te help met die inhaal van die oeste, "but intending, when that is over, to leave them."<sup>61)</sup>

James Barnes is vanaf I Januarie 1839 as resident-magistrate op Caledon aangestel.<sup>62)</sup>

#### Die Adjunk-Balju.

Die pos van balju is op I Januarie 1828 vir die beter en meer doeltreffende administrasie van die regsspraak in die kolonie ingevoer. Sy plig was om uitvoering te gee aan al die uitsprake van die hooggereghof en die rondgaande howe. Vir dié doel moes hy adjunk-balju's, vir wie se opotrede hy verantwoordelik was, aanstel vir elk van die distrikte. Hierdie adjunk-balju's het in die distrikte dieselfde gesag gehad as wat die balju in Kaapstad gehad het en hulle moes aan die balju alle gelde wat hulle invorder, oordra. Hulle is voorsien van kort "pointed staves" wat hulle moes toon indien hulle ouoriteit in twyfel getrek was en hulle is ook toegelaat om 'n pistool te dra wanneer hulle prisoniers vergesel of agtervolg het.<sup>63)</sup>

61. C.O. 476 Lett. Rec. from Special Justices: Barnes-Bell,  
4.I2.I838, no. I07 en II.I2.I838, no. I24.

62. C.O. 5980 Cape of Good Hope Blue Book; p. I09.

63. The Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, I830, p. I90; Theal: Records of the Cape Colony, Vol. XXXV, p. I28.

Op 5 Januarie 1829 is Joseph Barry as eerste adjunk-balju aangestel vir die Swellendam-, Worcester- en Beaufort-afdelings.<sup>64)</sup> Die ruiter gekleed in die swart mondering en swart hoed het 'n bekende op die boere se plase geword. Barry se omswerwinge tussen die plase om handel te dryf, het hom baie gehelp om die distrikte en hul inwoners goed te leer ken, wat hom weer goed te staan gekom het in sy werk as adjunk-balju. In 1862 getuig G. van Oudtshoorn, si-viele kommissaris van Swellendam, soos volg van Joseph Barry in hierdie hoedanigheid: "When but a clerk in the Government Service in 1836, he had known Mr Barry as Sheriff, and it was remarkable that his accounts were always kept in good order."<sup>65)</sup>

#### Die Klerk van die Vredegeregt.

Die Oktrooi van Justisie van 1827 het ook voorsiening gemaak vir een "Clerk of the Peace," vir elke distrik. Die klerk van die vredegeregt het as publieke vervolger opgetree in alle openbare misdade en oortredings en dit voor die hof van die resident-magistraat gebring. Hulle het ook opgetree as publieke vervolgers tydens sake wat deur die rondgaande hof behandel is, behalwe waar die prokureur-generaal dit goed gedink het om iemand anders te benoem. Deur Ordonnansie 73 van 1830 is die klerk van die vredegeregt in alle sake met betrekking tot kriminele procedures in verband met 'n misdaad of oortreding onder die kontrole van die prokureur-generaal gestel.<sup>66)</sup>

Hierdie amptenaar het ook polisiepligte vervul. Vir hierdie doel het hy konstabels gehad om hom te help. Na

64. Government Gazette, 16.I.1829, no. 1201.

65. Overberg Courant, 27.8.1862.

66. C.G. Botha: Openbare Argiewe van Suid-Afrika, pp. 45-46.

die afskaffing van die pos van assistent-slawebeskermer in die distrikte in September 1831, moes die klerk van die vredegeregt ook as slawebeskermer in sy distrik optree.<sup>67)</sup>

Gedurende die tydperk 1828 tot 1841 het slegs twee persone hierdie pos in Swellendam beklee, naamlik J.F. Bam vanaf 1828 tot einde 1838 en daarna W.Harding. Tot die einde van 1837 het die klerk van die vredegeregt, een klerk gehad maar daarna is hierdie pos afgeskaf.<sup>68)</sup>

#### Die Tronkbewaarder.

Die klein salarissie van £40 per jaar, het veroorsaak dat hierdie pos nie juis die beste tipe persoon getrek het nie. In Augustus 1830 is die tronkbewaarder byvoorbeeld ontslaan omdat hy hom skuldig gemaak het aan onsedelike gedrag met een van die Hottentotprisoniers.<sup>69)</sup> Sy opvolger het ook nie lank gehou nie want in April 1833 word ook hy as gevolg van herhaalde drankmisbruik ontslaan.<sup>70)</sup> Vanaf April 1833 het G.Kolwer hierdie pos beklee. Hy was blykbaar bekwaam en sober en is ook in Mei 1836 aangestel as posmeester, waardeur hy sy karige salaris kon aanvul. Aan die einde van 1841 was Kolwer nog steeds die bekleer van hierdie twee poste.

Die tronk was onder die jurisdiksie van die magistraat. Die personeel het bestaan uit een tronkbewaarder en 'n aantal blanke en nie-blanke konstabels, aangestel deur die goewerneur.

Die distriksgeneesheer het die tronk daagliks besoek.

In 1828 was daar nog geen skeiding tussen die geslagte in

67. C.O. 490I Lett. Des.: Bell-Rivers, 2.9.1831, p. 46I.

68. C.O. 5980 Cape of Good Hope Blue Book, I.II.1838, p. 102.

69. C.O. 4900 Lett. Des.: Bell-Rivers, 4.8.1830, p. 279.

70. C.O. 2740 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 21.4.1833, no. 25.

die tronk nie. Gedurende 1829 is egter 'n partisie gebou sodat die geslagte van toe af apart was. Dit word egter toe al aangedui dat die skuldenaars ("debtors") geskei word van die ander gevangenis.

Volgens 'n beskrywing van 1832 het die tronk soos volg daar uitgesien. Daar is twee afdelings, elk met sy eie pri-vaat, en 'n groot agterplaas vir oefening en vars lug. Daar is ook kamers aan die buitekant van die tronkmuur, een wat deur die geneesheer gebruik word en die ander vir verblyf-plek vir die tronkbewaarder en konstabels. Die tronk kon vyftig prisoniers huisves. Manlike prisoniers word geskei van die vroulike prisoniers.<sup>71)</sup>

Vir baie agtereenvolgende jare kom woorde met die vol-gende strekking in die verslag van die tronkbewaarder voor: "The wall separating the two yards is not sufficiently high to prevent the male and female prisoners from seeing and conversing with each other. If another airing yard were added and some trifling alterations made in the plan of the apart-ments, a more effectual classification could be devised."<sup>72)</sup>

In 1836 is twee addisionele selle aangebring vir die prisoniers wat deur die spesiale regter gevonnis is.<sup>73)</sup> Ver-der is gedurende die periode tot 1841 geen verbeteringe aan-gebring nie. In 1838 besoek die reisiger, James Backhouse, die tronk en skryf hy van die selle as "tolerably commodious". Hy verwys ook na die "stocks" wat in die slaapkwartiere aan-wesig is. Tydens sy besoek was daar agtien prisoniers in die tronk. 'n Groot aantal van hulle was bandiete wat in ket-tings op die paaie gewerk het. Slegs een was 'n blanke, 'n

---

71. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Alma-nack, 1832, p. 163.

72. Cape of Good Hope Blue Books, 1830-1836.

73. C.O. 2769 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 26.6.1837, no. 26.

inwoner van Londen, die res was Hottentotte en ander nie-blankes.<sup>74)</sup>

### Vrederegters.

Die Regsoktrooi van 1827 het ook voorsiening gemaak vir die instelling van vrederogter. Tot vrederegters is vooraanstaande persone uit die dorp en distrik benoem. Hulle het egter geen vergoeding ontvang nie.

Van hierdie amp skryf Walker soos volg: "The Field Cornets lost their petty Judicial powers other than the mere conducting of inquests and preliminary examinations, while the Justices of the Peace, who supplemented them were little more than ornamental."<sup>75)</sup> Ten spyte van Walker se aanmerking vind ons dat veral vrederegter Benjamin Moodie, dikwels voorlopige verhore waargeneem het, veral in sake wat die slawe geraak het.<sup>76)</sup>

74. J. Backhouse: A Narrative of a visit to Mauritius and South Africa, p. 94.

75. E.A. Walker: A History of South Africa, Third Edition, p. 164.

76. I/SWM: I6/6a, pp. 54-68.

HOOFSTUK II.VERBINDINGS.Paaie en Vervoer.

Die roete tussen Kaapstad en Grahamstad het deur die Swellendamse distrik geloop. Hierdie roete is in dié dae dikwels gebruik deur verskeie regeringsamptenare - insluitende die goewerneurs - asook reisigers en boere wat hul produkte na die Kaapse mark geneem het. Omdat die pad so dikwels gebruik is, vind ons die volgende informasie in verband met die roete in die Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack van 1832: Voordat 'n voornemende reisiger begin, moes hy eers van die koloniale kantoor, "an order to press horses in case of refusal, (which seldom occurs) he paying for the same," verkry. Hy moes dan sterk perde in die hande kry en 'n goeie gids wat hom so ver kon neem as Swellendam; verkieslik so ver as moontlik deur die genoemde distrik, aangesien die inwoners van die distrik, "do not show too many tender mercies to the stranger's pocket." Hy moes verkieslik sy eie saal gebruik en hom bewapen met, "a comforter, that is a small vessel of right good cognac," wat hom baie sou help tydens die vermoedende rit; 'n reënjas wat hom sou beskerm teen die koue en reën was noodsaaklik; 'n breerandhoed as beskerming teen die son en 'n tas waarin 'n ekstra hemp gehou kon word was ook handig. Hy moes ook saamneem snuif, wat hom sou bevriend met die ouer dames ("the way to their hearts lying through the nostrils"), mooi glimlaggies en "small-talk" vir die jonger geslag en indien moontlik, "a slight smattering of Dutch, to maintain a conversation with the good man about wines, and his wagons, cattle and kraals."

Indien hy gevra word of hy wou saameet, moes hy nie antwoord, "thank ye" nie, aangesien die Hollandse boer dit interpreteer as negatief. "Ja Mynheer," is die antwoord wat hom sou verseker van 'n lekker bord kos. Hy sou vind dat die boere gasvry, vriendelik, eenvoudig en ongesofistikeerd was, "a fine race of people, only wanting the promethean touch of education, and the advantage of refined society, to rank them with the first and fairest of nations."<sup>I)</sup>

Die roete te perd vanaf Kaapstad tot by die Gouritzrivier was soos volg:

	H[ours]	M[inutes]
"Eerste River, Drift at the late D. Brink's .....	3	0
Somerset, Hottentots-Holland .....	0	45
Sir Lowry's Pass	I	0
Palmiet Rivier	I	20
Houw Hoek Toll, Mrs Chambers, +	I	0
Bot Rivier, Field-cornet de Kock	I	0
Boontjes Kraal	I	0
Caledon Village and Bath +	I	0
Roodebloems Kraal	0	45
Zand Drift, B. van Dyk	0	45
Rivier zonder End, Field-cornet Linde's	2	0
Drooge Boom	0	45
Tyger Hoek	0	15
Appels Kraal, Mrs Knobelauch +	0	30
St. Helena Bay	0	25
Field-cornet Eksteen	0	12
Storm's Valley	0	25
Ditto, ditto, Capt. Hopsons	0	25
Hesquas Kloof, van Eeden	I	0
Field-cornet, P. Human	I	0

Ferry at Breede Rivier	0	40
Swellendam	<u>0</u>	45
	<u>20</u>	
Buffeljagts Rivier, Human	I	0
Riet kuil, P.Swart +	I	0
Karnemelks Rivier, Field-cornet Uys	0	45
Slange Rivier Drift	0	30
Hooi Kraal, J.Lotz	0	30
Duivenhoks Rivier, Niekerk's	0	I5
Krombeks Rivier, C.Human	0	25
Kweek Kraal	I	I5
Riversdale	I	25
Kaffer-kuils Riviers Drift, J.G. du Preez	0	I5
Valsch Riviers Drift	2	0
Gouritz Rivier, Hell Drift	<u>2</u>	<u>0</u>
	<u>II</u>	<u>20</u>

✓ And hence through Attaques Kloof into Tange Kloof. More than one fourth may be added to these distances when travelling in a Horsewagon.

At the places marked +, and at J.P.Muller's, in the Village of Swellendam, accommodation can be obtained by Travellers.<sup>2)</sup>

Die paaie was in daardie dae ru, vol slaggate en driwwe. Slegs wanneer die regter van die rondgaande hof, of een of ander belangrike regeringsamptenaar van 'n pad gebruik sou maak, is 'n poging aangewend om die pad rybaar te maak. Waens is dikwels ure lank vertraag, partykeer selfs vir dae, by 'n driffie, as gevolg van die agterlosigheid van die kontrakteur, of die naaste bewoner "who is bound by the terms under which he holds his property, immediately to repair it after rains."<sup>3)</sup> Die stampe wat verduur moes

2. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1841, pp. 353-354.

3. S.O. 3/20 A: Rogers-Bell, Augustus 1829.

word volgens J.Bunbury - 'n reisiger wat in 1838 vanaf Kaapstad na Swellendam gereis het - was iets onbeskryfliks. Teen die einde van die tweede dag, sê hy, was sy hele lyf seer.<sup>4)</sup>

Tydens die regering van sir Lowry Cole het 'n gebeurtenis van groot betekenis vir die Overbergers plaasgevind. Die goewerneur het naamlik gelas dat die pad oor die Hottentots-Holland heeltemal herbou moes word. Die ou pad oor die Hottentots-Hollandberge was baie gevaarlik. Dit was so steil - veral aan die seekant - en rotsagtig dat die waens verby die osse kon loop ten spyte van remme en kettings wat dit probeer verhoed het. Die boere was dikwels verplig om hulle waens bo-op die berg af te laai en die goedere op pakdiere oor te laai. Die waens is dan leeg die berg afgeneem. Onder moes die waens weer gelaai word, voordat die reis voortgesit kon word. Dikwels het 'n boer twee tot drie waens gebruik, en 'n mens kan besef watter beslommernis dit moes meegebring het. Vir die Swellendammers was 'n besoek aan die Kaapse mark dus 'n duur onderneming.<sup>5)</sup> 'n Kaapse wa en span osse het ongeveer £70 gekos en 'n vrag bestaande uit ses en dertig boesels graan kon slegs £II in Kaapstad verdien na veertien dae se swoeg en sweet vanaf byvoorbeeld Grootvadersbosch in die distrik.<sup>6)</sup> Die boer se waens kon slegs een of twee keer so 'n tog onderneem, voor dat groot herstelwerk nodig was. Die boer was ook nooit seker van hoe die Kaapse mark was nie. Dit alles het meegebring dat 'n boer maklik vir 'n tydperk van twee maande kon weg wees van sy plaas af. Nadat hy sy onkoste afgetrek

4. J.Bunbury: Journal of a Residence at The Cape, p. 94.

5. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, pp. I3-I4.

6. E.H.Burrows: The Moodies of Melsetter, p. 89.

het, kon hy nie veel wins wys vir sy moeite nie.

Die werk aan die pas is in Desember 1828 begin onder leiding van majoor Mitchell. Die harde arbeid is deur bandiete verrig, van wie heelparty ook uit die tronk in Swellendam gekom het.<sup>7)</sup> Die werk is voltooi en die pas geopen op 25 November 1829. Die koste verbonde aan die maak van die pad was minder as £3000.<sup>8)</sup> Aangesien die pas die enigste weg na Swellendam en Suidwes-Kaapland was, was die pas van sir Lowry Cole 'n geweldige bate vir die Kolonie en sy inwoners. Een van die boere het beweer dat die nuwe pas "saved him a wagon per year." Daar is na die voltooiing van die pas twee keer soveel graan gekweek in die Overberg en twee keer soveel waens het die pas gebruik en die tolhek het £365 per jaar gelewer.<sup>9)</sup>

✓ Tussen die Palmiet- en Botriviere is nog 'n pas, bekend as die Houwhoekpas. Onmiddellik na voltooiing van Sir Lowry'spas is ook met die herbouing van hierdie pas 'n aanvang gemaak en op 13 April 1831 is dit geopen. Die koste verbonde aan die maak van hierdie pas was £600. Dit het alles daartoe gelei dat die inwoners van die Swellendamse distrik 'n bedankingsbrief aan sir Lowry Cole gestuur het, voordat hy die Kolonie verlaat het. Hulle het hom bedank vir die feit dat hulle hul produkte makliker na die Kaapse mark kon vervoer as gevolg van die nuwe paaie wat hy laat bou het by die Hottentots-Holland- en Houwhoekberge en die verbetering van paaie en passe in die distrik soos byvoorbeeld Plattekloof, wat daartoe gelei het dat hulle

---

7. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1831, p. 232.

8. Ibid., p. 218; volgens Theal se History of South Africa 1795-1872, Vol. II, p. 24, was dit £70II.

9. Bunbury: Journal of a Residence at The Cape of Good Hope, p. 92.

maklike toegang verkry het tot Port Beaufort.<sup>IO)</sup>

Met die voltooiing van die nuwe pas oor die Hottentots-Hollandberge, het dit nodig geword dat die ou tolhek by Hottentots-Hollandkloof afgeskaf word en dat 'n nuwe tolhek ingestel word. Die tolhek het nou ook onder beheer gekom van die siviele kommissaris van Stellenbosch - vroeër was dit die verantwoordelikheid van die siviele kommissaris van Swellendam. Die tolhek, soos ook die geval was met al die tolhekke in die Swellendamse distrik, is jaarliks per tender uitgegee. Ons vind dat Rivers van jaar tot jaar tenders vra vir die tolhekke by Houwhoek, Goeree's Hoogte (voor 15.7.1830), Hottentots-Holland (voor 1830), Cogmanskloof, Plattekloof ens. Die tolhekke by albei ingange tot die dorp is aan die einde van 1828 afgeskaf en so ook die tolhek by Goeree's Hoogte op 15.7.1830.<sup>II)</sup> Hier volg 'n voorbeeld van die fooie wat betaalbaar was by so 'n tolhek. In hierdie geval die nuwe tolhek by Hottentots-Holland:

	Oos/Wes	Wes/O-
Vir elke was ("pleasure wagon") getrek deur 6 of meer perde, muile of donkies	2/-	2/-
Bogenoemde getrek deur 4 ditto, ditto ....	I/6	I/6
" " " 2 " " ....	I/-	I/-
" " " I " " ....	9d.	9d.
Vir elke perd, muil of donkie onder die saal	3d.	3d.
Vir elke wa (vir vervoer van produkte) getrek deur 6 of meer perde, muile, donkies of osse	I/6	I/-
Bogenoemde getrek deur 4 ditto, ditto ....	I/-	9d.
" " " 2 " " ....	9d.	6d.

IO. C.O. 3966 Memorials Received, 5.8.1833.

II. C.O. 4898 Lett. Des.: Bell-Rivers, 28.IO.1828, p. 83;  
4900 Lett. Des.: Bell-Rivers, 15.7.1830, p. 244.

	Oos/Wes	Wes/Oos
Beeste per kop	$\frac{1}{2}$ d.	0
Vir elke 3 skape, bokke of varke	$\frac{1}{2}$ d.	0

Wat die openbare vervoer aanbetrif, het daar in 1839 'n belangrike voorwaartse stap gekom. Die volgende kennisgewing verskyn in die Staatskoerant van II.I.1839.

"Swellendam Post Wagon."

The public are informed that a commodious wagon will leave Swellendam on Tuesday the 1st. day of January, and arrive in Cape Town on Thursday following, and start again from Cape Town on Monday morning at 7 o'clock and will continue to leave on those days every second week." Die tariewe was soos volg:

Vanaf Kaapstad tot Hottentots-Holland .....	I2/-
" " " Caldon .....	£I-I-6
" " " Veldkommandant Linde se plaas ..	£I-6-0
" " " Swellendam .....	£I-I3-0

Kinders onder tien jaar oud en sitplekke op die agterste deel van die koets was teen halfprys. Indien 'n familie die hele poskoets bespreek het, het hulle £II-0-0 betaal. Bagasie en pakkette kon saamgeneem word, indien dit nie te groot of te swaar was nie. Die firma in beheer van die poskoets het voorsiening gemaak vir akkommodasie langs die roete teen billike tariewe. Persone wat plekke wou bespreek moes dit by die agente te Kaapstad, Sir Lowry'spas, Caledon en Swellendam doen. Die direkteure van die firma was mnre. J.G. Aspelung, J.E. Eksteen en Joseph Barry. Die sekretaris was Alexander Reed.<sup>I3)</sup>

- 
- As gevolg van die ernstige perdesiekte-epidemie wat
- I2. Government Gazette, 28.5.1830, no. I272.
- I3. Government Gazette, II.I.1839, no. I725.

in 1839 geheers het, is die tariewe na die begin van die diens verhoog. Die reis tussen Kaapstad en Swellendam is byvoorbeeld verhoog na £2-0-0.<sup>I4)</sup>

### Ponte.

Daar was in die tyd twee ponte op die Breërivier, elk een beman deur 'n pontbaas wat deur die regering aangestel en besoldig is. Vanaf 2 Maart 1838 is die pont by die Laer-Breërivier egter gestaak, en die boot is opgeveil en verkoop.<sup>I5)</sup> Hierdie ponte moes herhaaldelik herstel word. Tenders is dikwels gevra vir die herstel van die bote, en in die briefwisseling van daardie dae tussen die siviele kommissaris en die koloniale kantoor, neem hulle 'n prominente plek in.<sup>I6)</sup>

In 1833 is besluit om die "upper ferry" te vervang met 'n nuwe. Die tender is toegeken aan die veelsydige firma van Barry en Neefs.<sup>I7)</sup> Hierdie pont is op voortreflike wyse gebou en die regeringsamptenaar, 'n sekere Skirrow, wat die pont kom inspekteer het voordat dit in gebruik geneem is, was hoogs tevreden met die werk wat gelewer is. In 1841 is weer eens 'n nuwe pont gebou en dit is op 17.9.1841 in gebruik geneem.<sup>I8)</sup>

I4. Government Gazette, 22.3.1839, no. I735.

I5. C.O. 4910 Lett. Des.: Bell-Rivers, 13.3.1838, p. 324.

I6. Sien C.O. 2701, no. 56; C.O. 2701, no. 87; C.O. 2701, no. I24; C.O. 2701, no. I43; C.O. 2714, no. I35 ens.

I7. C.O. 2740 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 3.6.1833, no. 27; C.O. 4903 Lett. Des.: Bell-Rivers, 22.2.1833, p. 252.

I8. C.O. 4915 Lett. Des.: Bell-Rivers, 17.9.1841, p. 465.

Die koste om die Breerivier met die pont oor te steek was:

Vir 'n gelaaid wa	I/I0
Vir 'n leë wa	I/I $\frac{1}{2}$
Vir 'n gelaaid kar	II <sup>d.</sup>
Vir 'n leë kar	6 <sup>d.</sup>
Vir 'n ryperd	4 $\frac{1}{2}$ <sup>d.</sup>
Vir 'n los perd of os	2 $\frac{1}{2}$ <sup>d.</sup>
Vir elke 25 skape of bokke	2 <sup>d.</sup>
Vir elke persoon te voet	2 <sup>d.</sup>

#### Die Poswese

Tot 1827 was vooruitbetaling op private briewe verplig tend maar hierdie betaling kon slegs in die poskantoor in Kaapstad gedoen word, aangesien die landdrosposmeesters - gewoonlik een van die klerke van die landdros - nie toegelaat is om posgeld in te vorder nie. Die reëling was dus soos volg: Die posgeld op 'n brief in Kaapstad gepos na byvoorbeeld Swellendam, moes vooruit in Kaapstad betaal word, en vanuit die teenoorgestelde rigting moes die posgeld in alle geval ook in Kaapstad, by aflewering, ingevorder word. Kapenaars was dus verplig om posgeld in beide rigtings te betaal. 'n Brief van Swellendam na die Paarl, of enige ander dorp, moes eers na Kaapstad versend word. Vanuit die Kaapstadse poskantoor is die geadresseerde in die betrokke dorp in kennis gestel dat daar 'n brief, waarop posgeld verskuldig was, in Kaapstad aangekom het en dat hy eers die posgeld moes aanstuur. Dieselfde prosedure het gegeld ten opsigte van briewe vir Swellendam - of alle binnelandse dorpies - wat in Kaapstad vanuit die buiteland ontvang is. Op sulke briewe is die posgeld oorsee

betaal tot by Kaapstad. Die gevolglike ophoping van brieke wat afgehaal moes word, het veel ongerief veroorsaak. In 1827 is eindelik besluit om die betaling van posgeld by aflewering ook by buiteposkantore toe te laat.

Die posgeld is bereken volgens die afstand wat 'n brief vervoer moes word en tweedens, volgens die aantal velle papier waaruit dit bestaan het. In 1826 was die volgende tariewe van toepassing op 'n brief met een vel - vir meer velle is die posgeld dienooreenkomsdig vermeerder: Tussen Kaapstad en Swellendam ..... 7<sup>d.</sup> I9)

Die salaris verbonde aan 'n posmeesterskap was destyds uiters gering, naamlik £20, en gevoglik het die posmeesters mekaar ook maar snel opgevolg. Voordat G.Kolwer, die tronkbewaarder, in Mei 1836 ook posmeester geword het, was daar vanaf 1828 drie persone wat hierdie werk gedoen het.<sup>20)</sup>

Die hoofposroete na die oosgrens het deur die Swellendamse distrik geloop. Die aflewering van die pos het per kontrak geskied. Die volgende kennisgewing in die Staatskoerant van 1828 toon hoe dit geskied het:

"General Post Office.

Cape Town, 26th, September, 1828.

Notice is hereby given, that sealed tenders will be received for contracting for the transmission of the following WEEKLY INLAND MAIls, at the rate of travelling in hours affixed to each Post Town, and back again in the same time. The contract to be for TWO YEARS, to commence the 1st. January, 1829, and to end the 31st. December, 1830.

---

I9. L.J.Conradie: Spaanders wat vlieg, pp. 29-31.

20. C.O. 4898 Lett. Des.: Bell-Rivers, 22.I0.1828, p. 74; C.O. 4907 Lett. Des.: Bell-Rivers, 18.5.1836, p. 339.

From Cape Town to Swellendam ..... 28 hours

" Swellendam " George ..... 26 "

Branch Posts.

From Swellendam to Port Beaufort ..... 6 hours."<sup>21)</sup>

Die kontrak is in 1828 as volg toegeken:

Kaap na Swellendam - mnre. Theunissen en Zietsman.

Ag en twintig perde was nodig vir hierdie deel van die roete.

Swellendam na George - mnr. G.Meyer.

Ses en twintig perde was nodig vir hierdie deel van die roete.

Swellendam na Port Beaufort - mnr. Taute.

Ses perde is vir hierdie roete gebruik.<sup>22)</sup>

Die pos tussen Kaapstad en Grahamstad het twee perde vereis; een vir die ruiter en die ander vir die dra van die pos. Perde is gereeld omgeruil, vandaar dat ag en twintig perde gebruik is vanaf die Kaap tot op Swellendam en ses en twintig vanaf Swellendam tot op George.<sup>23)</sup>

Die pos is eenkeer per week uitgedra. Dit het Kaapstad elke Vrydagaand om 8.00 nm. verlaat en Sondagoggende om 6.00 vm. op Swellendam aangekom. Vanaf Swellendam het dit onmiddellik verder vertrek na die grens. Die pos vanaf die oosgrens het op Swellendam aangekom op Dinsdag-aande en onmiddellik verder vertrek na Kaapstad.<sup>24)</sup>

Vanaf I.I.1839 is 'n weeklikse posdiens ook ingestel

21. Government Gazette, 26.9.1828, no. II85.

22. The Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1828, p. 5.

23. Government Gazette, 26.9.1828, no. II85.

24. The Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1830, p. 226.

tussen Caledon en die veldkornetskap van Zoetendalsvallei en vanaf 1.I.1840 'n weeklikse posdiens tussen Swellendam en Zoetendalsvallei.<sup>25)</sup> Vanaf genoemde datum is daar bepaal dat die pos twee keer per week uitgedra sal word tussen Kaapstad en Grahamstad.<sup>26)</sup>

Regeringsbote is gebruik om die pos oor die Buffeljagts-, Kafferkuils-, Duivenhoks- en Vetteriviere te vervoer. Die persone wat die pos met behulp van die bote oor die riviere geneem het, het egter geen vergoeding vir hul moeite ontvang nie. Tussen die jare 1828 tot 1841 vind ons dat Rivers herhaaldelik tenders vra vir die herstel van die bote. Op 15.8.1833 verleen die regering toestemming dat vier nuwe bote gebou kon word deur die firma van Barry en Neefs teen 'n koste van £10-Is. per week.<sup>27)</sup>

Vanaf 1 Mei 1841 is die vervoer van die pos oor die genoemde riviere ook per tender uitgegee. Die kontrakteurs moes hul oie bote voorsien en die regeringsbote wat op die riviere gebruik is, kon oorgeneem word teen 'n billike prys. Die boot op die Vetterivier is egter afgeskaf.<sup>28)</sup>

#### Die Seeroete. (Port Beaufort)

Die hawe, Port Beaufort, was ongeveer veertig myl vanaf Swellendam aan die oostelike oewer in St. Sebastiaansbaai geleë. "Here where the Breede River disgorges its contents into the Indian Ocean, the heritage of three nations finds a common meeting ground."<sup>29)</sup>

25. Government Gazette: 6.II.1841, no. 1820.

26. Government Gazette: 7.6.1839, no. 1746.

27. C.O. 4903 Lett. Des.: Bell-Rivers, 15.8.1833, p. 471;  
C.O. 498 Lett. Rec. from Post: II.2.1841, no. 21.

28. Government Gazette: 12.3.1841, no. 1838.

29. E.H. Burrows: Overberg Outspan, p. 230.

Die Portugese het toentertyd al die mond van die Breërivier as die beste natuurlike hawe aan die suidelike punt van Afrika beskou. Vyf en sewentig jaar voordat Van Riebeeck na die Kaap gekom het, het een van Koning Sebastiaan se seevaarders, Manuel de Mesquita Perestrello, oor hierdie baai liries geraak.<sup>30)</sup> Hy het instruksies gehad "to survey the African coast in search of natural harbours suitable for wintering and sheltering from the gales from the westward that cause the heavy seas."<sup>31)</sup> Hy het gevind dat die Breëriviermond, "which is as large as the Tagus in front of Santarem," die beste aan hierdie vereiste voldoen. Hier is 'n skip - of inderdaad 'n hele vloot - beskermd teen alles behalwe die suidoostewind. Die baai het hy vernoem na sy koning.<sup>32)</sup>

Dan is daar blykbaar vir 'n periode van 200 jaar stilte wat die hawe aanbetrif. Gebrek aan varswater het seevaarders beweeg om elders aan te doen. Landdros A.Faure rapporteer egter aan goewerneur Yonge in 1800, dat hy die benedeloop en mond van die Breërivier ondersoek het, en gevind het dat dit bevaarbaar is "up to six hours inland, and there are excellent safe loading-places for small vessels along either bank."<sup>33)</sup> Hy beveel aan dat die rivier oopgestel word vir waterverkeer. Drie jaar later ontvang generaal Janssens dieselfde aanbeveling van Dirk Gysbert van Rheenen, eienaar van die plaas Rhenosterfontein. Van

30. G.M.Theal: Records of South East Africa, Vol.I, p. 3II.

31. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 230.

32. G.M.Theal: Records of South East Africa, vol. I, pp.3II-3I2.


33. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 23I.

✓ Rheenen sê die boere se produkte kon per boot vervoer word en gevolglik sou die inwoners van die distrik geweldig daarby baat. "It is only the expense connected with the transport of produce to the Cape that impoverishes the local inhabitants ... (transport) is the most difficult problem with which the farmer has to contend taking into consideration the distance of the farms and the bad state of the roads."<sup>34)</sup>

✓ Lord Charles Somerset het St. Sebastiaansbaai in 1817 laat opmeet. Daar is gevind dat die mond van die Breërivier vier binnegevaar kon word deur klein vaartuie wanneer die weer gunstig was en dat die rivier self vir ongeveer dertig myl vanaf die mond na die binneland bevaarbaar was vir bote wat nie meer as ses voet water verplaas het nie. Omdat dit toe al gelyk het asof die plek in 'n bedrywige hawe sou ontwikkel - in 1816 is 'n kushandel vanaf Port Beaufort na Kaapstad begin met twee klein vaartuie - en aangesien hy op daardie tydstip besig was om die kaart van Suidelike Afrika te vul met name van sy familielede, het hy die mond van die rivier Port Beaufort genoem - Beaufort was die titel van sy vader, "the Duke of Beaufort."<sup>35)</sup>

34. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 231.

35. G.M.Theal: History of South Africa, 1795-1872, Vol. I, p. 310; Die verdere ontwikkeling van Port Beaufort word bespreek onder hoofstuk III, Ekonomiese Ontwikkeling, vanaf p. 44.



HOOFSTUK III.EKONOMIESE ONTWIKKELING.Port Beaufort.

Dit was Benjamin Moodie - van immigrasiefaam - wat die inisiatief geneem het om 'n handelshuis by Port Beaufort te stig, en hy moet die krediet kry daarvoor dat skepe gereeld die hawe aangedoen het om handel te dryf.

Toe Moodie in 1819 die Kaap verlaat, mismoedig met sy pogings tot immigrasie, het hy hom na die Swellendamse distrik gewend, veral om hom daar op die verbouing van graan toe te lê.<sup>I)</sup> Hy het gou ontdek dat 'n goeie oes nie noodwendig die Swellendammers tot voordeel gestrek het nie. Dit was as gevolg van die Regering se verbod op die uitvoer van graan en veral as gevolg van vervoerprobleme. Die Hottentots-Hollandberge was die grootste enkele struikelblok, want dit was soos 'n muur tussen die vrugbare graanlande van die distrik en die enigste mark in Kaapstad. 'n Kaapse wa en span osse het ongeveer £70 gekos en 'n vrag bestaande uit ses en dertig boesels graan, kon slegs £II in Kaapstad verdien na veertien dae so swoeg en sweet vanaf sy plaas, Grootvadersbosch. Vroeg in 1820 het hy gevolglik begin om dit wat Van Rieenen twee dekades vroeër al voorgestel het, in die praktyk toe te pas. In medewerking met verskeie Kaapse handelaars soos byvoorbeeld Henry Nourse, Robertson en Venning, het hy die inisiatief geneem om 'n stoor by Port Beaufort te laat bou. Dit was met die grootste moeite dat hy uiteindelik daarin geslaag het om vyf en twintig persone oor te haal om elkeen Rds. 100 tot die oprigting van die stoor by te

---

I. Heelwat van die 1817 Setlaars wat deur Moodie na die Kaap uitgebring is, het hulle ook in die Swellendamse distrik gevestig.

dra. Donkin, die waarnemende goewerneur, het provisioneel 'n stuk grond van 3000 akkers by Port Beaufort aan die "subscribers" toegeken. 'n Stoer van 100 voet by agtien voet is dus opgerig.

Moodie was egter gedurende die volgende aantal jare nie teenwoordig om toe te sien dat sy onderneming uitgebou word nie en gevoglik het daar geen vooruitgang gekom nie. Toe hy vroeg in 1825 vanaf die Oostelike Provinsie terugkeer, moes hy ontdek dat 'n ander handelaar, Joseph Barry, 'n vastrapplek by Port Beaufort gekry het. "Joseph Barry pluk die vrugte van wat ons begin het" het Nourse in 1825 aan Moodie geskryf.<sup>2)</sup> Na sy terugkeer uit die Oostelike Provinsie het Moodie onmiddellik 'n nuwe venootskap met die Kaapse handelsonderneming, Venning, Robertson en Kie., gesluit. Die besigheid het spoedig verbeter en in 1825 skryf Moodie in sy dagboek: "It has not been unattended with advantage to the country in the neighbourhood..... and a considerable trade is now carried on."<sup>3)</sup>

Op 23 Januarie 1828 het William Dunn as resident van St. Sebastiaansbaai teen salaris van £150 per jaar, sy werkzaamhede by die hawe begin.<sup>4)</sup> Dunn het op aanbeveling van Henry Nourse na die Kaap gekom. Hy was vir 'n rukkie in Nourse se diens, maar in 1823 was hy 'n doeanebeampte in Port Elizabeth.<sup>5)</sup> Sy werk by Port Beaufort was om vir

2. ~~Drostdy Argief~~. Vertaal uit E.H.Burrows: The Moodies of Melsetter, p. 92.
3. Original Autobiography of Captain Benjamin Moodie.
4. P.J.Venter: Government Departments of the Cape of Good Hope 1806-1910, p. 187.
5. O.P.B. I/I (282) (37I) p. 26.

/die regering oor alle skeepvaart 'n waaksame oog te hou.

Op 28 Januarie het hy sy eerste verslag aan die regering gestuur. Hy het verskillende pligte gehad, onder andere moes hy alle vaartuie wat die hawe binnekom, bestyg en smokkclarye verhoed. Dic aanstelling van Dunn is 'n aanduiding van die belangrikheid van die Port Beaufort-handel op daardie tydstip. Die regering sou hom nooit aangestel het nie, as daar nie moontlikheid was dat dit 'n wins sou oplewer nie. 'n Aansienlike kushandel is in 1830 gerapporteer en die verwagting was dat, indien die oes goed sou wees, 'n groot uitvoer van graan sou plaasvind. Graan, vee ens. is toe ook alreeds na Mauritius uitgevoer.<sup>6)</sup>

Dunn was 'n vurige voorstander van Port Beaufort, en het hom onvermoeid daarvoor beywer dat die hawe ontwikkel moes word. Die talle briewe wat hy oor die onderwerp geskryf het, getuig egter dat hy nie baie realisties was nie. Party van sy aanbevelings was ietwat vergesog. Die volgende is voorbeeld om hierdie stelling te bewys. In sy briewe wat aan die Kaapse koloniale sekretaris gerig was, maak hy onder andere die volgende aanmerkings: Uit 'n militêre oogpunt gesien verdien Port Beaufort ernstige oorweging. Kannonneerbote kan op die Breërivier gebruik word. Hierdie posisie in die middel van die kolonie kan net so 'n belangrike vesting word as die kasteel in Kaapstad. Onderlinge naywer tussen die hawens kan egter 'n struikelblok wees. "I remember a captain at Port Elizabeth said in an unguarded moment, 'I will give this port such a character as shall deter others from coming here!'"<sup>7)</sup> die mond van die Breërivier is die benaming "Port L'Orient," waardig. Indien die handel tussen die Kaap en Mauritius

6. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1830, p. 226.

7. C.O. 410 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell, 18.I2.1832, no. 4.

✓ Tuitgebrei sou word, kon Kaapstad net so min met die Breë-rivier kompeteer as wat Liverpool kon kompeteer met Hull, vir sover dit die handel met die Oossee aangaan. Elke dag is 'n werkdag by die Breëriviermond en skepe van 150 ton kan met veiligheid anker gooい binne 'n paar tree van die strand af. Hy het die handelaars by Port Beaufort, mnre. Barry, Moodie en Robertson, meegedeel dat indien hulle nie begin handel dryf met Mauritius nie, hy verplig sou wees om die voordele van die hawe wêreldkundig te maak, en sou hy vreemdelinge aanmoedig om te kom deel in die voordele wat die hawe inhou.<sup>8)</sup> In Mei 1837 skryf hy ook aan die Staatskoerant in verband met Port Beaufort. Die grootste hindernis in die vooruitgang van die kolonie is die groot afstande waaroor produkte vervoer moet word. Indien die Breërivier egter bevaarbaar gemaak kon word tot by Worcester, sou dit 200 myl van vervoer oor land uitskakel. In die Breërivier is daar vier driwwe wat verhoed dat die rivier tot by Swellendam bevaarbaar is vir bote van ± 100 ton. Dic driwwe is van so 'n aard dat dit uitgeskakel en dieper gemaak kan word. Die boere is gretig om met hierdie taak te help.<sup>9)</sup> In 1836 rapporteer hy dat "the brig Skerne is on the sands before my door ..... Yet I boldly declare that I consider the Skerne's resting on the bar; struggling with breaker after breaker - drifting into the river and now settling before my door on a

8. C.O. 399 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell, 30.7.1831, no. 51.

9. Government Gazette: 12.5.1837, no. 1638.

feather-bed sand, as a wonderful proof of the safety of our port."<sup>IO</sup>) Hy het vergesigte gehad van dorpe wat langs die rivier gestig word, drywende graansuiers, meulens, 'n walvisstasie en visinmaakfabrieke. Hy het selfs sy uiterste geprobeer om die regering te oorreed om die hoofposroete na die oosgrens deur Port Beaufort te laat loop en in 1833 skryf hy: "I would submit to major Mitchell with confidence, that the road by this residency is by far the best and shortest to the frontier."<sup>II)</sup>

✓ Dunn se pleidooie het nie heeltemal op dowe ore gevallen nie, want Benjamin D'Urban het 'n ernstige voorneme gehad om die hawe te besoek en ondersoek in te stel na die moontlikhede wat dit bied.<sup>I2)</sup> Die vrystelling van die slawe en die oosgrensprobleme het hom egter daarvan weerhou om uitvoering te gee aan hierdie voorneme, ook sy opvolger, Napier, het nooit Port Beaufort besoek nie. In 'n brief van 10 April 1836 maak Dunn egter daarvan melding dat P. Brink, die ouditeur-generaal, die hawe besoek het.<sup>I3)</sup> Dit is opvallend dat Dunn se opvolger, G.M. Pedder, nie dieselfde entoesiasme ten opsigte van die moontlikhede van Port Beaufort gehad het nie. Na 'n doeglike ondersoek van die rivier so loop tot by Swellendam, maak hy die volgende verklering: "From every observation I have been enabled to make I think neither science or gold will

---

IO. C.O. 453 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell, 20.6.1836, no. 17.

II. C.O. 420 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell, 25.7.1833, no. 21.

I2. C.O. 4904 Lett. Des.: Bell-Rivers, II.4.1834, p. 455.

I3. C.O. 453 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell, 10.4.1836, no. 8.

ever remove the natural difficulties to any great extension of trade in the Breede River."<sup>I4</sup>) Twee maande later rapporteer hy dat drie vaartuie in St. Sebastiaansbaai teenspoed ondervind het. "The occurrences in the Breede river since I had the honour of last addressing you, has been such, as to confirm every statement, and opinion I have formed, as to its capabilities as a commercial port. The Hero, Africane and Legionier, all grounded in their attempt to ascend it, as well as on quitting the river, although the tides, and winds were favorable." Pedder, wat seker nie baie lus was vir die afsondering van St. Sebastiaansbaai nie, voeg dan by dat die Legionier by een geleentheid ses weke moes wag voordat hy die hawe kon verlaat, aangesien die kanaal, waarlangs hy die rivier binnegevaar het, toegespoeil het.<sup>I5)</sup>

Dunn se droom is egter wel later in 'n mate bewaarheid, want nie baie jare na sy dood nie, is die Breërivier oopgestel vir watervoerkeer tot by Malagas, vyf en twintig myl van die mond van die rivier af. 'n Stoomboot, die Kadie, van 158 ton, behorende aan die firma van Barry en Neefs, het gereeld Malagas besoek en handelsware ontskeep en opgelaaai.

In 1829 is Dunn se residensie na die westelike oewer van die rivier verskuif, waar hy gebly het tot sy dood in 1839. Port Beaufort, waar die store van die handelaars opgerig was, was ongeveer twee myl van die mond van die rivier geleë aan die oostelike oewer van die rivier. Die

---

I4. C.O. 49I Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Pedder-Bell, 21.4.1840, no. 33.

I5. Ibid., 1.6.1840, no. 35.

ankerplek waar die residensie geleë was, was aan die westelike oewer, naby die riviermond. Die skepe wat graan gelaai het, het van hierdie diep aanlêplek gebruik gemaak. Hierdie plek het beslist voordelc gebied bo Port Beaufort: Dit was beter geleë met betrekking tot die wind want by Port Beaufort is skepe dikwels opgehou as gevolg van ongunstige winde, terwyl vanaf die diep ankerplek skepe met die geringste windjie onmiddellik kon wegvaar. Waens kon ook die graan so naby as dertig tree van die skepe aflaai. Dic grootste voordeel was egter dat daar wel by die residensie varswater was - alhoewel van geringe omvang - terwyl by Port Beaufort daar so 'n gebrek aan varswater was "that the drink for a horse is often brought from a distance of thirty miles."

Voordat die residensie voltooi was, het Dunn 'n huis van Joseph Barry by Port Beaufort gehuur. Hy het gekla dat die huurgeld van Rds.40 per maand te hoog was, maar aangesien Port Beaufort op daardie tydstip slegs uit die huis en stoor van Robertson, die winkel van Barry, die subskripsiestoor, die huis wat hy gehuur het en 'n "cottage," bestaan het, het hy geen ander keuse gehad nie.<sup>16)</sup> Die goewerneur, sir Lowry Cole, het egter besluit dat die residensie op die westelike oewer van die rivier opgerig moes word. Vir hierdie geweldige taak het Dunn geen regeringshulp ontvang nie, ook nie vir sy soektog na varswater nie. Dit het Dunn finansieël gebreek en dit is duidelik uit sy briewe dat hy en sy familie in groot armoede

---

I6. C.O. 359 Lett. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell,  
28.2.1828, no. 78.

geleef het. Hy skryf: "My expenses at the deep anchorage in buying the land, in building myself a house and the making of water courses, purchasing boats, hiring servants at high wages in order to induce them to settle where the foot of man could scarcely be traced; have been very great."<sup>17)</sup> Op 24 September 1839 rapporteer ds. Robertson die sterfte van Dunn en versoek hy die regering om sy maandelikse salaris te bly betaal aan Dunn se weduwee tot aan die einde van die jaar, aangesien mev. Dunn en haar kinders sorgbehoewend nagelaat is.<sup>18)</sup> Hierdie versoek is toegestaan. "In his zeal to improve the residency he too often sacrificed the interests of his own family to what he deemed the public good," het ds. Robertson geskryf toe hy bovenoemde saak by Aspelinc, die waarnemende si-viele kommissaris, bepleit het.<sup>19)</sup> Dit is miskien gepas om Dunn se pogings om van Port Beaufort 'n vooruitstrewende hawe te maak, af te sluit met sy eie woorde: "I have fully succeeded in my efforts, and I render to the Cape community a Port and river which communicates with rich districts where an unlimited amount of grain be furnished for exportation; I have fully succeeded to procure fresh water and to convey it to the beach ..... with which ships have since been constantly supplied gratis; I have fully succeeded in erecting a residency fitted for public and private use. All this I have done without the government incurring a single farthing of expense."<sup>20)</sup>

I7. C.O. 432 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell, 24.3.1834, no. 10.

I8. C.O. 2784 Lett. Rec: Aspelinc-Bell, 24.9.1839, no. 102.

I9. Ibid., Robertson-Aspelinc, 23.9.1839, no. 102.

20. C.O. 420 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell, 25.7.1833, no. 21.

Die siviele kommissaris, H.Rivers, het hom ook beywer vir die bevordering van die handel op die Breërivier. Hy het byvoorbeeld geld verkry vir die bou van 'n nuwe pas oor die Langeberge by Plattekloof met die argument dat die pas onontbeerlik is vir die boere van die veldkornetskappe van Groote Zwart Berg, Langeberg en Tradouw om hulle graan by Port Beaufort te kry vir verskeping.<sup>21)</sup> Daar is alreeds in hierdie werk vermeld dat dit as gevolg van sy bemoeiing was dat Port Beaufort verhef is tot die status van 'n hawe toe 'n doeanebeampte in 1841 daar aangestel is.

Teen 1828 was daar dus twee store by Port Beaufort, "on the heights above the river's east bank: Moodie's and Barry's, they were called respectively, and there is no doubt that they were rivals."<sup>22)</sup> In 1835 skryf Dunn aan die regering in hierdie verband: "We have had two Gentlemen rivals in trade here, which obstructed all improvements - this is done away and I expect a good foreign trade."<sup>23)</sup>

Toe Joseph Barry se firma begin het om die boere se produkte te koop, en deur Port Beaufort te verskeep, "the Overberg blossomed forth like Namaqualand daisies in Spring."<sup>24)</sup> Joseph Barry het in 1819 met die kotter, "Duke of Gloucester," by Port Beaufort aangekom. Op daardie tydstip was daar 'n groot droogte in die distrik. Die regering het tenders gevra om graan en rys na die sendingstasies Genadendal en Zuurbraak te vervoer. Barry het suksesvol

21. C.O. 2740 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 31.5.1833, no. 26.

22. E.H.Burrows: The Moodies of Melsotter, p. 93.

23. C.O. 442 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell, 30.12.1835, no. 14.

24. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 233.

getender. Hy het die "Duke of Gloucester" van Steven Twycross gehuur en die graan na Port Beaufort verskeep.<sup>36)</sup> Die skip het op 28 April 1822 by die hawe aangekom, maar is op dieselfde dag weer die hawe uitgewaai deur 'n stormwind. Eers op 10 Mei 1822, kon die boot die hawe met veiligheid binnevaar en anker gooi.<sup>37)</sup> "A singular scene took place when the vessel arrived. The starving inhabitants had come from far inland, and about 500-600 wagons were assembled on the heights above the river mouth. Every grain of corn and rice was carefully stored and carried away by the hungry people."<sup>38)</sup> Barry het goeie winste gemaak uit hierdie onderneming. Gedurende hierdie tyd ontmoet hy mnr. Bam, 'n afslaer van Swellendam, en op sy voorstel besluit hy om handelsware en graan deur Port Beaufort te verskeep.<sup>39)</sup> Hierdie feit, tesame met die aanmoediging wat hy van Dirk Gysbert van Rijeenen van die plaas Rhenosterfontein ontvang het, het hom laat besluit om 'n klein handelshuis by Port Beaufort te bou.<sup>40)</sup> Die hawe se halfeeu van voorspoed is ingelui en dit was die begin van 'n ekonomiese oommekeer in die Overberg. Oornag het Joseph Barry die verouderde vervoergeriewe vervang deur 'n nuwe seeroete na die Kaapse mark. Die moeilike reise óor die Hottentots-Hollandkloof en Houwhoekberge met wa en osse was iets van die verlede. Die "Duke of Gloucester" het 'n

36. Overberg Courant, Vol. I, no. 46, 15.8.1860.

37. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 29.

38. Overberg Courant, Vol. III, no. 152, 22.2.1862.

39. Ibid., Vol. I, no. 46, 15.8.1860.

40. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 235.

einde gemaak aan die isolasie van die Overbergers. Joseph Barry het die produkte op die boere se plase gaan koop. Vir hulle was dit asof die berg na Mohammed gekom het.<sup>41)</sup>

In 1823 het sy neef, Thomas, by hom aangesluit en teen 1830 was hulle die besitters van 'n groot pakhuis by die hawe. Die prosedure wat gevolg is, was om handelsware van alle soorte soos klere, materiaal, tee, koffie, suiker, breekware, ysterware, landbouimplimente ens., per skip aan te bring na Port Beaufort. Hiervandaan is dit met ossewaens na Swellendam en later ook Riversdale vervoer.<sup>42)</sup>

Hawe-installasies kos egter baie geld en laaigeriewe was nodig om die naam van 'n hawe te regverdig. Nie een van die twee handelshuise - Barry en Moodie - was finansieel sterk genoeg om die bou van 'n hawehoof te onderneem nie. Dit was egter twee vooruitstrewende Kaapse sakemanne - Ewan Christian en Francis Collison - en Joseph Barry wat die leiding geneem het "in forming a Mercantile Establishment at Port Beaufort, and build(ing) by subscription at that place a store or Warehouse." Christian het belang gehad in die kusvaart, en Collison was 'n wynhandelaar - eienaar van die plaas Thornlands in die Buffeljagsrivier, wat sy wyn deur Port Beaufort wou uitvoer. Op dié wyse het die Port Beaufort Trading Company tot stand gekom.<sup>43)</sup> Dit blyk dat Barry en Moodie met mekaar verskil het in verband met die geldigheid van die toekenning van

41. E.H.Burrows: Overberg Outspan, pp. 257-258.

42. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 83.

43. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 236.

die stuk grond wat Donkin in 1820 aan die aandeelhouers geskenk het. Barry het die geldigheid van hierdie toekenning betwiss. Sir Lowry Cole het gevolglik op 31 December 1831 'n kompromis getrof. Hy het naamlik aangekondig dat Joseph Barry, Christian en Collison as trustees van die "Port Beaufort Trading Company" verantwoordelik sou wees "to administer the land he had granted them at Port Beaufort."<sup>44)</sup> Vyf jaar later word Ordonnansie nr. 7 van 1836 deur die Wetgewende Raad aangeneem, waardeur die funksies van die trustees omskryf word en voorsiening gemaak word vir 'n jaarlikse vergadering elke Augustus. Michiel van Breda het as voorsitter opgetree tydens die eerste vergadering wat in 1836 gehou is.

Baie Kapenaars het ook in hierdie onderneming belê, en hulle het 'n erf ontvang vir elke £2 aandeel wat hulle gekoop het. Negentig aandele is uitgereik <sup>45)</sup> in 1838 het die landmeter, W.M.Hopley, die erwe uitgemeet en 'n fooi van £18-18s. ontvang vir sy moeite. Spoedig egter het die firma van Barry en Neefs van die aandeelhouers uitgekoop, en het die verdeling soos volg daar uitgesien: Barrys 19; Collison 6; Christian 3; Van Breda, Joubert en Kie. 3; Moodie 1; Venning 1. In rüil vir die gebruik van die store by die hawe was Barry vir die herstel en instandhouding daarvan verantwoordelik "by putting a thatch called a Wolwe-end facing the sea and otherwise to do such necessary repairs as may be required to prevent the dilapidation of said store."<sup>46)</sup> Van die verwagting

44. E.H.Burrows: The Moodies of Melsetter, p. 93.

45. Drostdy Argief, no. 78: Minutes of the Port Beaufort Trading Company, 31.I.1836, p. I.

46. Ibid., p. 3.

dat 'n "Mercantile Establishment" tot stand sou kom, het egter niks gekom nie, aangesien die aandeelhouers nie huise op die erwe gebou het nie.<sup>47)</sup>

Kort na 1830 het Thomas Barry, die senior van die twee neefs, in bevel gekom van die Port Beaufortdeel van die Barry besigheid. Hy het hom permanent by die hawe gevestig. Onder sy leiding is die massieve stoor gebou, asook 'n wolstoor nader aan die riviermond. Die Barrys het die waterprobleem probeer oplos deur elke dag 150 gellinghouers vol te maak by Malagas en na die hawe te vervoer.<sup>48)</sup>

In verband met die waterprobleem is dit interessant om daarop te let dat Harry Rivers in 1825 voorgestel het dat 'n stoor "at the upper limit of navigability of the Breede River, which in all seasons, is at, or very near fresh water," gebou moes word. Hy het aangevoer dat dit ook die afstand wat die boere moes aflê om hul produkte by die hawe te kry, aansienlik sou verminder. Hierdie siening van hom was profeties want Malagas, dertig myl vanaf die mond van die Breërivier, sou wel later aangelê word.

Die maatskappy van Moodie, Venning en Robertson het teen 1831 belang verloor in Port Beaufort en besluit om hul aktiwiteite aldaar te staak. Moodie het 'n groot kans laat glip. Hy het nie daarin geslaag om die moontlikhede van die Breërivier as handelsroete uit te buit nie en dit

47. Statistical Register of the Cape Colony, C.C. Report, 1830.

48. E.H.Burrows: Overberg Outspan, pp. 241-242.

was miskien 'n groter nederlaag as die mislukking van sy immigrasieskema. Hy was egter nie 'n handelaar nie en dit sou iemand van die kaliber van Joseph Barry vereis om wat Moodie voorsien het, tot uitvoer te bring.

Intussen het die handel by Port Beaufort toegeneem en in 1836 skryf Dunn: "The prosperity of this part of the district of Swellendam is now very great - thousands of muids of grain have been purchased of the farmers and the salting of beef at Port Beaufort is carried on with great activity."<sup>49)</sup> In die amptelike verslae van 1840 lees ons: "Vessels from 50 to 100 and 120 tons are employed between Port Beaufort ..... and Table Bay, and Port Elizabeth, and there has been a considerable export of wool, butter, barley, aloes, and other produce from thence."<sup>50)</sup>

Om die omvang van die handel wat gedryf is te illustreer, word die statistiese gegewens ten opsigte van die uitvoer en invoer vir die tydperk Oktober 1837 tot Oktober 1838, aangegee:

Uitvoere: 69 kiste aalwyne; 26 bale wol; 2 kiste botter; 83 sakke boontjies; 22 sakke ertjies; 10 sakke mielies; 5 sakke lensies; 90 sakke patats; 3559 horings; 900 bokvelle; 747 skaapvelle; 185 beesvelle; 20 sakke rys; 9 bale gedroogte vrugte; 3 kiste tabak; 40 stawe yster; 6 "half pipes of wine"; 60 halfame brandewyn; 520 mud gars; 265 mud hawer; 444 mud meel; 6 mud koring.

Invoere: 3 skeepvragte bestaande uit: wahout, geelhoutplanke en -balke en stinkhout vanaf Knysna; 2 skeepsvragte bestaan-

49. C.O. 453 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell, 20.6.1836, no. I7.

50. C.O. 5982 Cape of Good Hope Blue Book, 1840, p. I82.

de uit algemene handelsware vanaf Kaapstad.<sup>51)</sup>

Hierdie hawe is nie net as handelshawe gebruik nie, maar het ook amptelike erkenning geniet, want in 'n brief gедateer 29 Julie 1836, het Rivers, die siviele kommissaris, opdrag ontvang dat tien bandiete vanaf Kaapstad na Attaquaskloof gestuur sal word via Port Beaufort, en wel aanboord die kotter, Legonier.<sup>52)</sup> 'n Groot struikelblok in verband met die gebruik van die hawe was die feit dat die seilbote van wind afhanklik was om veilig uit die hawe te kom. In 1830 is daar al voorgestel - vermoedelik deur Dunn - dat 'n boot, goed toegerus met manne wat kan roei, aangehou word om vaartuie in en uit die hawe te sleep, indien die wind nie gunstig is nie.<sup>53)</sup> "For the moment the anchor leaves the ground, the vessel becomes a victim to the wind and tide in the narrow channel of the river; thus: the Legonier touched the sand yesterday, but two of my men and two others from Port Beaufort went to her assistance and actually towed her over the bar." So skryf Dunn in 1830 nadat die boot, Legonier, moeilikheid ondervind het om die hawe uit te vaar.<sup>54)</sup> In 1832 is die Legonier weer by twee geleenthede die hawe uitgesleep. Ook hiervoor moes Dunn in private kapasiteit verantwoordelik gewees het, want die regering het van hulle kant gedurende hierdie jare niks gedoen om die hawe enigsins veiliger of doeltreffender te maak.

51. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1839, p. 344.

52. C.O. 4907 Lett. Des.: Bell-Rivers, 29.7.1836, p. 525.

53. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1831, p. 152.

54. C.O. 382 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay: Dunn-Bell, 7.5.1830, no. 29.

der vir skeepvaart te maak nie.<sup>55)</sup>

G.M. Pedder het vanaf 1 Januarie 1840 opgetree as resident op St. Sebastiaansbaai teen 'n salaris van £150 per jaar. Op 1 Oktober 1840 het Pedder kennis gekry dat hy aangestel is as hawekaptein van Tafelbaai.<sup>56)</sup> Die tyd het egter nou aangebreek dat Port Beaufort verhoogde status moes kry en in die Staatskoerant van 24 September 1841 verskyn die volgende kennisgewing:

"Custom House

Cape Town, 21 st. September, 1841.

Notice is hereby given, that the Right Honourable the Lords Commissioners of Her Majesty's Treasury have been pleased to authorize the appointment of an Officer, as Sub-Collector, Searcher, and Landing Waiter at Port Beaufort, San Sebastians Bay for the purpose of entering and clearing all vessels arriving from, and departing to the United Kingdom, or any of Her Majesty's Possessions abroad, as well as receiving on accounting to the Collector at this Port, for the duties due on their respective cargoes.

W. Field,

57)  
Collector of H.M. Customs."

Om hierdie pos te vul, is M.J. Blake vanaf 1 Oktober 1841 teen 'n salaris van £200 per jaar op tydelike basis aangestel.<sup>58)</sup> Op 24 Februarie 1842 is George Leith permanent in hierdie pos aangestel.<sup>59)</sup>

55. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1832, p. 160.

56. C.O. 5982 Cape of Good Hope Blue Book, 1840, pp. 89-90.

57. Government Gazette, no. 1866, 24.9.1841.

58. Ibid., no. 1867, 1.10.1841.

59. A. Buirsiki: The Barrys and the Overberg, p. II8.



PLATE X. BARRY AND NEPHEWS OF SWELLENDAM

The mercantile triumvirate of the Overberg. L. to R.: Thomas (1801-1876), Joseph (1796-1865) and John (1807-1871)

E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 278.

Om die omvang van die handel wat gedryf is onder die nuwe bedeling te illustreer, word die statistiese gegewens ten opsigte van uitvoer en invoer vir die tydperk Oktober 1842 tot Oktober 1843, aangegee:

"Imported from Great Britain	£3779
Foreign produce and manufacture	£ 138
	<u>£3917</u>
Exported to Great Britain	£27459
" " St. Helena	£ 307
" " Table Bay & Port Elizabeth	£673
	<u>£28439</u>
Total duties collected £240"	

Die belangrikste uitvoerprodukte was soos volg:

Wol .....	£15443
Aalwyne .....	£ 3539
Velle .....	£ 6489 60)

#### Barry en Neefs.

"As jy lekker wil lewe, koop by Barry en Newe," was vir baie jare 'n spreekwoord in die Overberg. Teen 1841 het die firma van Barry en Neefs se invloed gestrek vanaf die Rivieronderend in die weste tot by Mosselbaai en vanaf Worcester in die noorde tot by Port Beaufort, en hulle het kantore gehad in Kaapstad en Londen. By hierdie firma kon 'n voornemende koper alles van 'n naald tot 'n anker koop, want goedere van enige beskrywing het vanaf hul store die binneland ingestroom.

Joseph Barry, die oudste van die drie neefs, is gebore op 1 April 1796 naby Londen. In 1817 kom hy by die

Kaap aan as agent vir 'n Londense wynfirma.<sup>61)</sup> Hy open 'n stoer in Bergstraat, Kaapstad, waar hy 'n verskeidenheid van produkte verkoop het. Van sy pogings om die wynhandel te bevorder, het nie veel gekom nie, want Engelse invoerders het die Franse en Spaanse wyne verkies bo die Kaapse wyne en die depressie van 1818 in Engeland, het sake nie aangehelp nie.

In Februarie 1819, verlaat hy weer die Kaap. Terug in Londen, het sy gesondheid egter dermate verswak dat hy aangeraai is om hom permanent in 'n warmer klimaat te vestig.<sup>62)</sup> Hy besluit dus om terug te keer na die Kaap. Tydens sy eerste verblyf aan die Kaap, het hy bevriend geraak met D.G. van Reenen, eienaar van die plaas Renosterfontein in die Swellendamse distrik, wat ook 'n huis in Nuweland, Kaapstad, gehad het. Na sy terugkeer in 1819, het hy onmiddellik weer die bande hernu. By een geleentheid het hy vir Van Reenen vergesel na Rhenosterfontein, naby Port Beaufort. Dit was sy amptelike bekendstelling met die Overberg. Hy was diep beïndruk met die moontlikhede wat hierdie gebied ingehou het. Port Beaufort het hy besef, het die antwoord gebied op al die probleme van die Overberg.<sup>63)</sup>

Joseph en John - wat neefs was - het getrou met die susters Van Reenen - dogters van Jacob van Reenen, seun van Dirk Gysbert - terwyl Thomas - John se broer - getrou het met Jacob van Reenen se niggie, Aletta Catharina van Reenen. Hierdie verbinding met die Van Reenen-familie

61. E.H.Burrows: Overberg Outspan, pp. 255-256.

62. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 25.

63. Ibid., p. 28.

was belangrik en Joseph self het by geleentheid gesê "that connection was the secret of my success."<sup>64)</sup> Die rede was voor die hand liggend, want hul huwelik met die dogters van vooraanstaande Kaapse Hollandse burgers, het die Barrys 'n posisie verseker in die boeregemeenskap wat hul andersins seker nooit sou gehad het nie. "It binded them to the landed aristocrats of their own generation."<sup>65)</sup>

Die Barrys het op die regte tydstip toegetree. Nuwe bloed het die distrik op daardie tydstip ingekom. Benjamin Moodie en sy Skotse setlaars, gewoond aan beter lewensomstandighede, sou hulle ondersteun en die Reitz, Van Breda-vennootskap by Zoetendalsvallei sou met hul wetenskaplike skaapboerdery vir hom die geleentheid skep waarvoor hy gewag het.<sup>66)</sup> Joseph, die oudste neef en die een om wie alles eintlik gedraai het, was 'n man met baie goeie eienskappe: Hy het geduld gehad en 'n reuse kapasiteit vir werk; maar boweal het hy 'n aangename persoonlikheid gehad. Hy het die vertroue van die Swellendammers gewen omdat hy absoluut eerlik was met hulle. Hy het Swellendam aanvaar as sy eie en Swellendam het op sy beurt, vir hom aanvaar.

Teen 1823 het Joseph Barry 'n klein handelsonderneeming in Port Beaufort gestig en 'n mnr. Tennent in bevel daarvan geplaas.<sup>67)</sup> Hy het begin om wol te koop van die boere asook velle, huide, sout, planke ens. Hierdie ware het hy dan per publieke verkoeling van die hand gesit by sy stoor in Bergstraat. Die jaar 1823 was 'n finansiële sukses en

---

64. Overberg Courant, 15.8.1860.

65. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 261.

66. Ibid., p. 258.

67. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, pp. 31-32.

hy koop die skoener, "Good Intent." Die jaar 1824 was egter die begin van 'n reeks rampe vir Joseph Barry wat 'n hoogtepunt bereik het in 1827 en slegs beëindig is in 1834. Op 3 Augustus 1824 sink sy boot, die "Singapore" in Algoabaai. Kort daarna het sy skoener, "Good Intent," gesstrand en was tydelik buite aksie. Hierna strand die "Locust," 'n boot wat hy gehuur het - hy het uiteindelik die wrak gekoop vir Rds.8050. In Januarie 1826 onderhandel hy om die plaas Rhenosterfontein van D.G. van Reenen, vir 8000 gulden te koop. Hierdie koop is egter nie gefinaliseer nie, want op 21 Maart 1827 word hy bankrot verklaar. Al sy voorrade, sy halwe belang in die skip, "City of Bordeaux" en sy skip "Kowie Packet" is verkoop en sy huis en store op Swellendam was verpand.<sup>68)</sup>

In die volgende jare, nie daartoe instaat om met sy handelsbelange voort te gaan nie, tender hy vir 'n verskeidenheid van sake soos byvoorbeeld reparasies aan die kerk, pastorie en voorleser se huis, herstelwerk aan die Drostdy, lewering van voorrade aan die tronk en kontrakteur van die pos na Port Beaufort en George. Drie jaar later vra hy die regering om hom Rds.2250 te betaal vir die herstel van die kerk, pastorie en voorleser se huis, "since he was under heavy advances of labour, ..... the loss of so large a sum will be severely felt by me."<sup>69)</sup>

Dit het hom lank geneem om weer sy voete te vind, maar teen Desember 1829, het hy sy verpligte nagekom,

68. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, pp. 37-49.

69. C.O. 349I Lott. Rec: Memorials, 1829, Vol. I, Barry-Bell, 16.3.1829, no. 53.

en die Meester van die Hooggereghof verklaar hom gerehabiliteer.<sup>70)</sup>

Thomas Barry het intussen op Port Beaufort aangebly, en was blybaar nie veel beïnvloed deur sy oom se bankrot-skap nie. Dit blyk dat die "Good Intent" nie verkoop is nie, en hy het voortgegaan met die besigheid in sy eie naam.<sup>71)</sup> Hy het ook begin met 'n slaghuis en bakkery by Port Beaufort en in 1833 word hy veldkornet van die Pot-tebergwyk in die plek van Du Buson.<sup>72)</sup> Sy rol in die firma was om die Maritieme Hoofkwartier op te bou. Groot geboue wat die uitgebreide tweerigting handel kon huisves, is opgerig. Handelsware, produkte, lewende hawe en passasiers het deur die hawe gevloeい. Skepe het begin om gereeld produkte te laai soos aalwyne, wol, hörings, velle en graan, en dit na Kaapstad en selfs Londen te verskeep. Inkomen-de skepe het gekom van so ver as San Francisco en Montevideo.<sup>73)</sup>

John Barry, Thomas se broer, het 'n aanleg getoon vir regswerk en hy word 'n notaris op Swellendam. In 1832 word hy ook toegelaat as geswore waardeerde.<sup>74)</sup> Met John, wat sy oom se regspraktyk behartig - behalwe sy eie praktyk - en Thomas wat omsien na die skeepsbedrywighede by Port Beaufort, het die tyd aangebreek vir 'n hersiening van hul onderskeie posisies. Joseph het dus voorgestel dat hulle belang amalgameer, en op 1 Junie 1834 kom die firma van Barry en Neefs tot stand. Joseph en John het gesamentlik

70. Government Gazette, 25.12.1829, no. 1250.

71. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 49.

72. C.O. 2733 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 27.12.1832, no. 69.

73. E.H.Burrows: Overberg Outspan, pp. 262-263.

74. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 53.

Rds. 27 408 in die besigheid gestort en Thomas se bydrae was Rds. I3 704. Die gesamentlike kapitaal het dus ongeveer £3 000 beloop.

Volgens die kontrak het hulle ooreengekom om gelyke ven-note in die besigheid te wees. Die vennootskap sou van krag bly totdat een van die ven-note besluit om te onttrek. Hier-toe moes twaalf maande kennis gegee word, aangesien baie tyd nodig was om die kapitaal te verkry om die aandeelhouer uit te betaal. Joseph Barry is toegelaat om voort te gaan met sy werk as adjunk-balju vir sy eie gewin. Aangesien hierdie amp hom verplig het om lang periodes weg te wees van Swellendam af, was hy slegs geregtig op een kwart van die winste van die firma. Dit beteken dat die winste verdeel is. Tog was dit veral Joseph, wat daarvoor verantwoordelik was dat die firma so 'n goeie naam gehad het, aangesien hy die klante op hul plase ontmoet het, waar bande gesmee is. John is toegelaat om aan te gaan met sy eie praktyk en Thomas, met sy slaghuis en bakkery op Port Beaufort. 'n Huur van Rds. 300 per jaar is aan Joseph betaal vir die gebruik van sy handelshuis in Swellen-dam. Indien een vennoot te sterwe kom, moet die ander ven-note, in samewerking met die eksekuteurs van die afgestorwene, 'n ware berekening maak van die firma se bates en laste en dit gelykop verdeel in drie aandele.<sup>75)</sup>

Die firma was egter slegs drie maande aan die gang, toe dit 'n ernstige terugslag ondervind. Die groot brand waarna al verwys is, en wat die voorleser se huis, Falck se huis en die geboue van die firma Barry en Neefs, in puin gelê het, het ongeveer Rds. 40 000 se skade aangerig. Die

---

75. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, pp. 53-58.

"South African Fire and Life Assurance Company" het die firma slegs £350 uitbetaal.<sup>76)</sup>

Die inwoners van Swellendam en die distrik, het egter spontaan hulp aangebied en in 'n adres aan Joseph Barry deur die inwoners van Swellendam, gepubliseer in die South African Commercial Advertiser van 6 September 1834 stel hulle dit soos volg: "We assure you that we consider this misfortune as much a calamity to the whole community as to yourself, partners and family - for the enterprise and industry, with which you conducted your business, have given a mercantile character to this village, and caused a very evident improvement and prosperity." Hierdie aanmoediging het Joseph Barry geïnspireer met nuwe moed en met sy gebruik-like energie en ondernemingsgees rig hy binne twee dae 'n tydelike stoor op. Die ramp het gevolglik geen onderbreking in hul besigheid teweeggebring nie.<sup>77)</sup> Teen April 1835, is 'n nuwe stoor opgerig, en kon die besigheid volstoom voortgaan.

Gedurende hierdie tyd, het die Xhosa-inval van 1834-1835, plaasgevind, en Joseph Barry is aangestel as bevelvoerder van Vetterivier, Valschrivier, Kafferkuilsrivier, Langeberg, Tradouw, Breederivier en Groot Swarteberg. Hy het 'n belangrike rol gespeel om die burgers opgeroep en gereed te kry. Instruksies moes gegee word oor waar hulle sou ontmoet, waens moes georganiseer word, proviand moes opgelaai word, so ook buskruit, ammunisie, ens. Uiteindelik het hy hulle vergosel na die grens.<sup>78)</sup>

76. Government Gazette, 21.6.1839, no. 1748; South African Commercial Advertiser, 30.8.1834.

77. South African Commercial Advertiser, 6.9.1834.

78. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 64.

Die goeie aansien wat die firma geniet het, het veral ontstaan uit Joseph se regspraktyk. Die boere het al hul skryfwerk na hom geneem en hy het hulle gehelp met sake wat hulle nie begryp het nie. Dit was net logies dat hulle voortaan hul benodighede by Barry en Neefs sou koop.<sup>79)</sup> Tydens die genoemde grensoorlog, het die firma ook die tender verkry om die Swellendamse burgermag wat aan die grens opgetree het, van proviand te voorsien. Dit het baie beteken vir die firma na die groot verlies wat hulle as gevolg van die brand gely het.

Die netto wins van die firma vir die tydperk September 1834 tot Oktober 1835, het Rds. 68 039 beloop. Die waarde van die produkte wat deur hulle gekoop is gedurende dié periode, het Rds. 74 644 bedra en op hierdie bedrag is 'n wins van 22,4% gemaak, naamlik 'n bedrag van Rds. 16 773. Hul skip, die "Legonier," het vir die firma 'n bedrag van Rds. 9 500 ingebring. Verreweg die meeste van hul produkte is gekoop van die firma Thomson, Watson en Kie., naamlik produkte ter waarde van Rds. 49 425. Teen 1837 was hul bates Rds. 280 397 en teen 1838 was dit Rds. 325 401. Gedurende hierdie jare was daar ook 'n besliste toename in die wolaankope. Hulle het ook 3 447 lb. tabak en 20 693 bokvelle, verkoop. Die jaar 1839 het 'n geweldige toename in hul bedrywighede aangetoon, en dit was hoofsaaklik as gevolg van die feit dat hulle 'n stoor op Riversdale geopen het. Die rekening van 1839 toon dat Riversdale twee keer so goed gevaaar het as Port Beaufort. Teen die einde van 1839 het hul bates gestyg tot Rds. 464 208 en 'n netto wins van

---

79. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 262.

Rds. 5I 500 is getoon, ten spyte van die feit dat Rds. 20 000 se ware op krediet uitgegee is. Gedurende dié jaar is 100 000 lb. wol aangekoop. Die besigheid het dus meer as verdubbel tussen 1834 en 1840.<sup>80)</sup>

As gevolg van die bedrywighede van die Barrys is die boere geïnspireer om hul produksie te verhoog. Daar was vir hulle nou 'n afset vir produkte soos velle, huide ens. en die belangrikste was dat 'n maklik bekombare mark nou binne hul bereik was.

Wol was die belangrikste artikel waarmee hulle handel gedryf het. Hulle het egter nie net met hierdie artikel handel gedryf nie. Omdat hulle die waarde daarvan besef het, propageer Joseph Barry die invoer van die Spaanse merinoskaap deur boere persoonlik daartoe te oorreed en self 'n voorbeeld te stel. Toe Rhenosterfontein verkoop is in 1826, het ook Joseph Barry uit Dirk van Reenen se kudde 'n paar skape verkry, wat hy om 'n deel van die winste en aanteel aan 'n sekere Smalberger van Boschfontein afgestaan het. Later het die diere in die volle besit van Smalberger oorgegaan wat dus as die eerste teler van suiwer merino's in Riversdale kan geld.<sup>81)</sup> Op II Mei 1841 kom Joseph Barry tot 'n coreenkoms met Marthinus Siebert. Hy stem daartoe in om sy een sesde aandeel in die plaas Middel Drift, oor te dra aan Siebert sodat laasgenoemde daar vir 'n tydperk van vyf jaar met merino's kan boer. Hy gee aan Siebert 500 ooie, sestien koeie en tien merries, met die

---

80. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, pp. 66-70.

81. H.B.Thom: Die Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 304.

nodige ramme, bulle en hingse. Siebert moes die skaap gereeld was en skeer, en aan Joseph Barry twee derdes van die wol lewer. Die ander een derde het aan Siebert gegaan.

Aan die einde van die vyf jaar was Barry geregtig om 500 ooie en lammers terug te neem. Die oorblywende vee sou verdeel word op die basis twee derdes vir Barry en een derde vir Siebert. Teen 1841 is Joseph Barry beskou as 'n outoriteit op die gebied van die merino, want op 29 Julie 1841 skryf Hamilton Ross en Kie. van Kaapstad dat hulle 'n deel van Benjamin Moodie se kudde wil koop vir 'n sekere Guthrie, maar voor hulle koop, wil hulle weet wat Barry se waardasie van die skape is. Moodie het aan Barry 'n lys vrae oorhandig wat hy moes beantwoord nadat hy die skaap gesien het. Sy waardasie is aanvaar.<sup>82)</sup>

Die Swellendamse distrik was van die vroegste tye af hoofsaaklik 'n graanproduserende streek en gevolglik het die firma ook heelwat graan gekoop. Joseph Barry het in 1838 'n meul gekoop. Hier is die meel vir die gebruik in hul bakkery in Swellendam en vir uitvoer, gemaal. Die firma het ook op die wynhandel gekonsentreer. In 1839 doen hulle aansoek om 'n lisensie om ingevoerde wyn te verhandel.<sup>83)</sup>

Na hul aansoek om 'n buskruitmagasyn op te rig goedgekeur is in 1838 en 'n gebou vir die doel opgerig is, is 'n sekere de Jongh aangestel as stoorman. Die volgende jaar is ook 'n lisensie vir die doel aan hulle toegestaan op Port Beaufort.<sup>84)</sup>

---

82. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, pp. I02-I03.

83. C.O. 4332 Lett. Rec.: Register of Memorials 1839-1841, Barry-Bell, 22.I0.I839, no. 272.

84. C.O. 2784 Lett. Rec.: Rivers-Bell, I4.6.I839, no. 68.

Die gevolg van al hierdie handelsbelange was dat die inwoners van die distrik floreer het. Daar was nou geld vir luukse artikels waarsonder hulle eers klaar gekom het:

Die Swellendammers en hul Bedrywighede.

Swellendam was van die vroegste jare bekend as die dorp waar karre en waens gebou is. Amper net so bekend was hy vir sy wamakers, as Wagenmakersvallei.<sup>85)</sup> Die wamakers en smitte het 'n goeie bestaan gemaak, en was gegoede families. Marthinus Steyn, vader van die latere president van die O.V.S., was 'n smit by Bellevue in die Onderdorp. Hier het hy 'n groot wamakery gehad waardeur hy een van die rykste Swellendammers geword het. Hy het die ambag aangeleer van sy vader, Pieter Gysbert Steyn. Dit het natuurlik gegeld vir die seuns van al die wamakers en smitte. Marthinus het hom veral toegelê op die smeework verbonde aan die wamakery. Die mees bekende wamaker van sy tyd was seker Johannes Christoffel Rothman. Ander bekendes was die Crauses. Hierdie mense "had grown rich by the toil of their brow and the sweat of their hands."<sup>86)</sup> Tydens die ekonomiese opbloei van die 1830's het hierdie ambagsmanne goeie besigheid gedoen, want waens was sekerlik in aanvraag as gevolg van die florerende handel wat tot stand gekom het. Ook vanaf anderkant die Oranjerivier was daar 'n vraag na Swellendam-gemaakte waens.

Die boubedryf het ook in hierdie jare 'n opbloei beleef, en veral heelwat bedreve Maleise vakmanne was hierby betrokke. Die meeste inwoners van die dorp was egter klein

85. M.E. en A.Rothman: Die Drostdy op Swellendam, p. 230.

86. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 74.

grondbesitters en hulle het slegs daarin belanggestel om genoeg te produseer om in die noodsaaklikste lewensbehoeftes te kan voorsien. Baie het van tyd tot tyd gaan houtkap om hul kariege inkomste aan te vul.<sup>87)</sup>

Feitlik al die inwoners van die distrik was by die landbou betrokke. Die volgende syfers word verstrekk ten opsigte van die belangrikste boerderybedrywighede in 1828:

Aantal boesels opgelewer

Koring Gars Hawer Perde Beeste Skape Bokke.

98184 /78496/37868/I4745 / 23097 /54286 /69761 / 88)

Dit is van belang om hier te weet dat ongeveer 42000 van die skape van die Kaapse vetsterttype was. Slegs 12000 was merinos. Behalwe hierdie bedrywighede, kan ook nog genoem word dat produkte soos botter, kersvet, seep, aalwyne, rosyntjies en ander gedroogte vrugte, asook 'n bietjie wyn, - wat egter maar van 'n swak gehalte was- geproduseer is.<sup>89)</sup>

Die syfers vir die jaar 1841 sien soos volg daar uit:

Koring Gars Hawer Perde Beeste Skape Bokke.

I24600/I28096 /60196 /II7II /51368 /223690 /88I53 /

Die verdeling ten opsigte van die skape was soos volg:

Merino .... I87603

kaapse .... 36087 90)

Op landbougebied was daar dus merkwaardige vooruitgang.

Soos elders vermeld word, was veral die Barrys, die uitvoer deur Port Beaufort en die verbetering van die passe deur die Hottentots-Holland- en Houwhoekberge, hiervoor

87. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 72.

88. C.O. 5970 Cape of Good Hope Blue Book, 1828, p. 308.

89. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1830, p. 225.

90. C.O. 5983 Cape of Good Hope Blue Book, 1841, p. 277.

verantwoordelik. Veral die geweldige toename van die merinoskaap, blyk duidelik uit die genoemde syfers.

Die 1841-syfer wat aangegee word vir die aantal perde, is misleidend, want in 1839-1840 het 17 000 perde in 'n perdesiekte-epidemie gevrek.<sup>91)</sup> Perdeboerdery was steeds belangrik en het ook in belangrikheid toegeneem. Aan die einde van 1837, voor die epidemie, was daar byvoorbeeld 26 249 perde in die distrik.<sup>92)</sup> In verband met die syfer ten opsigte van die aantal skape in 1841, moet bygevoeg word dat tussen 12 000 en 15 000 skape gedurende Junie 1841 gevrek het as gevolg van stormagtige weersomstandighede.<sup>93)</sup>

Die grootste ontwikkeling op boerderygebied het ongetwyfeld op die gebied van die wolskaapboerdery gekom. Gedurende die jare 1828 tot 1841 het die inheemse Kaapse veterskapa feitlik van die toneel verdwyn en is deur die merinoskaap vervang.

Die eerste poging om die merino te akklimatiseer in ons land is in die Swellendamse distrik gedoen. Hier is die fondament van ons land se wolboerdery gelê. Zoetendalsvallei is heilige grond vir die wolboer.<sup>94)</sup> Van hierdie plaas skryf Burrows soos volg: "This farm was the scene of one of the boldest agricultural experiments ever carried out in South Africa, for it was here that Jan Frederick Reitz and Michiel van Breda set out to establish the scientific validity of the van Reenen's experiment in cross-breeding the Cape sheep with Spanish rams to produce wool. Zoeten-

91. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1841, p. 355.

92. Ibid., 1838, p. 105.

93. C.O. 5983 Cape of Good Hope Blue Book, 1841, p. 277.

94. E.H. Burrows: Overberg Outspan, p. 87.

dals vallei was the testing ground of the merino, the soil where the frail plant of Robert Gordon took root; and because it thrived in doing so, this farm is the birthplace of the South African wool industry."<sup>95)</sup>

Drie instansies moet veral genoem word in hierdie verband. Landdros A.Faure het reeds tydens sy ampstermyn op sy plaas Rotterdam naby die Buffeljagsrivier en ongeveer ses myl vanaf Swellendam, met ongeveer 1000 merinos geboer. Elke skaap het ongeveer 31 lb. wol per jaar gelewer en dit het hy maklik verkoop gekry op die Kaapse mark.<sup>96)</sup>

Dirk Gysbert van Reenen, broer van die drie broers Van Reenen wat in 1792 drie Spaanse ramme van kolonel Gordon gekry het, van die plaas Rhenosterfontein ongeveer vier myl vanaf die mond van die Breërivier, het ook op sy plaas met kruisteling begin eksperimenteer. Na aanvanklike sukses het hy in finansiële moeilikheid beland en is hy insolvent verklaar, wat hom verplig het om te verkoop. 'n Deel van sy kudde het in besit gekom van 'n sekere Odendaal van Langefontein. Dit is die plaas waarop Bredasdorp in 1838 aangelê is. Odendaal was buitengewoon suksesvol met hierdie skape.<sup>97)</sup>

Die instansie wat egter die grootste bydrae gelewer het, was die firma van Reitz, Van Breda, Joubert en Kie. In 1812 het Jan Frederick Reitz, die plaas Zoetendalsvallei van Mathew Maillard gekoop. Dit was naby Kaap L'Agulhas geleë. Hier het hy begin met die teel van die merino-skaap. Sy trop het toe bestaan uit 1 200 skape. Die wol

---

95. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 91.

96. H.B.Thom: Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 301.

97. Ibid., p. 304.

het in 1812 die bedrag van RI 012 verdien en teen 1816 'n bedrag van Rds. I 644. In die tyd het Reitz baie goeie prysé vir sy wol behaal as gevolg van die Napoleontiese oorloë. Vir primakwaliteit het hy op die buitelandse mark selfs 3/9 per lb. gekry. Michiel van Breda het in 1816 'n vennoot geword en die bestuur van die plaas as 'n venootskap daateer vanaf 1817. Die venootskap het spoedig buitengewone sukses behaal soos blyk uit die volgende syfers:

1818 .....	2401 lb.	wol geskeer	....dit lewer	Rds.4	086.
1821 .....	3436 "	"	....."	"	Rds.4 502.
1824 .....	5056 "	"	....."	"	Rds.4 926.
1827 .....	8456 "	"	....."	"	Rds.5 286.

In 1823 besit hul ongeveer 2 000 skape wat 4 000 lb. wol lewer. Hierdie produksie het elke jaar met ongeveer 1 000 lb. toegeneem.<sup>98)</sup> Michiel van Breda, mede-eienaar, skryf in 1828 in die South African Commercial Advertiser hoe sy "regular system of management of the Zoetendals Valley flock" daartoe geleid het dat die getalle vermeerder het van 2 000 in 1823 tot 5 560 in 1828 en die skeersel het vermeerder tot 10 000 lb. Hy sê verder dat die vermeerdering van hul kudde nog nie genoegsame verklaring is vir die verhoogde wolopbrengs nie, dit wil sê, daar moes 'n aanmerklike veredeling van die ras plaasgevind het en gevolglik is die opbrengs per skaap verhoog. Die veredeling was hoofsaaklik die gevolg van herhaalde gebruik van nuwe bloed. Hy skryf dat die skeersel van 10 000 lb. na die Kaap vervoer is met drie waens.<sup>99)</sup> Na aanleiding hiervan skryf die Sout-

98. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1830, p. 121; H.B.Thom: Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika, pp. 170 en 304.

99. South African Commercial Advertiser, 3.IO.1826.

African Commercial Advertiser: "To bring 7 000 rixdollars worth of wheat the same distance would require 70 waggons, 140 drivers and 840 oxen ..... Besides wool, the commodity provides a good skin and plenty of mutton wrapped up in it which will come to market on its own .....; and these very legs make most palatable soup."<sup>100)</sup> Die blad vul sy propaganda ten gunste van die wolskaap aan deur die stelling te maak dat, indien die teenswoordige telling van koloniale skape volkome oorgesit kon word in merino-skaap, die uitvoer van wol die uitvoere van alle ander produkte saam sou oortref.<sup>101)</sup>

In 1828 was die Zoetendalsvallei skaaptrop "almost the only one in the Colony run on a regular system." Uit mededelings kan gesien word hoe sistematies die boerdeery beheer is: Hy vertel dat die kudde in drie verdeel is: "The first was called our flock, it consisted of 100 ewes of the finest wool, and two thorough bred merino rams, brought from England, and purchased for 400 Rds.; the breeding of good rams was the principal object, and this flock was marked distinct from the other; ..... the second, of about 500, was composed of breeding ewes and 15 rams; - and the third, of wethers, old ewes and lambs of about six months old."<sup>102)</sup> In geeneen van die kuddes is gevlekte skape toegelaat nie, en geen ramme, waarvan die wol nie suiwer was nie, - al was dit in 'n geringe graad, - is

100. South African Commercial Advertiser, 3.6.1829.

101. Thóm: Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 301.

102. Ibid., p. 302.

vir teeldoeleindes aangewend nie.<sup>103)</sup>

In Maart 1830 is die firma Reitz, Van Breda, Joubert en Kie. gebore as gevolg van die afsterwe van J.F.Reitz. Die oorspronklike vennootskap se bates van Rds. 60 000 is in ses gelyke dele verdeel. Michiel van Breda het twee aandele ontvang en elkeen van wyle J.F.Reitz se kinders een aandeel elk. Advokaat Josua Joubert het namens sy vrou - een van die kinders - die een aandeel behartig.<sup>104)</sup> Teen 1830 het die skaaptrop vermeerder tot 5 000, uitsluitende 'n paar honderd hamels en lammers wat aan boere verkoop is om die gehalte van hul kuddes te verbeter. In dié jaar produseer hulle 10 000 lb. wol.<sup>105)</sup> In die jaar 1833 is 17 000 lb. wol vanaf Zoetendalsvallei na die Kaapse mark gestuur en dit is verkoop vir Rds. 16 000.<sup>106)</sup> 'n Idee van die omvang van die boerdery van die firma kan verkry word van die syfers vir 1832, toe hulle geboer het met 8226 skape op twee en twintig plase met 'n totale oppervlakte van 62 009 morg, waarvan 2 997 hul eiendom en 59 012 in ewigdurende erfpag was.<sup>107)</sup>

Van heinde en verre het kopers nou begin kom om die kern van hul toekomstige wolkuddes te kom aankoop. Die skape van die firma het so vinnig toegeneem dat hul elke jaar ongeveer 500 moes verkoop, en sodoende het hulle die bedryf 'n baie groot guns bewys. Skaap van hierdie stoetplaas is aan verskeie Karooboere verkoop. So het Willem

103. Thom: Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika, p. 303.

104. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 104.

105. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1830, pp. 120-121.

106. Ibid., p. 204.

107. Tomlinson: Geskiedkundige Swellendam, p. 40.

Burger vanaf Calvinia, W. Skinner van Beaufort en Dirk de Wet vanaf Victoria-Wes gekom om skaap te koop.<sup>108)</sup>

In 1834 skryf F.W.Reitz - jongste van die Reitzkinders en vader van die latere president van die O.V.S. - die pamphlet, "Observations on the Merino," wat deur George Greig gepubliseer is. Hy skryf onder meer: "It is now that the cultivation of Merino's is likely to be carried on with spirit ..... Now that the proprietors of native flocks (i.e. fattailed sheep) or of land adopted for sheepwalks, are daily becoming more convinced of the value of the merino's we may expect a speedy, I would almost say sudden improvement."<sup>109)</sup>

Reitz was reg, want die 1830-dekade was die keerpunt vir die Suid-Afrikaanse wolbedryf. In 1830 het die Kaapkolonie 30 000 lb. wol uitgevoer en in 1840 - 509 597 lb. ter waarde van £24 962.

F.W.Reitz is in 1829 na Skotland gestuur om landbou te bestudeer. Hy het ook besoek gebring aan lande in Europa wat bekend was vir hul wolskape. Hy het die metodes waarvolgens die Européërs boer, sorgvuldig aangeteken. Reitz het in Skotland onder die beroemde professor Dick gestudeer. Van hierdie professor het hy veral baie in verband met perdesiekte geleer. Gedurende die perdesiekte-epidemie van 1830 het sy vennoot, Michiel van Breda, besonderhede in verband met die siekte na hom in Skotland gestuur. Hy het dit voorgelê aan professor Dick. Laasgenoemde se gevolgtrekkinge het die basis gevorm van die voorbe-

---

I08. Official Handbook of the Cape of Good Hope, 1886, p.250.

I09. South African Commercial Advertiser, 8.4.1835.

hoedmaatreëls wat F.W.Reitz aanbeveel het in die Kaapse nuusblaaie gedurende die epidemie van 1839.

"He was the first indigenous writer of any standing at the Cape." Hy was die eerste persoon wat die Kaapse pers gebruik het "for airing controversial agricultural issues."<sup>II0</sup>)

Die plaas Rhenosterfontein van Dirk Gysbert van Reenen, grootvader van F.W.Reitz, het in die mark gekom toe Reitz sewentien jaar oud was. Saam met Michiel van Breda se seun, Michiel Jacob, het hulle toe die plaas gekoop. Waarom Reitz 'n Swellendamse plaas uitgekies het, is nie duidelik nie. Miskien was dit omdat hy die plaas geken het of omdat hy dit later wou gebruik om wat hy in Europa gaan leer, in die praktyk te kom toepas. Kort na sy aankoms uit Europa is hy getroud met Cornelia Magdalena Deneys. Hulle het hul in 1835 op Rhenosterfontein gaan vestig en sou vir die volgende vyf en dertig jaar daar woon. F.W.Reitz se belangrikste taak op Rhenosterfontein was om die maatskappy se stoetperde te behartig. Later het hy egter ook 'n merino-stoet opgebou gelykstaande aan die van Zoetendalsvallei. In 1831 het sy veestapel bestaan uit 207 perde en 45 beeste en nie 'n enkele skaap nie. In 1835 was daar egter al 3000 merinoskape op die plaas.<sup>III</sup>)

Die firma het steeds hul veestapel verbeter deur nuwe bloed in te voer. Toe die Kaapse Landbou Genootskap in 1834 vyftig merinos invoer vanaf Abraham Borradaile & Co.,

---

II0. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 122.

III. Ibid., pp. 117-155.

Londen, het hierdie firma drie en twintig aangekoop ten einde nuwe bloed in hul skape te bring en om die fynheid en buigbaarheid van hul wol te verbeter.<sup>II2)</sup> Hierdie firma het uiteindelik ontwikkel tot die grootste "agricultural combine" wat die Kaapkolonie tot op daardie tydstip gehad het. In 1837 het hul grondgebied 176 000 akkers beslaan. Teen 1836 was daar 10 000 skape en die wolskeersel teen 1/10<sup>½</sup> per lb., het £1739 opgelewer. Die verkoop van stoetvee het die wins verder opgestoot na £3 000. Die firma se omset was in die omgewing van £12 000.<sup>II3)</sup>

Dat die vennootskap die vernamaamste telers in die kolonie was, word bewys nie alleen deur die feit dat hulle die grootste hoeveelhede wol geproduseer het nie, maar ook deur die onderskeidings wat hulle behaal het. Hulle was die eerste om die Kaapse Landbouskou se prys vir wol te wen - 1832 - en wel met wol op Zoetendalsvallei geproduceer. In 1837 het hulle 'n beker, wat deur die Landbouvereniging van die Westelike Provinsie in die vorige jaar vir die beste monster van 100 lb. wol uitgeloof is, vir die eerste keer gewen en daarna weer herhaaldelik, met die gevolg dat dit in 1846 hul eiendom geword het. Dit is interessant om te weet dat hierdie beker in 1836 - dit wil sê die eerste keer toe dit aangebied is - verower is deur Michiel van Breda se seun, Dirk Gysbert, van die plaas Prinskraal.<sup>II4)</sup>

Die firma van Joseph Barry was veral verantwoordelik vir die wolboom van die 1830's. "He and his firm was the catalyst by which the merino was hastened into general acceptance, and its potentialities exploited to the fullest

II2. Thom: Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika, p.3II.

II3. E.H.Burrows: Overberg Outspan, pp. 108-109.

II4. Thom: Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika, p.303.

degree."<sup>II5)</sup> Sy werk as adjunk-balju het meegebring dat Joseph Barry die distrik van hoek tot kant deurkruis het. Tydens hierdie omswerwinge het hy meer gedoen om wolboerdery aan te moedig as wat enige geskrifte in die "Advertiser" of "Almanack" kon doen, want nuusblaaisel het selde die boere op die afgeleë plase bereik.<sup>II6)</sup>

✓ Die omskakeling na die merinoskaap het nie gou gekom nie. Die konserwatiewe boere van die distrik het ten spyte van die suksesse wat die vennootskap van Reitz, Van Breda, Joubert & Kie. met hul wolskape behaal het, bly vasklou aan hul inheemse vetstertskape, en was selfs die merinoskaap-boerdery vyandiggesind. In 1836 rig die vennootskap 'n memorie aan die regering waarin hulle aansoek doen om 'n sekere stuk grond. Hulle skryf dat toe hul plase Vogelgezang en Zeckoegats uitgemeet is, die bakens deur die landmeter op so 'n wyse geplaas is dat die plase nie aanmekaar grens nie, maar dat groot oop stukke grond tussenin gelaat is. Hulle is bang dat ander boere die grond in besit sal kry en dit sal skadelik wees vir die vennootskap aangesien hulle telers is van merinoskaap, terwyl die meeste van die ander boere nog met die Kaapse skaap boer. Hulle is bang dat Kaapse ramme tussen hul oopreggeteelde merino-ooie sal inkom. Indien die opmetingskoste egter te hoog gaan wees, versoek hulle dat dit regeringsgrond word, "and not allowing any other individual to creep in, to the detriment of the breeders of merino sheep."<sup>II7)</sup> By een geleentheid het Joseph Barry en Dirk Gysbert van Reenen 'n sekore mnr. Uys gevra

II5. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 107.

II6. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 102.

II7. Land Board Swellendam, no. 25.

om 'n paar merinoskape van mnr. Van Reenen se kleindogter op sy plaas te laat loop. "After a good deal of persuasion they were allowed to leave on the farm a merino ram and two or three ewes. These animals, though threatened with neglect and at first scarcely cared for, fortunately succeeded in becoming the nucleus of valuable and extensive flocks."<sup>II8)</sup> Uys het later een van die rykste wolboere in die distrik geword.

Bogenoemde twee gevalle illustreer die wrywing wat tussen die twee groepe geheers het. Die volgende tabel toon die verhouding aan wat tussen die twee skaapsoorte bestaan het:

	<u>Merino</u>	<u>Kaapse</u>
I829	7 577	42 419
I831	14 977	56 690
I833	30 480	54 374
I839	92 380	45 757
I841	187 603	36 087      II9)

Dit blyk uit bogenoemde syfers dat die merino stadig maar seker die oorhand gekry het en in I839 skryf F.W.Reitz, sekretaris van die Swellendamse Landbougenootskap, dat wol "of the most beautiful description is now being raised," en dat wat die Swellendamse distrik aanbetrif, die kwaliteit elke jaar toeneem. Hy sê verder dat hy nie van 'n enkele Kaapse teelram in die hele distrik weet nie.<sup>I20)</sup>

Tot hierdie toedrag van sake het Joseph Barry 'n ge-

---

II8. Overberg Courant, 29.3.I865.

II9. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, I829, I831, I833, I839, I841.

I20. Government Gazette, 15.3.I839, no. I734.

weldige bydrae gelewer, want behalwe die wyse waarop hy die merino gepropageer het, het hy die boere se wol gekoop. Om hulle aan te moedig, het hy hoë prysse aangebied vir hulle wol. Inderwaarheid kan gesê word dat sy prysse aanvanklik te hoog was om daaruit wins te maak. Dic eerste jaar het hy slegs 660 lb. wol gekoop.<sup>I21)</sup> In 1839 het die firma van Barry en Neefs, 100 000 lb. wol van die distrik aangekoop.<sup>I22)</sup> Die boere kon dus sonder die beslommernis van die lang tog na die Kaapse mark hul wol plaaslik van die hand sit teen gocie prysse. Twee van die boer se grootste probleme, naamlik vervoer en afset is dus deur die Barrys uitgeskakel en die gevolg was dat die boerderygemeenskap begin floreer het, en gevolglik ook die dorp en sy inwoners.

#### Die Landbougenootskap.

'n Landbougenootskap, die "Swellendamsche Genootschap van Landbouw," is in Maart 1832 gestig. Harry Rivers is gekies as president en F.W.Reitz as sekretaris. Gedurende die hele tydperk tot 1841, het hulle die genootskap in hierdie hoedanigheid gedien. Hierdie liggaam was die tweede oudste van sy soort in die Westelike Provinsie. 'n Komitee van nege man is jaarliks gekies om die werksaamhede van die genootskap te behartig en hulle moes met die Kaapse Landbougenootskap korrespondeer. Elke lid moes 'n lidmaatskapsfooi van Rds.2 per jaar betaal. Daar is besluit dat daar twee halfjaarlikse markte vir vee en produkte gehou sou word; een in die eerste week van April, en een in die

I21. Overberg Courant, 15.8.1860.

I22. A.Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 70.

laaste week van Oktober. Dic eerste skou is gehou op 5 Oktober 1832, en puik perde en vee is vertoon.<sup>I23)</sup>

Die genootskap het egter maar 'n sukkelende bestaan gevoer. F.W.Reitz skryf hy vermoed "that such societies as these are like exotic plants which do not thrive readily in our climate; they shoot up like seed upon stony places, and when the sun is up they are scorched, and because they have no root, they wither away."<sup>I24)</sup>

Die skoue wat deur die genootskap gereël is, was egter tot groot voordeel van die boere. Ondernemingsgees is aangewakker, wat voorkom het "that drowsy indifference so apt to be engendered by the ease with which a man can obtain a mere livelihood in this Colony, as also perhaps by the influence of a nearly tropical climate."<sup>I25)</sup> Tot die uiteindelike oorwinning wat die merinoskaap oor die Kaapse skaap behaal het, het hierdie genootskap 'n groot rol gespeel, aangesien die boere, veral die wat baie afgesonder was, op hierdie wyse met die voordele van die merinoskaap vertroud geraak het.

#### Immigrasie.

In 1838, na die dood van sy vrou, het Benjamin Moodie na Engeland vertrek. Toe hy in 1841 na die Kaap terugkeer, was hy vergesel van een en twintig kinders en was hy weer getroud. Hierdie kinders - almal tienderjariges - was hoofsaaklik weeskinders of sorgbehoewende kinders en party was uit goeie huise. Die idee was dat hy hulle aan die Kaap

I23. Z.A. Tijdschrift, Maart-April 1832, Vol.IX, p. 158.

I24. Government Gazette, 15.3.1839, no. 1734.

I25. Overberg Courant, 9.II.1859.

aan die sorg van die Kaapse "Children's Friend Society," moes oordra. By sy aankoms in die Kaap moes hy egter vind dat hierdie vereniging nie meer bestaan het nie. Die Kaapse Hooggereghof het toe verklaar dat hy as beskermheer oor al die kinders, behalwe drie wie se ouers hul vergesel het, moes optree. Om dié kinders weg te kry van die verderflike invloed van die stedelike lewe, het hy hulle na Grootvadersbosch geneem, waar hy die meeste van hulle in sy eie diens gebruik het. Later skryf hy aan 'n dame in Engeland na aanleiding van 'n navraag na een van die seuns, 'n sekere Thomas Knight. "The boys are employed in the field with my sons, and the girls in the house with my daughters - all share in the work: ranks disappear in a new country." Van Knight skryf hy, "I would not object to taking of his type into my employ." Ander name in hierdie groep wie se afstammelinge vandag nog in die Zuurbraak gebied aangetref word, was Ackhurst, Ogilvie en Low.<sup>I26</sup>)

---

I26. E.H.Burrows: The Moodies of Melsetter, pp. 99-101.

HOOFSTUL IV.ONTWIKKELING.Die dorp en distrik.

Selfs die finansiële verlies veroorsaak deur die vrystelling van die slawe kon nie verhoed dat Swellendam sedert 1830 geweldig welvarend word nie. 'n Eeu van blanke bewoning het geleid tot sekuriteit vir die distrik en stabiliteit vir sy inwoners. Boere, wie se voorvaders hulle daar kom vestig het, eers op soek na weiding en later om te plant en te oes, was nou in besit van wingerde en koringlande wat gelykstaande was aan dié naby die Kaap. Die merino het die os en die perd vervang as die belangrikste vorm van veeboerdery en die produksie van wol het al hoe meer belangrik geword.

Beter vervoergeriewe as gevolg van die verbeterde passe by die Hottentots-Holland- en Houwhoekberge, asook die oopstelling van die Breërivier as waterweg na die see, het onbeperkte vooruitgang op die gebied van die landbou moontlik gemaak. Die mense van die distrik het nou vir altyd die "insecure, devil-may-care," houding van die grensboer afgeskud: "a more precise generation had arisen, accustomed to established things, valuing its possessions and setting store by their appearance."<sup>I)</sup>

Nuwe Geboue.

Die vooruitgang van die boerderybedrywighede het die dorp beïnvloed en heelwat meer huise is in die dorp gebou. Hierdie ruim huise met hulle fynafgewerkte gewels toon aan dat vindingryke boumeesters vir baie van die bouwerk

I. E.H.Burrows: Overberg Outspan, pp. 62-63.

verantwoordelik was. Hulle is bygestaan deur bedrewē Ma-leise vakmanne wat later aangevul is deur vrygestelde slawe. Hulle het vanaf Kaapstad gekom, "to share the fruits of Swellendam's economic prosperity."<sup>2)</sup> In dié verband het Harry Rivers teen die einde van 1838 die regering versoek om grond in die dorp af te staan aan verskeie nie-blanke ambagsmanne, wat daarom aansoek gedoen het.<sup>3)</sup> Die regering was die saak goedgesind. Hulle moes die grond bewerk en 'n huis daarop bou en indien hulle hul in dié tydperk godra en hul kinders skool toe stuur, sou dit na twee jaar hul eiendom word indien hul 10/- betaal.<sup>4)</sup>

Die volgende is voorbeelde van geboue wat gedurende hierdie tydperk opgerig is en wat vandag nog te sien is:

Die Oefeningshuis: Hierdie gebou is gebou in opdrag van 'n komitee van Direkteure met die doel om die heidene te onderrig en tot die Christendom te bekoer. Dit is in 1838 voltooii.

The Old Residency: Hierdie eiendom van ongveer een en 'n kwart morg is in 1839 aan Thomas Barry gegee. Hy het onmiddellik 'n huis hierop gebou wat gedien het as sy dorpshuis, aangesien hy op Port Beaufort gewerk het.

The Cottage: Dit staan op grond wat in 1832 aan Otto Willem Falck gegee is. Die huis is waarskynlik gedurende die 1830's gebou.

Auld House: Die huis het voorheen behoort aan Wilhelm Paulzen. In 1826 is dit deur Joseph Barry gekoop en in 1834 is dit deur 'n brand beskadig. Barry het dit in 1835 herstel en boonop 'n ry nuwe kamers voor aangebou.

2. E.H.Burrows: Overberg Outspan, p. 67.

3. C.O. 2776 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 22.II.1838, no. 62.

4. C.O. 49II Lett. Des.: Bell-Rivers, 30.II.1838, p. 376.

Hope Lodge: Gebou in 1839 deur W.Hopley, wat vanaf 1821 tot 1868 landmeter was op Swellendam.

Kliprivier: Martinus Steyn het in 1833 eienaar geword van die huis. Dié woonhuis is van dag nog die mooiste en besbe- waarde in Swellendam. Martinus Steyn was die oorgrootvader van die latere president van die O.V.S., M.T.Steyn.<sup>5)</sup>

Rothman se J.V.D.S.-Huis: Die huis is gebou deur Johannes Christoffel Rothman in 1834. Tomlinson verduidelik na aan- leiding van gegewens verkry van mnr. Dauw Gerbrandt Steyn van die plaas Voorhuis langs die Breërivier, gebore 1855, dat J.V.D.S. staan vir: Jaar Van De Slaven. Dit word be- vestig deur die woorde "Vry Gekoght" wat aangetref word op een van die gewels. Langs die huis was 'n klein buitege- bou wat Rothman vir sy wamakery gebruik het.<sup>6)</sup>

Die Barry Godown: Die besigheidsperseel van Barry en Neefs, gebou teen 1830. Dit het links van die N.G. Kerk gestaan. Godown is afgelei van die Maleise 'godong' wat winkel be- teken.

Westfield: Die opstal is in 1832 deur Benjamin Moodie gebou. Moodie, die laaste "Laird" van Melsetter in die Orkney- eilande, het in 1817 'n groep van byna 200 Skotte na die Kaap gebring, waarvan die meeste hulle by Swellendam ge- vestig het. In Oktober 1831 het Sir Lowry Cole 'n stuk grond van 5250 morg, oos van Port Beaufort, aan hom gegee. Hy het die plaas Westfield vernoom, "after the ancestral home of his mother's family." 'n Interessante voorwaarde verbondé aan die toekenning van die grond aan hom was dat

---

5. Tomlinson: Geskiedkundige Swellendam, p. 38.

6. M.E.& A. Rothman: Die Drostdy op Swellendam, p. 23I.

die bemanning van alle skepe, te alle tye, vry toegang na die water wat tussen die duine aangetref is, moes hê. Hy is in 1856 daar oorlede.<sup>7)</sup>

### Bevolkingsaanwas.

Teen 1828 was daar 13 844 inwoners in die distrik.

Hulle is soos volg saamgestel: 6844 blankes; 3914 vrykleurlinge en 3086 slawe. Die dorp het ongeveer 1 100 inwoners gehad naamlik 673 blankes, 159 Hottentotte en 257 slawe. Daar was natuurlik ook vier sendingstasies in die distrik plus die inrigting vir melaatses. Die inwonertal by die verskillende sendingstasies was soos volg:

Genadendal .....	1 284
Elim .....	174
Zuurbraak .....	501
Zoar .....	213
Hemel en Aarde .	<u>120</u>

2 292 8)

Die inwoners van die distrik was feitlik almal by die landbou betrokke. Nege en neëntig was betrokke by die vervaardigingsbedryf - veral wamakery en die boubedryf - en drie by die handel.<sup>9)</sup> Die publieke geboue het op daardie tydstip bestaan uit: die drostdy vir gebruik deur die siviele kommissaris vir woonhuis en kantore en die poskantoor; die hofsaal van die magistraat en die kantore van die vrederegter die tronk en die tronkbewaarder se huis; die kerk, pastorie en die voorleser se huis. In die dorp was daar

7. E.H.Burrows: The Moodies of Melsetter, p. 94.

8. C.O. 5970 Cape of Good Hope Blue Book, 1828, p. 242; Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1830, p. 226.

9. C.O. 5970 Cape of Good Hope Blue Book, p. 242.

tussen vyftig en sestig privaat huise.<sup>IO)</sup>

Teen 1841 het die inwonertal van die distrik aange-groei tot 17 561, soos volg saamgestel: 8784 blank en 8777 nie-blankes. By die sendingstasies was nog 'n verdere 3 000 nie-blankes saamgetrek. Die posisie was nog steeds dat feit-lik al die inwoners betrokke was by die landbou; 280 was betrokke by die vervaardigingsbedryf en 320 by die handel. Die vervaardigingsbedryf, veral die wamakery, het belang-riker geword as gevolg van die groot aanvraag na waens wat geskep is deur die verskerpte boerderybedrywighede en aan-vraag vanaf anderkant die Oranjerivier. Baie meer mense was nou ook betrokke by die handel as gevolg van die groot-skaalse handelsbedrywighede van die firma Barry en Neefs te Port Beaufort, Swellendam en Riversdale. Die publieke geboue was nog dieselfde as in 1828, behalwe dat die Oefe-ningshuis en Leeskamer bygekom het. Die dorp het op daardie stadium ongeveer negentig private huise bevat.<sup>II)</sup>

#### Die Mark:

In Oktober 1838 het Harry Rivers die regering se toe-stemming gevra tot die oprigting van 'n mark vir 'n proef-periode van twee jaar. Hy het die wens uitgespreek dat die voordele wat uit so 'n mark voortspruit, die inwoners daartoe sou beweeg om 'n munisipaliteit saam te stel. Hy het ook aanbeveel dat die mark voor die kerk gehou sou word op die terrein wat oorspronklik uitgehou is vir die doel.<sup>I2)</sup> Die regering het hierdie versoek op 26 Oktober 1838 toege-

IO. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1830, p. 225.

II. C.O. 5982 Cape of Good Hope Blue Book, 1840; Cape of Good Hope annual Register, Directory and Almanack, 1841, p. 354.

I2. C.O. 2776 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 22.IO.1838, no. 49.

staan.<sup>I3)</sup> Die mark was onder beheer van 'n markmeester, wat aangestel is deur die siviele kommissaris. Die eerste persoon wat hierdie amp gevul het, was G.M.Denner. Die regulasies vir die mark op Swellendam het onder andere die volgende ingesluit: Die mark sou gebou word op die oop stukke grond tussen die winkel van Barry en Neefs en die publieke leeskamer, en tussen die pastorie en die huis van Christoffel Coetzee - eersgenoemde terrein is vir die gebruik van waens en laasgenoemde vir die gebruik van lewend hawe. Die mark sou elke dag oop wees, behalwe op Sondae, Kersfees, Goeie Vrydag en gedurende Nagmaalsnaweke op die Voorbereidingsdag na 12 uur en op dankdae voor 12 nm; elke gebruikmaker van die mark sou aan die markmeester 2,25d. betaal as registrasiefooi; alle verkope sou vir kontant alleenlik wees; alle artikels sou aan die hoogste bieder verkoop word; indien 'n verkoper nie tevrede was met die hoogste bod nie, kon hy sy produkte in die dorp verkoop op sy eie manier.<sup>I4)</sup>

#### Die Bank;

'n Takkantoor van die Kaapse Bank is in Swellendam op 20 Julie 1832 geopen. Deposito's is elke tweede Saterdag ontvang tussen 3 en 5 nm. Die president van die bank was H.Rivers en die sekretaris, John Barry.<sup>I5)</sup>

#### Die Leeskamer en Kerkbiblioteek.

Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 7 Julie 1834 het

I3. C.O. 49II Lett. Des.: Bell-Rivers, 20.IO.1838, p. 296.

I4. Government Gazette, 28.I2.1838, no. I723.

I5. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1833, p. I75; Ibid., 1838, p. IO5.

ds. Robertson bekend gemaak dat hy van plan is om 'n biblioteek vir die kerk op te rig.<sup>I6)</sup> 'n Kerkbiblioteek het gevolglik tot stand gekom. 'n Klomp boeke is in 'n kas ontdek en binne in die boeke staan geskrywe: SWELLENDAMSE KERK BIBLIOTEEK.

Plattelandse kerkrade het wel biblioteke gestig. Die voorbeeld van Graaf-Reinet, waar 'n kerk biblioteek onder ds. Abraham Faure in 1819 gestig is, is bekend. Faure se kerkbiblioteek het waarskynlik vir ds. Robertson op die gedagte gebring om 'n soortgelyke boekery op Swellendam te stig.

Ds. Robertson het hom gelyktydig vir die Swellendam Reading Society - die voorloper van die openbare biblioteek - beywer. F.W.Reitz het saam met ds. Robertson 'n groot rol in die totstandkoming van die vereniging gespeel, wat die tweede oudste van sy soort in die land is. Dic Reading Society is tussen 1834 en 1838 gestig.<sup>I7)</sup> In 1836 het Harry Rivers namens die vereniging aansoek gedoen om 'n stuk grond van vyftig vk. voet vir die oprigting van 'n gebou wat as leeskamer en biblioteek kon dien. Die versoek is toegestaan en 'n gebou is kort hierna opgerig.<sup>I8)</sup>

'n Kerk biblioteek en 'n openbare biblioteek is dus feitlik gelyktydig opgerig en albei onder aansporing van ds. Robertson. Die redes vir hierdie verskynsel was heel-waarskynlik die volgende: Ds. Robertson het in Brittanje hierdie soort biblioteke leer ken, wat in die agtiende

I6. G7 I/I: Swellendamse Notule, 7.7.1834, p. 213.

I7. R.F.M. Immelman: 'n Ou Boekversameling en sy Kultuur-historiese Betekenis, p. 3.

I8. C.O. 4907 Lett. Des.: Bell-Rivers, II.4.1836, p. 227.

eeu deur dr. Thomas Bray en eerwaarde James Kirkwood aan die gang gesit is; dit mag selfs wees dat die taalmoeilikhed 'n beslissende faktor was, want die openbare biblioteek het hoofsaaklik Engelse literatuur aangehou terwyl die kerk biblioteek slegs voorsiening gemaak het vir Hollandse literatuur.<sup>19)</sup>

Die bibliotekaris van die openbare biblioteek in 1838, was 'n Mantatee. Hy was as kind in 'n kafferstat, tydens een van die kafferoorloë, agtergelaat. Hy is opgetel in Griekwagebied deur 'n sekere George Thompson van Kaapstad. In Kaapstad het hy skoolopleiding ontvang. Dit blyk dat hy baie bekwaam was in sy werk.<sup>20)</sup>

#### Beskrywings deur Reisigers.

Reisigers soos Andrew Steedman, Charles Bunbury, John Fawcett en James Backhouse, wat gedurende hierdie jare die dorp besoek het, skryf almal van die dorp wat 'n skoon en mooi voorkoms het. Hulle maak melding van die goedgeboude huise wat geleë was op groot erwe, omring deur netjiese tuine, boorde en lane.<sup>21)</sup>

19. Immelman: 'n Ou Boekversameling, p. 3.

20. J. Backhouse: A Narrative of a visit to the Mauritius and South Africa, p. 94.

21. Reisbeskrywings van J.F. Bunbury, p. 97; J. Fawcett, p. 26, A. Steedman, p. 330; J. Backhouse, p. 94.

HOOFSTUK V.BESONDERE KOLONIALE VRAAGSTUKKE.Die Vrystelling van die Slawe.

In 1826 is 'n "Slave Protector" in Kaapstad en "assistant Protectors" in die buitedistrikte aangestel en is die slawe aangemoedig om hul klagtes na hierdie beskermhere te bring. Dit het meegebring dat verskeie hofsake gevolg het, waarin slawe teenoor hul eienaars te staan gekom het. Eienaars het dikwels te swaar strawwe aan hul slawe uitgedeel. Die swaarste straf wat vir so 'n oortreding opgelê kon word, was £50 boete en drie maande tronkstraf. In gevalle van herhaalde oortredings kon die eienaar die reg om slawe aan te hou, verbeur.<sup>I)</sup>

'n Ontleding van die hofsake vanaf Januarie 1828 tot einde 1834 waarby slawe betrokke was, toon die volgende: Gedurende hierdie tydperk het een en vyftig sake in die distrikshof en rondgaande hof gedien. By vyf en dertig van hierdie sake was die eienaars die aangeklaagdes en slawe die klaers. Die mees algemene klag was die van mishandeling van slawe deur eienaars, maar etlike eienaars is ook daarvan aangekla dat hulle hul slawe nie voldoende kleding en voedsel gegee het nie; twee en twintig eienaars is skuldig bevind en gestraf. Die mees algemene straf wat in die distrikshof gevel is vir mishandeling van slawe was £5 boete, terwyl die mees algemene straf wat in die rondgaande hof gevel is die van £10 boete was; in sommige gevalle waar die eienaars vrygespreek is, het die slawe wat

---

I. I/SWM I6/6a, I6/32, I6/33.

valse aantygings gemaak het, dikwels straf ontvang wat gewissel het van ses dae tronkstraf tot vier en twintig houe lyfstraf; Die ander sestien sakc het gehandel oor misdrywe soos perdediefstal, veediefstal, aanranding, dros-tery, ens. Twaalf van hierdie slawe is skuldig bevind. Die maksimum boete wat in hierdie gevalle opgelê is, was vier jaar tronkstraf en 100 houe lyfstraf - vonnis gevel in die distrikshof in 1828 - en tien jaar tronkstraf en vyftig houe lyfstraf - vonnis gevel in die rondgaande hof in September 1833.<sup>2)</sup>

In Augustus 1830 is bepaal dat elke slawe-eienaar 'n strafboek moes aanhou, waarin hy duidelik moes opteken welke strawwe hy aan sy slawe toedien en wat hy twee maal per jaar aan die slawebeskermmer moes voorlê. Baie slawe-eienaars het eenvoudig geweier om hierdie strafboeke aan te skaf. Vanaf Desember 1830 tot Junie 1831 het slegs sewentien persone in die Kaapse en nege en vyftig in die Stellenbosse distrik verslae ingedien. Vanaf 25 Junie tot 24 Desember 1831 het slegs vyf slawe-eienaars die strafboeke ingestuur, naamlik twee van Stellenbosch, twee van Albanie<sup>1)</sup> en een van Uitenhage. Behalwe bogenoemde het die volgende aantal slawe-eienaars beëdigde verklarings afgelê dat hulle glad nie hul slawe gestraf het nie. Kaapse Distrik 3, Stellenbosch 13, Swellendam 15, Albanie 10, Beaufort I en Uitenhage I. Vir die daaropvolgende tydperk tot Junie 1832, het slegs twee eienaars van die Albaniese distrik strafboeke ingestuur. Die eerste keer dat ons vind dat eienaars

---

2. E.Hengherr: Emancipation and After, p. 21.

van die Swellendamse distrik strafboeke ingestuur het, was gedurende die tydperk 25 Desember 1832 tot Junie 1833 toe twee eienaars strafboeke ingestuur het. Dit was ook die laaste keer, want die Kaapse regering, bewus van die onuitvoerbaarheid van hierdie bepalings ten opsigte van strafboeke het niemand as gevolg van versuim om hierdie boeke uit te neem, vervolg nie. Rogers, die slawebeskermer in Kaapstad, was geweldig teen die maatreëls en het dit beskou as "not suited to the locality of this place."<sup>3)</sup> Teenkanting teen hierdie maatreël was heftig en in distrikte soos Paarl, Stellenbosch en Worcester het dit tot openlike uitbarsting gekom. In die Paarl byvoorbeeld is die assistentbeskermer en distriksgeneesheer se vensteruite stukkend gegooi. Persone wat op Stellenbosch hul strafboeke kom voorlê het, is met klippe gegooi en uitgejou.<sup>4)</sup> Sulke voorvalle het nie op Swellendam voorgekom nie, maar dit kan aangeneem word dat ook die Swellendammers oor hierdie maatreël gegriefd was.

Swellendam het teen 1830 die tweede meeste slawe-eienaars aan die Kaap gehad soos die volgende tabel aantoon:

Stellenbosch .....	842	eienaars
Swellendam .....	557	"
Worcester .....	507	"
Graaff-Reinet .....	438	"
Kaapse distrik .....	369	"
Somerset .....	333	"

3. S.O. 3/20 A: Observations of the Protector of Slaves from 1.9.1829 to June 1834.

4. Ibid., 24.12.1830.

Uitenhage ..... 270 eienaars

Clanwilliam ..... 206 "

Die syfers van George en Simonstad was nie beskikbaar nie.<sup>5)</sup>

In Augustus 1833 is 'n wet gemaak waarvolgens daar na 1 Desember 1834 geen slawerny meer in die Britse kolonies mag bestaan het nie. Die vryverklaarde slawe sou as "apprentices" ingeboek word by hul vroeëre base vir 'n tydperk wat nie langer as 1 Augustus 1838 sou duur nie.

In 'n brief van 5 Januarie 1834 aan die koloniale kantoor in Kaapstad, sê Rivers dat hy die omsendbrief in verband met die komende vrystelling ontvang het. Hy het deur middel van sy veldkornette die nuus deur die distrik versprei. Die eienaars van slawe het die nuus goed ontvang, alhoewel daar bedenkinge was oor die toekomstige arbeidsvraagstuk.<sup>6)</sup>

Volgens die verslag van die kommissarisse wat die slawe aan die Kaap gewaardeer het, was daar 39 021 slawe aan die Kaap met 'n waarde van £3 041 290. Elke slawe-eienaar sou dus gemiddeld £85 per slaaf ontvang. In 1835 het die Kapenaars egter tot hul ontnugtering verneem dat slegs £1 247 401 vir die Kaapse slawe beskikbaar was. Die slawe-eienaars sou slegs 40% van die kompensasiegeld wat hulle wettig toegekom het, ontvang. Hierdie eise sou bowendien nie in kontant nie, maar in Britse skuldbriewe of staatsaandele uitbetaal word. Die gemiddelde waarde van 'n slaaf van £85 is daardeur meteens tot £35 vermind.

5. E.Hengherr: Emancipation and After. Syfers ingestuur na die Kaapse Slawekantoor, Februarie-Mei 1831, in antwoord op 'n omsendbrief van 4.2.1831.

6. C.O. 2747 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 15.I.1834, no. 5.

der. Oorsese agente en spekulante het die verwarring uitgebuit deur slawe-eienaars se eise vir 'n appel en 'n ei op te koop. Die gevolg was dat baie slawe-eienaars uiteindelik slegs een vyfde en selfs minder van die kapitaalwaarde van hul slawe gekry het. In hierdie oopsig was die Swellendammers gelukkig want, met prysenswaardige onderneingsgees, het die firma van Barry en Neefs op Swellendam onderneem om die lastige werk in verband met die opstel en instuur van eise op hulle te neem namens die Swellendammers. Gedrukte vorms, wat aan die firma "power of Attorney and Agent to prefer and establish claims for compensation," toegeken het, is versprei onder slawe-eienaars. Die eienaars moes dit onderteken. Hiermee het saamgegaan 'n omsendbrief waarin dit gestel is dat Joseph Barry persoonlik die verrigtinge in Londen in 1835 sou bywoon.<sup>7)</sup> Kort daarerna moes Joseph Barry egter na die oosgrens vertrek as bewervoerder van 'n deel van die Swellendamse burgermagte. Thomas of John Barry kon gevolglik ook nie die distrik verlaat om na Londen te reis nie. Hulle het gevolglik met die firma Thomson, Watson & Co. in verbinding getree en hierdie firma het aangebied om die transaksie ten oopsigte van die slawe af te handel. Dit het ongelukkig meegebring dat die eienaars minder vir hul slawe gekry het aangesien die firma van Thomson, Watson & Co. ook 'n kommissie geneem het.

Die volgende tabel toon aan wat die posisie van die Swellendammers was ten oopsigte van die aantal slawe in die distrik, die indeling in klasse, die aanvanklike waarde

7. E.H.Burrows: Overborg Outspan, p. 263.

waarteen die slawe gevalueer is en die finale bedrag wat toegeken is. Van laasgenoemde bedrag moes natuurlik nog afgetrek word die kommissie wat aan die verskillende agente verskuldig was.

Klas waartoe slawe behoort het/Aanvanklike waardasie/Finale bedrag

"Praedial"

Tradesmen	23	£3. 190	£1 308
Inferior tradesmen	9	£ 555	£ 227
Field Laborers	695	£91 304	£37 444
Inferior Laborers	220	£13 604	£5 579

Non Praedial

Head Tradesmen	20	£3 532	£1 448
Inferior tradesmen	13	£1 163	£ 477
Head Domestic Servants	693	£78 110	£32 033
Inferior Domestic Servants	857	£52 204	£21 400

Children under 6 years of age on 1.12.1834

653 £12 460 £5 110

Aged, Diseased, or otherwise non-effective

365	£6 646	£2 725
3546	£262 768	£107 760

8)

Die Grensoorlog van 1834-1835.

Alhoewel die Swellendamse oosgrens, die Gouritzrivier, teen 1834 ver verwyder was van die Kaapse oosgrens, die Keiskamarivier, vind ons dat die Swellendamse kommando onder aanvoering van veldkommandant Jacobus Linde en sy

8. Verwerking van informasie verkry in S.O. 20/61: Total number of slaves in the various districts according to the several classes and values.

seun, J.C.Linde, ook aan die oosgrens optree tydens die groot Xhosa-inval van 1834-1835.

Heelwat verwarring het geheers in verband met die oproep van die kommando. Op 2 Januarie 1835 word die kommando gelas om hulle gereed te hou om na die grens te vertrek.<sup>9)</sup> Op 8 Januarie word Harry Rivers gelas om die burgermag so spoedig moontlik te laat vertrek. Hulle word ook versoek om soveel moontlik perde met hulle saam te neem aangesien daar 'n groot tekort aan perde op die grens was. Op hierdie dag is krygswet ook uitgeroep oor die hele Kolonie.<sup>10)</sup> Die volgende dag egter, word hierdie opdrag weer herroep, aangesien toestande op die grens blykbaar verbetter het.<sup>11)</sup> Op 16.I.1835 ontvang die burgers opdrag dat hulle maar met hulle normale boerderybedrywighede kon voortgaan.<sup>12)</sup> Op dieselfde dag egter, skryf sir Harry Smith vanaf die oosgrens aan J.Bell, die koloniale sekretaris, en rapporteer dat hy bevel gestuur het aan Harry Rivers om 150 burgers te perd op te roep en dadelik grens toe te stuur.<sup>13)</sup>

Intussen het die Kaapse goewerneur, sir Benjamin D'Urban, persoonlik na die grens vertrek en op 22 Januarie 1835 skryf Bell aan hom dat hy 'n brief van Rivers ontvang het waarin Rivers melding maak van die feit dat hy Smith se opdrag van die 16 de ontvang het en dat sy burgermag onmiddellik sou beweeg. Hy - Rivers - betreur egter Smith

---

9. C.O. 4906 Lett. Des.: Bell-Rivers, 2.I.1835, p. I.

10. Ibid., 8.I.1835, p. 7.

11. Ibid., 9.I.1835, p. 9.

12. Theal: Documents Relating to the Kaffir War of 1835, Bell-D'Urban, 22.I.1835, p. 33.

13. Ibid., 16.I.1835, p. 18.

se vroeëre besluit dat die burgers nie meer benodig word nie, aangesien dit groot verwarring meegebring het. Bell het egter onmiddellik aan Rivers geskryf en hom aangeraai om die afdelings, wat gereed was, solank aan te stuur.<sup>I4)</sup>

Rivers het sy troepe self na die grens begelei. Saam met die burgers het ook I47 Hottentotte, afkomstig van die Swellendamse distrik, hoofsaaklik van die sendingstasies Genadendal en Zuurbraak, na die grens opgetrek. Aan die grens is hierdie Hottentotte ingedeel by die "Ist. and 2d. Battalion Prov. e Colonial Infantry and Cape Mounted Rifles."<sup>I5)</sup>

Dit blyk dat daar aanvanklik onenigheid was tussen Rivers en veldkommandant Linde snr., want op 30 Januarie skryf Bell soos volg aan D'Urban: "Mr. Rivers has been plagued by a doting old Field Commandant, who is not unlikely to make his appearance before you with a complaint. If he does he should just be sent back to his quiet home. He tried to prevent the Genadendal Hottentots from following Rivers, but they knew better."<sup>I6)</sup> Linde is by sy aankoms deur die goewerneur gelas om vanaf Uitenhage na sy plaas terug te keer. "De Heer Linde naderhand zyne dwaling bespeurd heeft en eene apologie gemaak zoo als blykt uit het volgend adres aan zyne Excellentie ..... 'Moge het uwer Excellentie welgevallen zyn. Dat ingevolg van een confrentie, welk ik heden morgen heb gehad met uwe Excellentie, ik niet aarzel te zeggen dat ik geen het minste voornemen

I4. Theal: Documents relating to the Kaffir War of 1835, Smith-Bell, 22.I.1835, p. 33.

I5. C.O. 2754 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 22.8.1835, no. 35.

I6. Theal: Documents relating to the Kaffir War of 1835, Bell-D'Urban, 30.I.1835, p. 44.

had de meerderheid van den Civilen Commissaris van Swellendam te betwisten, en indien eenige uitdrukking van my, geuit in den drift van het oogenblik, hem eenige smart heeft gegeven doet my zulks leed, en maak ik er myne apologie voor." Die apologie is aanvaar en van toe af was daar nie verdere probleme nie.<sup>17)</sup>

Rivers het die burgers tot op Uitenhage vergesel en toe verlof gekry om na Swellendam terug te keer. D'Urban skryf: "I entirely concur in the expediency of his returning to his District, and by this post I direct him to do so, after he has sent on his last division from Uitenhage."<sup>18)</sup>

Veldkommandant Jacobus Linde was aanvoerder van die Swellendammers in die slag van Bloubergstrand. Toe die Engelse vloot op 4 Januarie 1806 in Tafelbaai aankom, was hy reeds kommandant van die Swellendammers.<sup>19)</sup> In 1811-1812 was hy weer met sy kommando in die veld, hierdie keer teen die Xhosas tydens die Vierde Xhosa-oorlog. Ses jaar later lei hy ook die Swellendammers in die Vyfde Grensoorlog van 1818-1819.<sup>20)</sup> Tydens die oorlog van 1834-1835 was hy dus al 75 jaar oud. Alhoewel toestemming aan hom verleent is om tuis te bly weens sy hoë ouderdom, het hy nie van die aanbod gebruik gemaak nie. "His zeal and activity, and his anxiety to meet and repel the barbarian invaders of the country, were the theme of general remark on his arrival at headquarters."<sup>21)</sup>

17. South African Commercial Advertiser, 14.IO.1835.

18. Theal: Documents relating to the Kaffir War of 1835, D'Urban-Bell, 13.2.1835, p. 56.

19. Tomlinson: Geskiedkundige Swellendam, p. 94.

20. Ibid., p. 97.

21. R.Godlonton: The Irruption of the Kaffir Hordes, p. II3.

Uiteindelik het 453 burgers van Swellendam op die grens diens gedoen soos die volgende statistiek aantoon:

"State, strength of the Burgher Forces Actually in the Field, Head Quarters, 8.3.1835.

<u>Corps / Commanded by/Stationed at/Fit for duty/Agter/Wagons</u>	<u>Men /Horses/Riders/</u>
Swellendam Fd. Comdt. Fort Beaufort	158 158 67 24
dam Ist. J.N.Linde	
Div.	

Swellendam Fd. Comdt.	Rubidges near	295	295	100	36"
2d&3d.Div. J.C.Linde	Grahamstown				22)

Dat hierdie burgers hulle baie knap gedra het tydens die oorlog, sal blyk uit die volgende twee operasies waarby hulle betrokke was:

"At 2 o'clock on the morning of the 26 th. March 1835, Colonel Smith left the camp with a force consisting of Detachments respectively from the Cape Mounted Rifle Corps, 200 Swellendam Burghers, 100 Albany Burghers, and 30 men of the Corps of Guides; ...., and, after a march of 30 miles, attacted one of the Enemy's Settlements on the Umdesina, ...., and from which they were driven, leaving in Colonel Smith's hands 1 200 head of cattle which he brought back to the camp at 12 o'clock the same night, having thus made a march of 60 miles in 22 hours, besides the operations against the enemy .....Colonel Smith speaks in warm terms of praise, and especially of the veteran Field Commandant Linde, of the Swellendam Burghers."<sup>23)</sup>

22. Theal: Documents relating to the Kaffir War of 1835, p.98

23. Godlonton: The Irruption of the Kaffir Hordes, p. 121,

Government Gazette, 10.4.1835; South African Commercial Advertiser, 11.4.1835.

Tydens 'n operasie op 7 April, waarby die Swellendammers ook betrokke was, is 15 000 beeste gebuit en rapporteer die militêre hoofkwartier soos volg oor die aangeleentheid:

"The Commander in Chief was much gratified by the well-directed movements and very gallant conduct of the troops who composed the patrol under Colonel Smith, in the Buffalo Mountain ..... being detachments of the 72d. Highlanders, Cape Mounted Rifles, Corps of Ist. Prov. Battalion, and 100 burghers of the Swellendam Commando under the veteran and gallant old Field Commandant Linde. Colonel Smith acknowledges the assistance he derived from Field Comdt. Linde of the Swellendam Burghers."<sup>24)</sup>

Die hoogste lof vir veldkommandant Linde kom uit die pen van kolonel Harry Smith self toe hy skryf: "Linde is the finest old fellow upwards of 70 I ever saw, except my poor old Padre. Just such a game old fellow as he is."<sup>25)</sup>

As blyk van waardering vir die dienste wat hy tydens die oorlog gelewer het, is "two pieces of land in freehold" aan Johannes Christoffel Linde, veldkornet van Riviersonderend, aangebied.<sup>26)</sup> Ook J. Linde snr. het die rog verkry om sy plaas te omskop in 'n "freehold" plaas.<sup>27)</sup> Die oorlog het egter ook sy tol geëis want ons vind dat 'n toelaag van £3 -15 per jaar toegestaan is aan die weduwee en twee kinders van Daniel Lucas, wat op die grens gesterf het. 'n Toelaag van £3 -15 per jaar is ook toegestaan aan

---

24. Government Gazette, 3.5.1835; Godlonton: The Irruption of the Kaffir Hordes, p. 121.

25. H. Smith: The Autobiography of Lieutenant-General Smith, p. 344

26. C.O. 4910 Lett. Des.: Bell-Rivers, 5.I.1838, p. 152.

27. C.O. 4911 Lett. Des.: Bell-Rivers, 16.I.1838, p. 192.

die weeskinders van August Boorman wat ook op die grens gesterf het.<sup>28)</sup>

Na die oorlog het tussen twee- en driehonderd Swellendammers in die leeskamer op Swellendam 'n byeenkoms gereël. Verskeie resolusies is aangeneem en hieruit is 'n adres opgestel wat aan sir Benjamin D'Urban aangebied is: ".....Be pleased also, to accept the thanks of the inhabitants of this district for your kindness to the individuals who composed the Swellendam Commando and for your endeavors to alleviate the hardships to which they had become exposed on leaving their homes."<sup>29)</sup>

#### Die Groot Trek.

Uit die Westelike Provinsie het baie min Voortrekkers gekom. Volgens die verslae van die siviele kommissarisse het daar gedurende 1836 en 1837 niemand uit die distrikte Stellenbosch en Worcester by die Voortrekkers aangesluit nie. Dit is 'n betekenisvolle feit dat hierdie boere - wat die meeste slawe besit het - nie aan die Groot Trek deelgeneem het nie.

Eienaardig genoeg het daar uit die distrik Swellendam 'n betreklike sterk emigrasie plaasgevind. Dit kom enigsins vreemd voor, want Swellendam het niks met die netelige oosgrensprobleem te doen gehad nie en ook die ander redes soos byvoorbeeld die invloed van die sendelinge, rondloper Hottentotte ens., was by hulle nie 'n faktor nie. 'n Mens kon selfs beweer dat die Swellendammers, hoofsaaklik as gevolg van die invloed van hul populêre Engelsgesinde

28. C.O. 4909 Lett. Des.: Bell-Rivers, 23.6.1837, p. 232.

29. South African Commercial Advertiser, 12.9.1835.

predikant en die invloed van hul populêre siviele kommissaris, die Britse Regering goedgesind was. In die South African Commercial Advertiser van 27 Augustus 1836 lees ons as volg in verband met die trekgees wat onder die Swellendammers ontstaan het:

"The movement of our Cape farmers towards Port Natal ..... is not confined to the frontier districts .....; symptoms of the Migratory fever begin to appear amongst the sober inhabitants of the District of Swellendam. The cause therefore must be sought for in something else than Caffer depredations; or even the delay of compensation for the losses of the last war. On neither of these grounds, nor in a sense of insecurity, have the inhabitants of Swellendam any pretence for abandoning their country. The cause is to be found in an evil ..... the natural extent of the Colony compared with its present population." Die redakteur wys daarop dat die trekkers veeboere is en die veeboer is nooit baie ferm aan sy grond verbonde nie. Die veeboer is selfonderhouwend en vir sulke mense is enige land waar voldoende weiding en water is, net so goed of beter as die pleise waarop hul gebore is. Hul laat niks van waarde agter nie.<sup>30)</sup>

Die Britse Regering was bekommerd oor hierdie verskynsel. In antwoord op 'n omsendbrief rapporteer Harry Rivers in Julie 1837 soos volg: Drie families het alreeds weggetrek om hulle permanent buite die kolonie te gaan vestig; veertien families verklaar dat hulle van plan is om weg te trek; sommige het weggetrek na Graaf-Reinet en baie

---

30. South African Commercial Advertiser, 27.8.1836.

is besig om hulle voor te berei om by die boere op die oosgrens en emigrante buite die kolonie te gaan smous. Hy vermoed dat hulle op die grens sou wag vir nuus van die wat alreeds getrek het, en veral vir nuus van Jacobus en Petrus Uys "whose connections with many of the inhabitants of this district will give their report and advice considerable weight and influence." Hy het omtrent drie maande tevore verneem dat verskeie boere van Groote Zwart Berg van plan was om te trek, maar hy verstaan dat hulle sedertdien daarvan afgesien het. Hy het die volgende opgaaf in verband met families wat alreeds weggetrek het, ingesluit:

<u>Naam</u>	<u>Getal in Familie</u>	<u>Vanwaar.</u>
C. Venter	Vrou en twee seuns	Langebergwyk
J. Simond	Ongetroud	"
R. Justus	"	"
P.J. Cillie	"	"
Susanna Cloete	Drie manlike en drie	"

Opgaaf van families van voornemens om te trek.

J. Swart	Vrou en drie seuns	Breederivierwyl
M. Boukes	en vrou	"
H. Pietersen	vrou en ses kinders	Riviersonderend
H. Bester	vrou en drie kinders	"
A. Marais	geen kinders	Voor Cogmanskloof
J.P. Muller	"	Duivenhoksrivier
P.H. de Victer	en vrou	"
J.H. de Victer	"	"
F. de Victer	"	"
G.J. Gertson	"	"
C. Pietersen	vrou en twee kinders	Potteberg

M. Wessels	en vrou	Pottebergwyk
H.W. Wessels	"	"
J. Wessels	"	"
M.J. Uys	vrou en groot familie	Duivenhoksrivier
H.B. Crous	"	Swellendam 3I)

In die middel van 1838 rapporteer Rivers weer eens dat verskeie persone sertifikate verkry het met die doel om die distrik te verlaat, en hy vrees hulle gaan die grense van die Kolonie verlaat. Hy sê dat die gees om te trek die mense weer eens beetgepak het en hy is seker dat indien Dingaan verslaan word en Natal dus vir die Trekkers beskikbaar word, groot getalle die distrik sou verlaat om hulle daar te vestig.<sup>32)</sup> Hy, sowel as ds. Robertson en Joseph Barry, het hard geprobeer om hul invloed te gebruik om die mense van hul trekplanne te laat afsien. In 1838 skryf Rivers aan Joseph Barry: "I demand to know of any inhabitants travelling beyond the boundaries of the Cape Colony ..... I request that you will continue to apprise me of any additional information you may from time to time acquire on this subject, and His Excellency desires me to solicit you to use your best endeavors to dissuade intending emigrants from the prosecution of their plans, which cannot fail to involve themselves and their families in certain ruin."<sup>33)</sup>

Ds. Robertson - trouens die N.G.Kerk - was die Groot

3I. C.O. 2769 Lett. Rec.: Rivers-Bell, II.7.I837, no. 28.

32. C.O. 2776 Lett. Rec.: Rivers-Bell, I2.5.I838, no. 2I.

33. Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 7I.

Trek nie goedgesind nie. So beskryf hy byvoorbeeld in 'n brief aan John Fairbairn, redakteur van die South African Commercial Advertiser in Maart 1836 die plan om te trek as 'n dwase gedagte en noem hy die Voortrekkers "deluded people..... led away by the most foolish reasons." Hy stem ook ten gunste van die herderlike brief teen die Groot Trek van die sinode van 1837, waarvan hy die skriba was. In 'n gedrukte brief van 13 Julie 1838 - derde brief van een leraar in Zuid-Afrika aan Zyne gemeente - verwys hy na die moorde op Piet Retief en ander Voortrekkers waarin hy 'n bewys van Gods afkeur van die Trek sien, en waarsku dat diegene wat daaraan deelneem, hulle skuldig maak aan ondankbaarheid jeens die Goddelike Voorsienigheid deur ontevreden 'n land te verlaat wat met soveel burgerlike en godsdienstige voorregte geseen is. Hy het die mense derhalwe afgeraai om aan die uit tog deel te neem, en bygevoeg: "Vreest God; eer de Overheid."<sup>34)</sup>

Die mense wat wou trek het hulle egter nie laat beïnvloed nie en in Mei 1838 stuur Rivers weer eens 'n lys van name van persone wat sertifikate uitgeneem het om die distrik te verlaat:

<u>Datum</u>	<u>Naam</u>	<u>Datum</u>	<u>Naam</u>
14.7.1837	C.L. Pieterse	2.9.1837	M.J. Botha
20.7.1837	P.J. de Necker	2.9.1837	J.L. Botha
26.7.1837	A.J. van Coller	7.9.1837	G. van Deventer
9.8.1837	A.J. Olivier <sup>35)</sup>	21.9.1837	G. Rossouw
21.8.1837	J.D. Crafford	19.10.1837	H. Pieterse
1.9.1837	H.J. Bester	19.10.1837	J. Pieterse

34. G7 3/I: Derde Brief Van Eenen Leeraar in Zuid-Afrika aan zyne gemeente, pp. 9-10.

35. 'n Familie van omtrent 20 in getal sou mot hom saamtrek.

<u>Datum</u>	<u>Naam</u>	<u>Datum</u>	<u>Naam</u>
20.II.1837	H.B. Pieterse	15.3.1838	R.D. van Wyk
20.II.1837	C.P. Pieterse	15.3.1838	R.D. van Wyk jnr.
20.II.1837	P.W. Pieterse	15.3.1838	J.J. van Wyk
23.I2.1837	J. van Wyk	15.3.1838	T. McDonald
27.I. 1838	A.L. Spies	15.3.1838	P. Cronje
16. 2.1838	A.J. Odendaal	15.3.1838	A.M. Cronje
16. 2.1838	W.J. Odendaal	15.3.1838	J.Janse van Rensburg
21. 2.1838	W.J. Badenhorst	19.3.1838	A. Cronje
21. 2.1838	P.J. Badenhorst	19.3.1838	J.D. Cronje jnr.
21. 2.1838	H.J. Badenhorst	19.3.1838	J. Muller
3. 3.1838	D.J.de Villiers	19.3.1838	F. Raal
3. 3.1838	B.J. Spies	19.3.1838	J.A. Kriel
3. 3.1838	L.P. Spies		
3. 3.1838	L. Badenhorst		
3.3.1838	P.J. Badenhorst		

In verband met hierdie persone noem Rivers dat op 'n paar uitsonderings na, almal getroud is, en van hul vrouens en kinders vergesel word. Hulle trek met waens getrek deur osse maar geen ander vee word met hulle meegeneem nie. Hy noem ook in 'n aparte lys die name van nege en twintig persone wat van plan is om te trek. Omtrent 'n 100 waens en 1500 osse word in gereedheid gehou maar geen vee sal egter meegeneem word nie.<sup>36)</sup>

In die genoemde brief van ds. Robertson aan John Fairbairnwerp hy lig op die redes waarom sekere Swellendammers getrek het. Hy skryf dat hy pas teruggekeer het van huisbesoek in 'n baie afgeleë deel van die distrik, naam-

---

36. C.O. 2776 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 15.5.1838, no. 21.

lik Groot Zwarte Berg, en dat hy gevind het dat baie van die mense daar behep is met die idee om na Natal te verhuis. Hy het hulle uitgevra waarom hulle wou trek en het beide in die openbaar en privaat die mense afgeraai om aan die trek deel te neem. Hy meld dat baie van die mense, veral die vrouens, later na hom gekom het om hom te bedank vir sy verduideliking van sake en hy hoop die meeste van hulle sal die gekke idee laat staan. Sommige van die redes wat deur die mense aangegee is, behels die volgende: Dit het rugbaar geword dat die kolonie Rooms-Katolieke gaan word en dit word gesê, en baie glo dit, dat meer as die helfte van die inwoners van Kaapstad al reeds aan hierdie kerk behoort; "a sealed Law" het aangekom in die kolonie, wat die volgende Augustus oopgemaak sou word. Die inhoud het uitgelek en het geblyk te wees dat swaar nuwe belastings gehef sou word op alle eiendom en veral op wol; baie is oorgehaal om te glo dat die profeet Joël en ook Matheus 24 voorspel het dat hulle na 'n ander land moes vlug. Hul emigrasie is dus nodig om hierdie voorspelling te bewaarheid; baie glo dat hul emigrasie noodsaaklik is ten cinde die evengelic onder die heidene te verkondig; wanvoorstellings is aan hulle gegee ten opsigte van die vrugbaarheid van Natal en die aangename klimaat - "they may have three crops a year ..... it is always summer there ..... every sort of manufacture may be purchased for a fourth of the price for which it can be obtained in this Colony ..... the new Colony is to be named Palestina, and some say New Holland." Die hoofoorsaak is egter die afskaffing van die slawe en veral die geldelike verliese wat hulle gely het as gevolg van die onvoldoende kompensasie - ook die vrees

### III.

dat hulle nie arbeid sou hê nie word deur baie as rede genoem vir hul besluit om te trek. Ds. Robertson het hard geprobeer om hierdie redes te weerlê. So het hy hulle byvoorbeeld gewys op die verwoesting van Jerusalem: "I reminded them of the 12 Spies of whom only 10 spoke the truth"; dat in plaas van nuwe en swaar belastings, dit verwag word dat die "opgaaf" heeltemal afgeskaf gaan word; dat die Britse regering 'n enorme bedrag geld gegee het vir die afskaffing van die slawe en "that for this immense sum the people of England were now willingly taxed - although they had never enjoyed any benefit from the slaves and that therefore the people of England were actually more losers than the slave owners." Ds. Robertson het gevind dat die meerderheid geen klagtes teen die Britse Regering het nie. Hy skryf alles toe aan die onkunde van die mense en beveel aan dat 'n omsendbrief, opgestel in maklik leesbare taal, onder die mense versprei moes word.<sup>37)</sup> In verband met die onkunde en oningeligtheid van die mensc het William Dunn, die Britse Resident op Port Beaufort, ook 'n mening gehad. Hy skryf in 1839 aan die regering dat die nuus van die Zoeloes wat verslaan is, vir party van die Swellendammers 'n verdere aanmoediging was om te trek. "They even delude themselves with mixing up Religion in this undertaking." Hulle word verder van verkeerde informasie voorsien deur onbesonne artikels wat in die Zuid-Afrikaan verskyn. Hy beveel dus aan dat die Staatskoerant onder die boere versprei word sodat hulle die ware toedrag van sake kon leer

---

37. A.Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, Robertson-Fairbairn, p. 7.

ken.<sup>38)</sup>

William Dunn beklemtoon veral twee redes waarom Swellendammers getrek het, naamlik gebrok aan beskikbare landbougrond en die aanhoudende droogtes wat die distrik teister het. Op 15 September 1838 skryf hy aan die regering dat hy verneem het van 'n familie uit die distrik wat weggetrek het. Die familie het hom 'n vriendelike boodskap gestuur waarin hulle die groot droogtes wat die distrik teister aangee as rede vir hul deelname aan die Trek.<sup>39)</sup> 'n Paar maande later skryf hy weer eens aan die regering. Hy stel dit dat hy glo daar is veral een rede wat oorheers in verband met die deelname van die boere uit die distrik aan die Trek. As gevolg van gebrek aan grond vir die kinders van die boere, is hulle verplig om weg te trek. Hy wys daarop dat die gesinne van die boere geweldigt groot is, en hulle het nou voor die keuse gekom: beoefen landbou, trek weg, of gaan dood van honger. Hy beveel die volgende aan as moontlike oplossing vir die probleem: die regering moet aan elke dorp 'n dorsmasjien, ysterploc en 'n selfbinder stuur. Hierdie implemente moes aan die boere getoon word sodat hulle bewus kon word van die bestaan van sulke masjiene. Die Swellendammers wat 'n "Superior Cape Wagon" kon maak, kon enige masjien of implement naboots; die landbougenootskap moes akkerbou aanmoedig in plaas van "giving wool cups"; daar kon selfs probeer word om syboerdery aan te moedig want "this work would exactly suit the numerous families of the Boers"; die regering moes ook olyfboerdery

---

38. C.O. 2784 Lett. Rec.: Dunn-Bell, 22.2.1839, no. 36.

39. C.O. 474 Lett. Rec. from St. Sebastians Bay, Dunn-Bell, 15.9.1838, no. 20.

en teeboerdery aanmoedig.<sup>40)</sup>

Die regering moes dus akkerbou aanmoedig in plaas van wolboerdery, want wolboerdery word ekstensief beoefen met die gevolg dat daar nie vir al die kinders van 'n gesin 'n heenkome was nie. Intensieve akkerbou, beoefen op kleiner plase - sodat daar vir die kinders ook plase sou woes - en op gemeganiseerde wyse - sodat arbeid nie so 'n groot rol speel nie -, sou aan meer mense 'n heenkome verskaf en gevoldlik die noodsaaklikheid om te trek verwyder.

Die steeds toonemende belangrikheid van die wolboerdery en die daarmee gepaardgaande groter plase, het 'n grondhonger in die Swellendamse distrik veroorsaak. Die aanloklikheid van groot oop ruimtes buite die grense van die Kolonie was dus ongetwyfeld vir sommige Swellendammers te sterk om te weerstaan.

#### Die distrik se gevvaarlike kusgebied.

Hierdie kus, berug vir die menigte skepe wat hier vergaan het sedert die eerste seevaarder, B.Diaz, hierlangs gevvaar het, het gedurende die periode 1828 tot 1841, weer eens 'n menigte skepe, lewens on waardevolle vrag geëis. Hier volg 'n lys van die skepe wat gedurende die tydperk vergaan het:

7.IO.1829 - Die skip "Jessie" strand naby Kaap L'Agulhas in die middel van die nag. 'n Gedeelte van die bemanning en passasiers is gored. Langsien die skip die indruk gemaak het van "a fine vessel", het 'n hele aantal van die inwoners van Kaapstad besluit om aan boord te gaan vir die reis na

III4.

Algoabaai. Die nuus van die stranding het dus groot skok in Kaapstad veroorsaak;

I3.5.I83I - Die skip "George" strand naby "Dyers Island";

I5.I.I834 - Die skip "Linnecus" strand naby "Dyers Island";

I4.6.I836 - Die "Skerne" strand toe dit die Breëriviermond uitvaar. 'n Gedeelte van die vrag is egter gered. Die skip is later weer vlot gemaak sonder dat groot skade aangetriggig is;

25.7.I836 - Die skip "Doncaster" strand naby Kaap L'Agulhas. Sewe en vyftig lyke het uitgespoel. "Field Cornet Lourens and the neighbouring farmers had buried thirty men and boys, eighteen women and children and one colourred woman."

25.8.I838 - Die skip "Duke of Northumberland" strand naby Kaap L'Agulhas. Die bemanning en passasiers is egter gered;

22.2.I840 - Die skip "Venerable" strand in Struisbaai.

Niemand het omgekom nie;

I2.3.I840 - Die skip "La Lise" strand naby Kaap L'Agulhas.<sup>4I)</sup>

Na die stranding van laasgenoemde skip, vind ons die volgende artikel in die Staatskouerant van 20.3.I840:

"Wreck at Cape L'Agulhas."

The following letter from the acting Civil Commissioner of Swellendam to the Secretary to Gov.- communicating the loss of the French ship "La Lise", from Mauritius to Bordeaux, with a valuable cargo - was received in town on Saturday last. Thus the loss of another vessel, with the loss of many lives and much valuable property, is to be added to the wrecks of Arniston, Doncaster, Northumberland

4I. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, I839, pp. 283-285; C.O. 2793 Lett. Recd.: Rivers-Bell, no. IO; A. Steedman: Wanderings and Adventures in the Interior of South Africa, Vol.II, p.69; S.A.C.A.: 27.8.'36.

and Venerable to demonstrate the necessity of the erection of a Light House on this part of our coast."

Die gemelde brief maak melding van die feit dat die kaptein van die skip, Le Cacheux, en twintig bemanningslede en passasiers saam met die skip vergaan het. Slegs dertien bemanningslede het die strand veilig bereik;<sup>42)</sup> I8.IO.I84I - Die skip "Malton" strand by Walkersbaai, aangesien die kaptein in die aandskemerte die baai aangesien het vir Tafelbaai. Niemand het egter omgekom nie.<sup>43)</sup>

Op II Julie I840 is 'n publieke vergadering in Kaapstad gehou om maniere te bespreek hoe 'n vuurtoring by Kaap Agulhas opgerig kan word. Die welbekende William Porter het as voorsitter opgetree en het 'n roerende toespraak gehou waarin op die noodsaaklikheid van 'n vuurtoring by Agulhas gewys is. Heelparty seeliede, handelaars, buite-landse konsuls en vise-konsuls, het die vergadering bygewoon. Michiel van Breda van Zoetendalsvallei het ook die vergadering bygewoon en die grond waarop die vuurtoring opgerig sou word, gratis vir die doel geskenk.<sup>44)</sup>

Die vergadering het 'n besluit geneem dat hulle hul sal beywer vir die oprigting van 'n vuurtoring. Die vuurtoring sou twee ligte bevat: die een sigbaar tot 'n afstand van 30-40 myl en die ander sigbaar tot 'n afstand van 10-15 myl. Die koste daaraan verbonde sou £10 000 beloop en daar is besluit om die bedrag deur middel van vrywillige bydraes afkomstig uit die Kaap, Indië, Europa en Amerika,

---

42. Government Gazette, 20.3.I840, no. I787.

43. C.O. 280I Lett. Rec.: Barnes-Rivers, 20.IO.I84I, no. 55.

44. The Porter Speeches: Speeches delivered by the Hon.

W. Porter during the years I839-I845, p. XXV& p. XXXV.

te verkry. Die onderskeie konsuls het belowe om in die verband saam te werk.<sup>45)</sup> Teen Augustus 1840 is 'n L'Agulhas-vuurtoringfonds dus van stapel gestuur en was £685 reeds gekollekteer.<sup>46)</sup>

Die vuurtoring wat uiteindelik opgerig is, is geheel en al gebou met klip uit die omgewing afkomstig. Die lig is ontwerp deur mnr. H.I. le Paule van Parys en dit is spesiaal deur die destydse landmetergeneraal, kolonel Mitchell, uitgesoek. Die lantern was  $10\frac{1}{2}$  voet in deursnee en die lig was vanaf 'n afstand van 15 myl sigbaar. Dit is vir die eerste keer op 1 Maart 1849 gebruik en het £12 400-13-3 gekos. Die bedrag is soos volg verkry:

Bydrae van die Britse regering .....	£5 33I -4 -5
" " " Koloniale regering .....	£5 33I -4 -5
" " " "subscribers" .....	<u>£1 738 -4 -5</u>
	I2 400 -13-3 47)

45. Government Gazette, 17.7.1840, no. 1804.

46. Buirski: The Barrys and the Overberg, p. 125.

47. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1852, pp. 48-49.

HOOFSTUK VI.DIE KERK, SENDINGWERK EN DIE EERSTE MELAATSE INRIGTING  
IN SUID-AFRIKA.Die Kerk.

Die eerste predikant van die tydperk wat deur hierdie verhandeling gedek word, was ds. C.Moll. Ds. Moll het in 1816 uit Nederland na Suid-Afrika gekom. Sy eerste gemeente was Uitenhage en hy het op 6 Oktober 1823 met 'n kerkraadsvergadering sy bediening op Swellendam begin.<sup>1)</sup>

'n Ontleding van die kerk se finansiële posisie aan die begin van 1828 toon dat die toestand nie baie gunstig was nie. Die volgende afleidings kan gemaak word: Die kerkbelasting, wat deur die siviele kommissaris ingesamel is, het gedurende 1827 'n bedrag van £II7 -7 -6 opgelever. Hierdie geld is egter blykbaar direk in die distrikskas gestort en is nie aangewend om kerkskuld te delg of verbeterings moontlik te maak nie.<sup>2)</sup> Deur middel van die ander inkomstes van die Kerk; naamlik kollektes, doopgelde, bankgelde ens., is 'n bedrag van £II8 gedurende 1827 geïn. Nadat die uitgawes afgetrek is, het 'n voordeelige saldo van £40 oorgebly. Die Kerk het nog groot skulde gehad, te wete £I83 verskuldig aan die Leenbank en £375 verskuldig aan die Kaapse Kerkraad. 'n Bedrag van £IO -IO is aan ds. Moll gedurende 1827 uitbetaal vir die onderhoud van Adriaan.

Dit blyk dat Adriaan 'n slaaf was wat in 1823 vir Rds. I 000 van J.Siebert gekoop is. Die doel van die Kerkraad hiermee

I. W.A.Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, p. 52.

2. De Mist het in 1803 bepaal dat 'n belasting van 7/- op elke plaas en 4/- op elke erf gehef word ten einde die groot skuld van die Kerk te delg. Hierdie belasting is teen 1828 nog altyd gehef.

was om die groot jaarlikse uitgawes vir die reparasies van die kerklike geboue te probeer verminder. Adriaan moes sorg vir die afwit en reghou van die geboue. Aan hierdie transaksie het goewerneur Somerset sy toestemming verleen op voorwaarde dat die slaaf na vyf jaar diens vrygestel word; dat hy beskou word as die eiendom van ds. Moll, aan wie die kerkraad dan die koste in verband met sy onderhoud moes vergoed. Adriaan het dan ook in Oktober 1828 sy vryheid verkry.<sup>3)</sup>

Die skynbare onvermoë van die kerk om sy skuld af te betaal, het heelwat kritiek uitgelok. In November 1828 skryf 'n lid van die Swellendamse N.G.Kerk aan die South African Commercial Advertiser en kla hy oor die feit dat die Swellendamse kerk nog 'n skuld van Rds.20 000 het. Ook is die kerkgebou in 'n swak toestand en nogtans word die geld wat geïn word deur die opgaaf -kerkbelasting – in die kas gehou. Die volgende jaar skryf sekere inwoners aan die goewerneur, sir Lowry Cole, in verband met die Kerk se skuld en wys hulle hom daarop dat gedurende die jare 1804 tot 1828 'n bedrag van £3600 ingesamel is deur middel van die kerkbelasting. Ten spyte hiervan word die belasting nog altyd gehef en hulle vra die goewerneur om die belasting nou af te skaf.<sup>4)</sup> Aan hierdie pleidooi is nie gehoor gegee nie, want soos later sal blyk, is hierdie belasting eers aan die einde van 1840 opgehef.

Die Kerk van dié tyd was natuurlik onder staatsbeheer. Hierdie beheer het hom laat geld in onder andere die vol-

---

3. Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, p. 52.

4. C.O. 3944 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 25.4.1829, no. 87I.

gende: Die predikant en voorleser is deur die staat betaal en predikante is verplaas. Die goedkeuring van kerkraadslede deur die regering het daartoe geleid dat die volgende woorde in die Oktobernotule van elke jaar gelees kon word: "de kerkraad overgegaan tot het nomineren van nieuwe kerkrads leden voor de jaren .... ter selectie van Zyne Excel-lentie de Heer Gouverneur."; Die regering het ook die kommissaris politiek benoem - die siviele kommissaris in Swellendam - wat reg tot sitting gehad het op elke kerkradsvergadering.<sup>5)</sup> Daar was ook openlike inmenging in kerkradsbesluite, soos byvoorbeeld die volgende gevalle bewys: In 1831 is die koster, J.F.Martin, deur ds. Moll uit sy pos onthef. Die goewerneur het egter gelas dat Martin weer aangestel word, aangesien sy oortreding nie so 'n swaar straf verdien het nie.<sup>6)</sup> In dieselfde jaar berispe die goewerneur die kerkraad omdat hulle probeer inmeng het in die geval van 'n sekere B.Crous, 'n lid van die N.G.Kerk, wat met sy afgestorwe vrou se dogter wou trou, en hy stel dit soos volg: ".....regret that you should interest yourself in behalf of an individual in whose case the law admit of no interference."<sup>7)</sup>

Wat die staatsbeheer van die Kerk aanbetrif, het daar

5. Die kerkraad kon alleenlik met die medewete van hierdie amptenaar vergader "who is constantly to be present and not allow any subject to be discussed which does not relate solely to the business of the Vestry." Sy verdere pligte het onder andere ingesluit: Hy moes alle kerkboeke nagaan; alle brieue vanaf die goewerneur aan die kerkraad of vanaf die kerkraad aan die goewerneur moes onmiddellik aan hom voorgelê en deur hom onderteken word.
6. C.O. 490I Lett. Des.: Bell-Rivers, 27.5.1831, p. 305.
7. C.O. 5100 Letterbook Ecclesiastical and Schools, I.I2.1831, p. 241.

in 1828 enigsins 'n geringe toegewing gekom, want tydens die eerste vergadering van 1828 het ds. Moll bekend gemaak dat die amp van kommissaris politiek vir die buitedistrikte afgeskaf is en dat alle beslissings voortaan deur die Kerkraad geneem moes word.<sup>8)</sup>

In Oktober 1829 word 'n lichte opskudding veroorsaak toe Benjamin Moodie verkies word as ouderling.<sup>9)</sup> Moodie was 'n lid van die Skotse kerk. Ds. Moll was egter sy verkiezing as ouderling goedgesind en die Sinode het sy toestemming verleen, maar verblyftydperk van twee jaar vir toekomstige lidmaatskap vereis.<sup>10)</sup>

Op dieselfde vergadering waarop Moodie gekies is as ouderling, is ook besluit dat ouderling T.L. Moolman saam met ds. Moll na Kaapstad sou gaan as afgevaardigde na die Derde Sinode. Die knellende bande van staatsbeheer in die kerk het die behoefté aan 'n kerklike verband veral sedert 1806 dringender as ooit laat voel. In 1824 vra die Kerkraad van Kaapstad die vergunning van lord Charles Somerset om 'n algemene kerkvergadering saam te roep, veral omdat in sake van leer en tug die gemeentes aan hulself oorgelaat is, omdat hulle geen hoër gesag het nie. Somerset het sy toestemming hiertoe verleen en op 2 November 1824 het die Eerste Sinode van die Kaapse kerk te Kaapstad plaasgevind. Met die Derde Sinode van 1828 het Swellendam se twee afgevaardigdes twee sittings laat gekom as gevolg van die onverwagte vloed van die Palmietrivier.<sup>II)</sup>

8. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 3.3.1828, p. 161.

9. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 2.10.1828, p. 169.

10. C.O. 4458 Sinodale verslag aan Regering, 12.3.1830, Annexure 2.

II. Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, p. 56.



DR. W. ROBERTSON BY SY AANKOMS OP SWELLENDAM.

W.A.Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, p. 58.

Ds. Moll is op jeugdige leeftyd op die II de Februarie 1833 oorlede.<sup>I2)</sup> Hy was blykbaar nooit baie gesond nie en sy werk het daaronder gely. In die Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack van 1834 word genoem dat die kerk op Swellendam 250 kan huisves, maar met 'n populaire en bekwame predikant aan die roer van sake, kan die totaal aansienlik vermeerder word. Dit is presies wat gebeur het tydens die dienstyd van sy opvolger, ds. William Robertson, wat vanaf 1833 tot 1872 in die gemeente werkzaam was.

Die Swellendamse Kerkraad het in 'n brief van 18 Februarie 1833 die dood van ds. Moll gerapporteer, en in dieselfde brief gevra of ds. Robertson, predikant van Clanwilliam, in die vakature aangestel kon word. Hierop het die goewerneur geantwoord dat hierdie versoek "will be recorded in this office for future consideration but that he cannot hold out them any promise of their request being complied with." Teen die einde van 1833 het 'n aantal predikante vanaf Europa by die Kaap aangekom, om vakatures in die Kaapse N.G.Kerk te vul. Groot was die Swellendammers se vreugde toe hulle op 4 Oktober 1833 berig ontvang dat ds. Robertson wel op Swellendam aangestel is.<sup>I3)</sup>

"Aan ds. Robertson kom die eer toe dat hy nie alleen die langste van alle predikante op Swellendam gearbei het nie, maar dat sy volgehoue bediening ook vir die gemeente die tydperk van sy bestendiging en groei was."<sup>I4)</sup> William Robertson was 'n Skot van geboorte maar 'n Afrikaner deur

I2. C.O. 2740 Lett. Rec.: Rivers-Bell, II.2.1833, no. 9.

I3. G7 3/6: Swellendamse Inkomende Regeringsbriewe 1798-1845.

I4. Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, p. 57.

eie keuse. Hy is gebore op 13 Julie 1805 in die dorpie Inverurie in die Skotse graafskap, Aberdeenshire. Nadat hy gematrikuleer het, het hy hom om gesondheidsredes in ons sonnige land gevestig. Hy was een van die onderwysers wat in 1822, op sewentienjarige leeftyd, deur dr. George Thom uitgesoek is om saam met 'n aantal Skotse predikante hierheen te kom. Op dieselfde skip was ook ds. Andrew Murray. Beide ds. Murray en die jeugdige Robertson het hulle op Graaff-Reinet gevestig; eersgenoemde as predikant en laasgenoemde as onderwyser. Robertson het op Graaff-Reinet as onderwyser opgetree in die Vrye Engelse Skool en later ook 'n aandskool, die "Evening Academy," behartig. Onder sy leerlinge was in hierdie jare die latere president van die O.V.S., J.N. Boshoff; die Vrystaatse kommandante Jan Kock, Louw Wepener en Jacobus Meintjies. Robertson was skynbaar 'n bekwame onderwyser: "Hoewel toen nog zeer jong moet die onderwyzer byzonderen aanleg voor zyn vak hebben gehad, want zyn school was uiterst populair en trak leerlingen van heinde en verre."<sup>I5)</sup>

Die onderwys kon hom egter nie behou nie. Nadat hy vyf jaar onderwyser op Graaff-Reinet was, besluit Robertson om na Skotland terug te keer om in die teologie te gaan studeer. Met sy afskeid op Graaff-Reinet het landdros Andries Stockenstroem, namens die inwoners, 'n goue horlosie aan Robertson oorhandig as blyk van waardering vir wat hy as onderwysman vir die gemeenskap beteken het.<sup>I6)</sup>

Nadat hy sy M.A.-graad verwerf het, het hy hom vir drie jaar aan 'n studie van die teologie gewy en wel in

I5. De Zuid Afrikaan, 26.II.1879.

I6. Government Gazette, 27.7.1827.

die stad Aberdeen. Ten einde Hollands magtig te word, het hy hierna vir 'n tydperk na Utrecht in Holland gegaan. In 1831 het hy na Suid-Afrika teruggekeer. Op 9 Oktober 1831 het hy sy eerste preek in die Groote Kerk in Kaapstad gelewer. Vanaf 1831 tot 1833 was hy predikant op Clanwilliam. Hy is op 5 Oktober 1833 in Kaapstad met Elizabeth Henrietta Truter, 'n dogter van 'n gesiene staatsamptenaar, Petrus Johannes Truter, M.D., getroud.<sup>17)</sup>

Op 22 Desember 1833 het die bevestiging van ds. Robertson as predikant van Swellendam plaasgevind. Die bevestigingsrede is uitgesprek deur ds. Cassie van Caledon, oor Handelinge 24:25. Op die namiddag van dieselfde dag het ds. Robertson sy intreepreek gelewer na aanleiding van 2Kor. 2:I5, I6. Die volgende dag, 23 Desember, het ds. Robertson sy eerste kerkraadsvergadering gelei.<sup>18)</sup> Dit is opvallend dat die kerkraadsvergaderings vanaf ds. Robertson se komst baie volledig genotuleer is. Voorheen was die notules baie oppervlakkig.

Onmiddellik nadat hy die pastorie betrek het, het ds. Robertson die Kerkraad versoek om die groot deur in die voorportaal te laat vervang met 'n kleiner een en ook 'n agterkamer van die pastorie wat in 'n toestand van verval was, weer op te bou. Beide versoekte is eenparig deur die Kerkraad goedgekeur. Die groot deur, wat uitgchaal is, is verkoop vir Rds.52 en die nuwe deur het slegs Rds.60 gekos.<sup>19)</sup> In dié tyd verskyn egter 'n naamlose brief in die "Zuid Afrikaan," waarin die skrywer beswaar maak oor die langdurigheid van die kerkbelasting in die distrik vir die del-

I7. G.B.A.Gerdener: Bouers van Welcor, pp. 47-49; H.Mcgregor:

✓ Ds. William Robertson, pp. I-I3.

I8. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 23.I2.I833, p.I83.

I9. G7 I/I: Ibid., pp. I89-I90.

ging van die kerkskuld, terwyl die Kerkraad in gebreke bly om sy verskuldigde rente aan die Kaapse Kerkraad te betaal en oor "de onnodige veranderingen die er thans zonder voor-kennis van den kerkeraad gedaan worden." Na die oggenddiens van 10 Februarie 1834 lê ds. Robertson hierdie brief aan die Kerkraad voor. Die Kerkraad het eenparig - behalwe die broeder Streicher, wat afwesig was - dit as "eene onwaarheid" veroordeel en hulle het verklaar dat hulle nooit teenoor enigiemand 'n gedagte uitgespreek het wat kon aan-leiding gegee het tot so 'n "valsch en kwaadaardige gezegde" nie.<sup>20)</sup> Die ouerling Streicher het hom op die volgende vergadering met dié verklaring vereenselwig.<sup>21)</sup>

Die genoemde brief in "De Zuid Afrikaan" het egter ook melding gemaak van verskuldigde rente aan die Kaapse Kerkraad. Die agtergrond van hierdie turksvy wat ds. Robertson geërf het, was soos volg: In 1799 het die Swellendamse Kerkraad Rds. 4000 en weer in 1802 Rds. 2000, van die N.G. Kerkraad in Kaapstad geleën, ten einde kerk te bou. Die Kerkraad was egter onder die indruk dat die voorwaardes verbonde aan die lening soos volg was: "it must be paid to the church of Cape Town as the ability and circumstances of the church fund of Swellendam shall in any measure permit, but without interest." In 'n brief wat ds. Robertson van die Kaapse Kerkraad ontvang het, kort nadat hy op Swellendam aangeland het, het die Kaapse Kerkraad beweer dat die Swellendamse Kerkraad in 1828 besluit het om wel rente op die geld te betaal. Hierdie bewoerde besluit is egter nooit genotuleer nie en die kerkraadslede wat daardie tyd

---

20. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 10.2.1834, p. 191.  
 21. G7 I/I: Ibid., 23.2.1834, p. 194.

gedien het, het so 'n besluit ontken.

In 1822, toe die kerkfondse dit toegelaat het, is 'n bedrag van Rds. I 000 afbetaal waarvoor 'n kwitansie ontvang is waarin dit duidelik gestel is dat dit was vir 'n "diminution of the capital, but without any mention of interest." In 1833 het die N.G.Kerkraad van Kaapstad by die regering aansoek gedoen "for the payment of the debt by the church of Swellendam, and the interest thereon; and desiring the Civil Commissioner to pay from the annual collections of the Swellendam church a part thereof not exceeding £60 towards the liquidation of the debt in question." In ooreenstemming met regeringsopdrag, het die si-viele kommissaris toe in Februarie 1833 'n bedrag van £60 afbetaal. Hierop het die Swellendamse Kerkraad 'n kwitansie ontvang "for the interest due .....from the 12 th. of March 1810 - June 13 th. 1812." Na verdere korrespondensie het die Kaapse Kerkraad toegestem om rente slegs vanaf 1 Januarie 1822 te hef.<sup>22)</sup> 'n Lang korrespondensie het gevolg, selfs ook met die goewerneur.<sup>23)</sup> Op sy aanbeveling het die saak uiteindelik voor die sinode van 1834 gedien. Die kommissaris politiek van die Kaapse Kerk, sir John Truter, het sy menings oor die aangeleentheid gegee en as gevolg hiervan het die Sinode besluit dat die Kerkraad van Swellendam nie verplig was om rente op die kapitaal te betaal nie. Sowel die verteenwoordigers van die Kaapse Kerkraad as dié van Swellendam - ds. Robertson en ouderling Streicher - het in die eenparige besluit van die Sinode

---

22. C.O. 433 Lett. Rec. from Consistories, Robertson-Brink, 13.6.1834, no. 30.

23. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 7.9.1834, p. 216.

berus. Hierdie besluit is deur die Kerkraad van Swellendam op sy vergadering van 1 Januarie 1835 met groot blydskap verneem. Op dieselfde vergadering het die voorsitter bekendgemaak dat die kerkbelasting vir die jaar 1834 'n bedrag van Rds. I235 gelewer het, waarvan Rds. 800 alreeds aan die Kaapse Kerkraad gestuur is ter vermindering van hul skuld aldaar. Na die afbetaling van die Rds. 800 was hulle nog Rds. 3 400 aan die Kaapse Kerk verskuldig.<sup>24)</sup> Die £183 wat verskuldig was aan die Leenbank is reeds aan die begin van 1834 ten volle afbetaal.

Die rede waarom die Kerk eers aan die einde van 1840 al sy skuld gedelg het, was die groot brand van 25 Augustus 1834 waarin onder andere die huis van die voorleser, Paulsen, verwoes is. Die Kerkraad het besluit om vereens 'n bedrag van Rds. 10 maandeliks aan Paulsen toe te ken wat hy moes aanwend vir die huur van 'n huis.<sup>25)</sup> Aangesien hy egter nie 'n huis onder Rds. 12 per maand kon kry nie, is 'n addisionele Rds. 2 per maand aan hom toegestaan. Daar is ook besluit om die regering te vra om die voorleser se huis te herbou. Aan hierdie versoek is voldoen en die si-viele kommissaris het opdrag gekry om nog steeds die kerkbelasting te hef sodat die koste verbonde aan die bou van die huis daaruit bestry kon word.<sup>26)</sup> Slegs een tender, dié van J.C. Eksteen vir 'n bedrag van Rds. I949, is ontvang en aangeneem.<sup>27)</sup>

Op 4 Februarie 1837 is aangekondig dat die vorige jaar

- 
24. G7 I/I: Swellendamse Notule, I.I.1835, p. 221; C.O. 4458 Resolutions of the Synod. Brief van Skriba aan regering, 24.2.1835.
  25. G7 I/I: Swellendamse Notule, 7.9.1834, p. 216.
  26. G7 3/6: Inkomende Regeringsbriewe I798-I845; C.O. 5100 Letterbook Ecclesiastical and Schools, 28.8.1835, p. 465.
  27. G7 I/I: Swellendamse Notule I798-I840, 5.9.1835, p. 237.

afgesluit is met 'n batige saldo van Rds.2165 en die kassier het verlof gekry om al die orige geld op die lopende rekening vir ses maande op rente uit te sit, mits daar nooit minder as Rds.300 voor hande bly nie.<sup>28)</sup> Op 'n vergadering op 9 Januarie 1841 word die besluit geneem om aan die siviele kommissaris en die gemeente bekend te maak dat die Kerk na drie en veertig jaar vir die eerste keer sonder skuld is. Die skuld op die voorleser se huis is afbetaal en die kerkbelasting kon dus nou opgehef word.<sup>29)</sup>

Aangesien die Kerkraad besef het dat hy 'n groot bron van inkomste sou verbeur as gevolg van die afskaffing van die kerkbelasting, is besluit "dat een elke persoon eene vaste zitplaats behoorde hebben," maar dat een bank uitgehou sou word vir die gebruik van behoeftiges. Daar sal dan jaarliks betaal word vir "geslotene banken voor de pilaren Rds.2 - 4Sk. - voor de banken achter de pilaren Rds.2 - en voor banken op de gallerijen RdsI -4Sk.<sup>30)</sup> 'n Ander bron van inkomste was die verkoop van "Begraafnisplaatsen" binne die kerkgronde. In 1835 het die Kerkraad besluit, nadat verskeie inwoners daarom aansoek gedoen het, om grond aan beide kante van die kerk, maar nie agter die kerk nie, vir dié doel te verkoop op die volgende voorwaardes: "voor een graf in Eigendom vyf voet breed en ag voet lang Rds.30 - voor een dubbele = tien voet breed en ag voet lang Rds.60."<sup>31)</sup>

Daar word bereken dat daar nie minder nie as 700 grafte rondom en onder die huidige kerk moet wees.<sup>32)</sup>

28. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 4.2.1837, p. 269.

29. G7 I/2: Swellendamse Notule 1840-1948, I.I.1841, p. 25.

30. G7 I/2: Ibid., 4.7.1840, p. I2.

31. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, April 1835, p.225

32. Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, p. 118.

Aan die einde van 1841 het die Kerk 'n batige saldo van £312 -12 -5 (Rds.4 168) getoon en was al sy skuld gedelg.<sup>33)</sup>

✓ ✓ Sowel deur sy prediking, as deur sy huisbesoek, moes ds. Robertson 'n nuwe belangstelling in die gemeente waker gemaak het vir kerkbesoek, want veral met Nagmaalsgeleenthede het die kerk te klein geword vir die opkomste. Ds. Robertson was 'n gebore prediker en hy het oor 'n diep en helder stem beskik en die taal met forse krag gebruik. Hoewel hy sy preke ten volle uitgeskryf het, het hy tog 'n aantreklike en pakkende manier van voordrag gehad. Hy was besonder welsprekend en het sy gehoor end-uit geboei. Sy gepaste gebare het krag verleen aan sy prediking. Kenmerkend was cok die groot lengte van sy preke.<sup>34)</sup> By een geleentheid het 'n diens twee uur geduur en ds. Robertson moes eers die gemeente in die middel van die preek laat sing, om te rus.<sup>35)</sup> Sy omgang met sy gemeenteledere was vertroulik. As hy iemand op straat raakgeloop het, het hy altyd eers 'n kort gesprekkie aangeknoop: "he seemed to be like a landlord visiting his vast estate, or a benevolent uncle going among widespread branches of a large family."<sup>36)</sup>

Die voorsiening van meer sitplekke het egter noodsaaklik geword. Op 'n vergadering gehou op 23 Februarie 1834 word die saak bespreek en die voorsitter beveel aan dat "lope planken" van die lengte van die gang tussen die banke aangebring moes word waarop mense dan ook kon sit,

---

33. G7 I/2: Swellendamse Notule 1840-1943, I.I.1842, p. 48.

34. G.B.A.Gerdener: Bouers van Weleer, p. 50.

35. J.Baker: A Memoir of the Rev. Wm. Robertson, p. 10.

36. Ibid., p. II.

wanneer die kerk vol was. Broeders Zwart en Rothman het beloof om twee planke vir die doel te gee. Die maak van vier nuwe huurbankies is ook goedgekeur.<sup>37)</sup> Tydens die volgende vergadering vra twee rustende broeders, J.C.Eksteen en M.van As, toestemming om die vergadering te spreek. Dit het geblyk uit hul mededeling dat die bank vir die gebruik van die rustende kerkraadslede so vol was dat daar vir hulle nie plek was nie. Hulle het derhalwe verlof gevra om vir hulle, en nog nege van hul vriende, banke aan te bring op die voorpunt van die orrelgalery, op hul eie koste, mits hulle die reg verkry om te enige tyd daarop te sit sonder betaling. Geredelik het die kerkraad die gevraagde toestemming verleen, maar op die volgende voorwaardes: Hulle moes 'n netjiese bank op die orrelgalery op hul eie koste aanbring; hulle kon die sitplekke gratis gebruik vir 'n tydperk waarvan die verskuldigde sitplaasgelde gelyk staan met hul onkoste - bereken teen Rds.2 -4Sk. vir elke sitplek; daarna kon hulle of hul familie nog die banke gebruik, indien die sitplaasgelde gereeld betaal word; by hul afsterwe, vertrek uit die gemeente of versuim om te betaal, sou die sitplekke die eiendom van die kerkraad word.<sup>38)</sup>

Bogenoemde maatreëls om meer sitplekke in die kerk te verseker, het egter nog nie die probleem opgelos nie, met die gevolg dat die kerkraad net die volgende maand besluit het om, behalwe die bestaande orrelgalery, nog twee galerye in die kerk te laat oprig. Vir hierdie uitbreiding van sitplekke sou ds. Robertson tydens huisbesoek donasies van

37. G7 I/I: Swellendamse Notule I798-I840, 23.2.I834, p. I93.

38. G7 I/I: Ibid., 9.3.I834, p. I98.

gemeentelede vra. Daar is ook besluit dat 'n donasie van Rds. IO die donateur van 'n sitplek sou verseker, mits die gewone sitplekgelde van Rds. 2 -4Sk. elke jaar betaal word.<sup>39)</sup> Net twee tenders is vir die oprigting van die galery ontvang en albei vir dieselfde bedrag naamlik Rds. I 150. Een tender was die van diaken H.S. Rothman en die ander was die van 'n sekere Kerr. Die plan wat deur Kerr voorgelê is, is deur die kerkraad beskou as beter as die een wat hulle oorspronklik in gedagte gehad het. Toe tussen die twee tenders gestem word, het elkeen drie stemme gekry. Daar ds. Robertson hom nie deur sy beslissende stem met die saak wou inlaat nie, het die vergadering besluit dat die broer Rothman een van die ses ingelewerde stembriefies moes trek - waarop hy toe sy eie naam trek. Die vergadering besluit toe om die tender aan broeder Rothman toe te ken op voorwaarde dat hy die voltooide galery voor die einde van 1834 moes aflever.<sup>40)</sup> Op hierdie wyse is die probleem opgelos, en in die Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack van 1841 lees ons dat die kerk in Swellendam tot 800 persone kan bevat; die gemiddelde besoek is omstrengt 300, maar met Nagmaal is tussen 600 en 800 mense teenwoordig. Die geweldige toename in die aantal gemeentelede het daar toe geleid dat 'n ekstra ouderling sowel as diaken aangestel is.<sup>41)</sup>

In 'n algemene oorsig van die gemeente van Swellendam wat in 1837 gepubliseer is, lees ons dat 'n distrik van die

---

39. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 31.3.1834, p. 201.

40. G7 I/I: Ibid., 7.6.1834, p. 210.

41. C.O. 454 Lett. Rec. from Consistories, Robertson-Bell, I.2.1836, no. 7 & 4.10.1836, no. 58.

omvang van Swellendam, verkieslik onderverdeel behoort te word in vier gemeentes, en dat elkeen groot genoeg sou wees om 'n predikant te regverdig. Die verdeling behoort te wees: Swellendam, Vetterivier, Zwarteberg en Bosjesveld. Party van die gemeentelede woon so ver as 100 myl van die kerk af, en gevolglik kom hulle feitlik nooit in die kerk nie, behalwe tydens spesiale geleenthede soos huwlike, doop en nagmaal. Hulle is dus uitgesluit van godsdiensonderrig, behalwe wan-nee hul predikant hulle miskien besoek.<sup>42)</sup> Tot 1839 was ds. Robertson egter die enigste predikant in hierdie uitgebreide gebied. Huisbesoek het dus groot eise aan hom gestel, maar ons vind dat hy hom nie gespaar het om die uitgestrekte gemeente tot op sy uithoeke met huisbesoek deur te gaan nie. Nadat hy vier maande in die gemeente was, gee hy kennis dat hy van voornemens was om huisbesoek te doen en "Openbare Godsdiensch te houden" in die wyke Krommerivier, Duivenhoks-rivier en Gouritzrivier on dat ouerling Streicher en diaken Steyn hom sou vergesel.<sup>43)</sup> In Augustus 1835 vertel hy van geseënde huisbesoek gedurende Julie "aan de Lange, Roode en Zwarte bergen en Tradouw," toe hy vergesel is van ouerling Van Wyk vir een gedeelte en deur diaken Lourens. Hy getuig dat "de ware godsdiensch vooral aan den Zwarte berg vooruitgang maakt." Ook het hy vergesel deur diaken Müller huisbesoek gedoen, gepreek en die sakramente bedien in die Agter Kogmanskloof en in die wyk van veldkornet W.J.van Zyl. Ook hier was hy verbly oor die goeie opkomste.<sup>44)</sup> Hierdie

42. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1837, p. 40.

43. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, I3.4.I834, p. 206.

44. G7 I/I: Ibid., I.8.I835, p. 232.

huisbesoeke het dikwels te perd geskied. Dit is bekend dat die kloof agter Sparrebosch een van die gereelde deurgange van ds. Robertson was om die mense van die Swartberg te besoek waar Ladismith later aangelê is. Op een van hierdie rondtes vroeg in die veertiger jare, is ds. Robertson getref deur die vernuf van 'n seun wat langs die Groot Swartberge vee opgepas het. Op twaalfjarige ouderdom het hy met knipmes en ols 'n kakebeenwaentjie gemaak so volmaak as wat 'n mens kon verlang. Ds. Robertson het dadelik gereël dat die seun na Swellendam toe kom. Op Swellendam is hy ingeboek by Christiaan Rothman van Bellevue, waar hy die ambag van wamaker geleer het totdat hy later sy eie wamakersbezigheid gehad het. Die waentjie wat die belangstelling van ds. Robertson gaande gemaak het, kan vandag nog in die Drostdy gesien word.<sup>45)</sup>

In 1872 het ds. Robertson melding gemaak van sy veleisende huisbesoektogte in die distrik in die volgende woorde: "Ik gedenk aan de dagen van ouds, toen er voor de Gereformeerde gemeente in dit gansche district, slechts een gods-huis was, waarheen velen lange, moeijelijke en gevvaarvollen reizen moesten doen om de instellingen der openbare gods-dienst bij te wonen. Ik gedenk aan de dagen mijner jeugd, toen ik deze gansche gewesten, meestal te paard, moest doorreizen, om dan in eene boerewoning, dan in een wagenhuis of ander buitengebouw, dan wel, gelijk moermalen op het vlakke veld de blijde boodschap des Evangelies te verkondigen en de bondzegelegen onzer Christelike kerk te bedienen."<sup>46)</sup>

Tugsake, vandat ds. Robertson op die toneel verskyn het,

45. Swellendamse Drostdy Museum: Inventaris van Oudhede; Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, p. 62.

46. Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, p. 63.

het feitlik sonder uitsondering tydens elke kerkraadsvergadering op die agenda voorgekom. Reeds op 'n vergadering gehou op 23 Februarie 1834 word besluit om sekere lidmate wat, "een zeer ergerlijk en onchristelijk leven voerden," op te roep om voor die kerkraad te verskyn.<sup>47)</sup> Veral ontug en dronkenskap het dikwels voorgekom. Woorde met die volgende strekking is dikwels deur ds. Robertson geuiter: "wat den staat de Godsdienst betreft, hebben wij 'n eene onlangs-gehoudene huis besoeken van het geheel district reden gehad om te treuren vooral wegens Hoerery en Dronkenschap en het ontheilige van den Sabbat."<sup>48)</sup> Ons glo nie hierdie toedrag van sake was te wyte aan 'n vlaag van losbandigheid wat nou skielik oor die gemeente toegesak het nie, maar eerder die geval dat ds. Robertson met sy kenmerkende deeglikheid, en veral tydens huisbesoek, hom op hoogte gebring het met wat in sy gemeente aangegaan het. Losbandigheid wat lank voor sy koms sekerlik teenwoordig was, het op dié wyse aan die lig gekom en die Kerkraad onder ds. Robertson se leiding het nie gehuiwer om daarteen op te tree nie. Soos meer as een van die Skotte, het ds. Robertson 'n Puriteinse inslag gehad, en sy siening van sy werk word weerspieël in die volgende woorde. "de Leraar des evangelies, die getrouw wil zyn mag geen geval uit menschen-vreeze of menschen behagen, de waarheid achter houden of verbloemen."<sup>49)</sup>

Hierdie tugsake het die Kerkraad, en veral vir ds. Robertson, meer as een keer in netelige posisies laat beland: Op 5 September 1835 is 'n sekere lidmaat - nogal 'n

47. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 23.2.1834, p. 195.

48. R 2/I: Ring van Swellendam, 3.IO.1836, p. 243.

49. De Kerkbode, 20.I2.1879.

bejaarde lidmaat en 'n oud-ouderling van die gemeente - opgeroep om voor die Kerkraad te verskyn. Die koster het egter die vergadering meegedeel dat die betrokke lidmaat se antwoord op die oproep was: "die den Keizer spreken wil moet naar Rome gaan."<sup>50)</sup> Hy het summier geweier om verantwoording te doen vir sy dade. Hy is uiteindelik onder sensuur geplaas, en gedreig dat sy lidmaatskap beëindig sou word indien hy nie afwyk van sy ergerlike lewe nie.<sup>51)</sup> Dit was ds. Robertson se gebruik om buite-egtelike kinders privaat of in die konsistorie, na afloop van die diens, te doop. Op Sondag 26 Junie 1836, het 'n sekere lidmaat wie se buite-egtelike kind na die doopdienst in die konsistorie gedoopt sou word, die erediens verstoor toe hy ds. Robertson luid aangespreek het tydens die diens, "zoo dat de leerader verpligt was eenen Dienaar te roepen om hem uit te brengen." Sommige van die gemeentelede het eksepsie geneem teen ds. Robertson se optrede om 'n konstabel in te roep om die lidmaat te verwyder. Die Kerkraad het egter 'n "Geschrift" onderteken waarin hulle hul volkome goedkeuring aan hul leraar se optrede betuig het. Die betrokke lidmaat het egter 'n saak gemaak teen ds. Robertson en die saak sou voor die rondgaande hof dien. Juis in hierdie tyd het die sinode egter gesit en ds. Robertson het die saak daar aanhangig gemaak. Die Sinode was van mening dat die sakrament van die doop nie geweier kon word aan 'n lidmaat wat nie onder sensuur geplaas was nie. Om dié rede en veral omdat hy bevrees was dat die saak van die godsdiens skade kon ly as die saak voor "wereldlike regters" dien, het hy besluit om die kind van die betrokke lidmaat in die openbaar te doop. Ds. Robertson en die lid-

50. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 5.9.1835, p. 237.

51. G7 I/I: Ibid., I.I.1836, p. 246.

maat het gevolglik die saak geskik en daar is besluit, "dat al het voorledene vergefen soude worden."<sup>52)</sup> Die Kerkraad is egter nie deur hierdie verset afgeskrik nie en het besluit om "wat ook de uitslag van dit bÿsonder geval magt zÿn, de kerkelyke tucht met voorzigtigheid, echter met getrouwheid te zullen blyven handhaven."<sup>53)</sup>

Terwyl hy op Clanwilliam was, was ds. Robertson gretig om van gemeente te verander. Toe hy teen die einde van 1833 voor die keuse gestel word om te kies tussen die gemeentes van Malmesbury en Swellendam, het sy keuse op Swellendam gevall. "The principal reason of my wishing to leave Clanwilliam is to obtain a sphere of more active labour than this village affords. This Swellendam will present in a far greater degree . . . . , and I shall there moreover, be able to have a tolerably large English Congregation, which I should always deem desirable."<sup>54)</sup> Teen 1838 was daar ongeveer vyf en sewentig Engelse lidmate in die gemeente van Swellendam.<sup>55)</sup> Hulle het begin om 'n al belangriker rol in die gemeente te speel. So byvoorbeeld was dit hulle wat in Oktober 1838 die Kerkraad versoek het om die orrel te laat herstel. Ook het een van hulle, dr. White se vrou, aangebied om as orreliste op te tree nadat dit gerepareer is; terselfdertyd het hulle die Kerkraad versoek of die middagdiens nie voortaan in Engels kon geskied nie, en wel om 3.00 nm. in plaas van die Hollandse diens wat altyd om 1.00 nm. plaasgevind het. Hierdie versoek het die Kerkraad se algemene goedkeuring weggedra en daar is besluit om dit vir 'n proeftydperk in te stel.<sup>56)</sup> In sy herderlike brief van 2 Oktober 1841

52. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 8.I.1838, p. 290.

53. G7 I/I: Ibid., 16.9.1837, p. 282.

54. C.O. 42I Lett. Rec. from Consistories, Robertson-Bell, 30.9.1833, no. 89.

55. Cape of Good Hope Blue Book, 1842, p. 235.

56. G7 I/I: Swellendamse Notule, 6.IO.1838, pp. 297-298.

maak ds. Robertson melding van die feit dat die opkoms tydens die Engelse diens in die namiddag steeds toeneem en dat die Avondmaal tweekeer 'n jaar in Engels uitgedeel word, "en wij hopen dat deze werkzaamheden met zonder zegen zijn."<sup>57)</sup> Die broeders diakens het egter gekla dat hulle nie die Engelse taal genoegsaam verstaan nie, en gevoglik is reeds in April 1841 'n versoek gerig aan Joseph Barry en dr. White om tydens die namiddagdienste die kollekte op te neem aangesien die diakens nie "met stichting de godsdiensoefeningen in de taal kunnen bijwonen."<sup>58)</sup> Die sinode het reeds in 1834 toestemming gegee dat predikante wat daartoe in staat is ook preke in Engels mag lewer, "provided it takes place without injury to the Dutch Congregation" - dit was juis na aanleiding van 'n pleidooi wat deur ds. Robertson gelewer is.<sup>59)</sup> Vanaf 1857 is 'n tweede Hollandse diens weer eens ingestel sodat daar drie dienste op 'n Sondag gehou is -- twee in die Hollandse taal en een in Engels. Hierdie gebruik is eers in 1905 beëindig toe die Kerkraad besluit het dat daar in die toekoms slegs twee Hollandse dienste gehou sou word.<sup>60)</sup>

Gedurende die jare 1828 tot 1841 is nie veel verbeteringe aan die kerk of pastorie aangebring nie. In 1840 is besluit om "een steenen muur voor de kerk te doen bouwen," teen 'n koste van £35 -I6 -I0 $\frac{1}{2}$ .<sup>61)</sup> Ter bewaring van die kerklike papiere en boeke is in Januarie 1836 besluit dat ds. Robertson 'n kis vir dié doel kon laat maak.<sup>62)</sup> Ter beveili-

57. R 2/I: Ring van Swellendam, 2.IO.I841, p. 807.

58. G7 I/2: Swellendamse Notule I840-I948, 3.4.I841, p. 30.

59. C.O. 4458 Proceedings of the Synod I826-I835, 24.2.I835, Resolutions of Synod Letter B.

60. Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, pp. I05-I06.

61. G7 I/2: Swellendamse Notule I840-I948, I6.5.I840, p. 7.

62. G7 I/I: Swellendamse Notule I798-I840, 30.I.I836, p. 249.

ging van kerklike goedere het die kerk in 1841 sy eie ysterbrandmerk laat maak met die woord KERK, ten einde die kerk-eiendom te laat merk.<sup>63)</sup> Drie nuwe verwikkelinge wat vermelding verdien, is die volgende: Aanvanklik het geen predikant of enige prediker die tronk besoek nie.<sup>64)</sup> Toe ds. Robertson egter predikant word, het hy onmiddellik daarvan werk gemaak om dié toedrag van sake verander te kry. Deur sy bemoeienis het die regering toegestem dat die voorleser van die kerk, elke Sondag die tronk vir een uur kon besoek om godsdiensonderrig aan die prisoniers te gee. Aangesien die regering nie die voorleser wou vergoed vir hierdie ekstra diens wat hy gelewer het nie, het die Kerkraad besluit om £12 -10 per jaar aan hom toe te ken;<sup>65)</sup> in Januarie 1838 het die Kerkraad besluit om 'n Bybelkenniseksamen vir die "jonge lieden" te reël op die eerste Saterdag in September. As aanmoediging sou vier Bybels, deur die Kerkraad geskenk, as pryse aangebied word;<sup>66)</sup> Volgens sinodale besluit van 1837, sou kerkrade in die toekoms deur dienende sowel as rustende kerkraadslede gekies word.<sup>67)</sup> Die eerste gekombineerde kerkraadsvergadering wat gehou is ten einde nuwe kerkraadslede te kies vir die Swellendamse gemeente, is gehou in Oktober 1839. In die notule van 5 Oktober 1839 lees ons: "men stelde nu de vergadering uit tot na de Dankzegging op Maandag wanneer volgens herhaaldelyk gedane afkondiging eene vereenigde vergadering van Oud en Fungeerende kerkeradsleden zoude

63. G7 I/2: Swellendamse Notule 1840-1948, 3.4.1841, p. 29.

64. C.O. 5970 Cape of Good Hope Blue Book, 1828, p. 223.

65. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, I.I.1835, p. 220.

66. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 30.6.1838, p. 295.

67. De Honigby, Oktober 1839, Deel II, p. 30.

gehouden worden, ten einde de nominatie te houden."<sup>68)</sup>

Die amp van voorleser was in die vroeëre gemeentes van ons kerk in algemene gebruik. Die erediens is gewoonlik deur hom begin deur die lees van die afkondiginge en geboolie, 'n hoofstuk uit die Bybel, deur die predikant voorgeskrywe, en soms ook van die geloofsbelijdenis en die Tien Geboolie. By die afwesigheid van die predikant moes die voorleser die hele diens lei. Hy is egter nie toegelaat om sy preek voor te dra nie, maar moes dit aflees.<sup>69)</sup> Teen 1828 was die voorleser op Swellendam 'n sekere W.Paulsen. Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 4 April 1836 het hy te kenne gegee dat hy as gevolg van sy swak gesondheid wou aftree.<sup>70)</sup> Op 12 Mei 1836 is hy skielik oorlede. Twee persone, naamlik die here J.R.Keet en J.le Roux, het aansoek gedoen om die betrekking en op 'n kerkraadsvergadering gehou op 4 Julie 1836 moes 'n aanstelling gemaak word. Beide die kandidate het toe reeds geleentheid gehad om voor die gemeente op te tree. Die heer Keet is toe met sewe stemme teenoor twee verkies. Hy sou vir baie jare die gemeente en die sendingsaak op voortrefflike wyse dien.<sup>71)</sup>

Tussen die jare 1828 en 1841 het die afstigting van twee gemeentes plaasgevind, naamlik Riversdale en Bredasdorp. Ds. Robertson het van tyd tot tyd die Vetterivierwyk besoek en dan buitedienste gehou onder andere op die plaas Zeekoegat. Aangesien daar geen lokaal was nie, moes hierdie buitedienste in die ooplug gehou word. 'n Behoefté aan 'n Godshuis waarin die dienste gehou kon word, het egter al

68. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 5.I0.I839, p. 3I7.

69. Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, p. 70.

70. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, 4.4.I836, p. 25I.

71. G7 I/I: Ibid., 4.7.I836, p. 256.

groter geword. Reeds in April 1835 het ds. Robertson sy Kerkraad meegedeel dat "veLEN der inwoners van de gewesten in de nabijheid der Vetterivier, wenschten tot meerder gemak en grootere stichting bij gelegenheid van zijne bezoeken naar dat gedeelte van 't district, een gebouw te stichting, om voor de godsdienst alleen te worden gebruikt." Die kerkraad was die saak goedgesind en het selfs besluit "om de inwoners der bedoelde gewesten aan te sporen aan hun plan zoo spoedig mogelijk werkzaam te zijn."<sup>72)</sup> Die inwoners van dié wyk het dadelik vir dié doel begin kollekteer en op 10 Augustus 1835 was die som van Rds. 2 000 reeds ingesamel.<sup>73)</sup> Teen April 1837 was die fonds alreeds so sterk dat hulle hul voornemens tot uitvoer kon bring. Ds. Robertson het op 10 Junie 1837 'n vergadering belê op die plaas Doornkraal, om die saak te bespreek. Op voorstel van ds. Robertson is daar toe besluit om 'n "Godsdienstig Gesticht" op te rig, wat deur 'n direksie van twaalf bestuur sou word. Ds. Robertson is eenparig tot president gekies. Op 7 Julie 1837 is weer eens 'n vergadering belê, en toe is daar besluit om die plaas Doornkraal aan te koop vir dié doel. Die siviele kommissaris, Harry Rivers, wat hierdie vergadering ook bygewoon het, het belowe "om de Zaak op allerlei wyze in zyn vermogen behulpzaam te zijn." Die plaas is gekoop vir Rds. 6 000 van Hermanus Steyn. Kort daarna is die eerste erwe op die plaas verkoopt en die waterregte vir die erfhouers vasgestel. Daar is besluit dat die woonhuis op die plaas in 'n kerk omskep sou word. Op 5 Februarie 1838 het ds. Robertson die "Godsdienstig Gesticht," plegtig ingewy. Ook teenwoordig by die geleent-

72. G7 I/I: Swellendamse Notule 1798-1840, April 1835, p. 223.

73. A.P.Smit: Eeu fees-Album van die N.G. Gemeente Riversdale, p. 8.

heid was Harry Rivers, verskeie kerkraadslede en talle inwoners van die distrik. Die volgende Sondagoggend is nagmaal vir die eerste keer daar bedien.<sup>74)</sup>

In die godsdiens-tige verslag aan die Ring van Swellendam, 6.IO.I838, meld ds. Robertson die volgende in verband met die aangeleentheid: "Op den 5 den Februarie van dit jaar word een zeer net Godsdienstig Gesticht, in staat om ómtrent 550 menschen te bevatten, aan de Vette Rivier, sedert Riversdale genoemd, ingewijd. De groote bevolking der gewesten maakte iets van dezen aard noodzakelijk, en de milddadigheid waarmede de Inwoners tot het voltooijen van het gem. gesticht bijgedragen hebben, streckt hun tot eer." In dieselfde verslag word ook gemeld dat nagmaal elke drie maande deur ds. Robertson aldaar gehou word; op elke Sondag word daar 'n diens "door eenen goedgekeurden persoon waar- genomen." 'n Sekere Henning de Villiers het ingestem om ds. Robertson viermaal per jaar met sy perdekar op Swellendam te gaan haal en weer terug te neem na afloop van die nagmaalnaweek.<sup>75)</sup>

Die dorp Riversdale is op 30 Augustus geproklameer. In die Staatskoerant van 31 Augustus I838 verskyn die betrokke proklamasie: "De Bestuurders van de kapel onlangs opgerigt aan de Vette Rivier, in het distrik Swellendam, verzocht hebbende dat den naam van Riversdale moge worden gegeven aan het dorp dat aangelegd wordt, aan de gez. kapel en zijne Excellentie daartoe zijn goedkeuring gegeven hebbende, zal gez. dorp in het vervolg worden genoemd Riversdale."

74. A.P.Smit: Eeufoes-album van die N.G.Gemeente Riversdale, pp. 9-II.

75. R 2/2 Ring van Swellendam, p. 29.

Die siviele kommissaris, Harry Rivers, het daadwerklik belanggestel in die oprigting van die "gesticht" en die dorp. In Augustus 1838 het die direkteure van die "gesticht" hom per brief gevra of dit sy goedkeuring sou wegdra indien hulle die dorp wat rondom die "gesticht" aangelê gaan word, Riversville noem. Hulle het dit gedoen uit agting en dankbaarheid soos blyk uit die volgende aanhaling: "Esteem for yourself, and a feeling of gratitude for the benefits conferred by you on this district, and also on this place of worship, induce us to make this proposal." Rivers het hier toe toegestem, maar in 'n privaat skrywe aan ds. Robertson die volgende wysiging voorgestel: "Perhaps the managers would allow me to suggest the substitution of the name Rivers-dale for that of Riversville, being more English, and, I may say, more like Dutch."<sup>76)</sup> In November 1838 het Rivers weer eens die vergadering van die Bestuur bygewoon, en by dié geleentheid 'n kanselbybel en 'n kussing aan die "gesticht" geskenk.

Hierdie "gesticht," het na 'n tweejarige bestaan 'n selfstandige gemeente geword. Michiel van Breda het aan die begin van 1839 as lid van die Wetgewende Raad 'n voorstel ingedien dat 'n som geld beskikbaar gestel moes word uit die koloniale kas vir die onderhoud van 'n kerk op Bredasdorp, sowel as op Riversdale.<sup>77)</sup> J. Bell, Kaapse koloniale sekretaris, het die regering se besluit bekendgemaak aan ds. Robertson in sy hoedanigheid as scriba van die Ring van Swellendam. In sy brief vra hy die Swellendamse gemeente, as moedergemeente, om aan die regering bekend te maak, "as to the expediency of dividing the present parishes and the

---

76. C.O. 475 Lett. Rec. from Consistories, Robertson-Bell, 28.8.1838, no. 29.

77. De Honigby, Februarie 1839, Deel I, p. 159.

manner in which such division should be effected, as also in regard to the limits of the proposed new Parishes. "Die Ring van Swellendam het gevolglik besluit om 'n spesiale ringskommissie saam te stel, wat die verdeling en grenslyne van die onderskeie gemeentes moes vasstel en terug rapporteer aan die Ring. Die bestuur van die "gesticht" was die nuwe verwikkelinge goedgesind en op 4 Maart 1839 is besluit om in geval van afstigting afstand te doen "van alle private regten, hetsij in de kerk, de plaats of de banken" en dat alles oorgedra sou word aan die nuwe kerkraad wat tot stand sou kom.<sup>78)</sup> Die ringskommissie het besluit dat die gemeente van Riversdale provisioneel sou bestaan uit die veldkornetskappe van Riversdale, Vetterivier, Kafferkuilsrivier, Valscherivier Onder Duivenhoksrivier, Groot Zwarteburg en Langeberg- "embracing an extent of country reaching from Duivenhoks River to Gouritz River, and in the same line across the Carroo to the Zwarte Berg mountains, and containing a population of nearly 5 000 souls."<sup>79)</sup> Die ringsvergadering van Oktober 1839 het die grensskeiding tussen Swellendam en Riversdale nader bepaal en wel soos volg: Die Duivenhoksrivier, vanaf die see tot by die plaas Doornkraal van mnr. Cornelis Britz en verder dat die plase geleë op die Plattekloof en in die veldkornetskappe van Langeberg en Zwarteburg, aan Riversdale sou behoort.<sup>80)</sup>

Ds H.Moorrees is in April 1839 aangestel as eerste predikant van die gemeente en C.L.Wentzel in Desember 1839 as voorleser. Die eerste kerkraad, wat deur Rivers gekies is uit 'n lys van name wat ds. Robertson aan hom voorgelê het,

78. Smit:Eeuvees-album van die N.G.Gemeente Riversdale, p.20.

79. C.O. 485 Lett. Rec. from Consistories, Robertson-Bell, I2.3.I839, no. 27.

80. C.O. 485: Ibid., 29.IO.I839, no. I30..

het bestaan uit: Hermanus Steyn en Andries L. van Wyk as ouderlinge; J.G.Lourens, P.J.du Preez en A.L.Cronje as dia-kens.<sup>81)</sup>

Bredasdorp is afgestig van Swellendam en Caledon. Die eerste stap wat tot afstigting aanleiding gegee het, was 'n godsdiensoefening wat op 8 September 1833 in die Karsrivierwyk gehou is. Na afloop van die diens het daar 'n bespreking gevolg oor die wenslikheid van 'n plaaslike gemeente aangesien sommige van die inwoners van die wyk so ver as tagtig myl van die naaste kerk verwyder was. Daar is besluit om 'n petisie op te trek en dit is oorgelaat aan die here M. van Breda, C.Uys, J.Taljaard en P.V. van der Byl, om die petisie aan die goewerneur voor te lê. By dieselfde geleentheid is ook 'n kommissie van twaalf "Commissarissen" benoem ten einde "al het noodige te verrigten dat vereischt zoude worden tot instandbrenging dezer besluiten." Ook by' dieselfde kerkgeleentheid is voorgestel dat daar besluit word om 'n geskikte plaas aan te koop waarop die kerkdorp aangelê sou kon word. Die plase Klein Zanddrift en Langefontein is oorweeg.<sup>82)</sup> 'n Maand later is besluit op die plaas Langefontein. 'n Kommissie is benoem om met die eienaar, Dirk Odendaal, te onderhandel in verband met die aankoop en dan verslag te doen. Eers vier jaar later, op 20 Desember 1837 is die aankoop van die plaas beklink met meerderheid van stemme. Die oponthoud was te wyte aan die feit dat daar onenigheid ontstaan het in verband met die standplaas van die nuwe gemeente. 'n Groep onder P.V.van der Byl was naamlik ten gunste van die plaas Klippedrift. Langefontein is egter uiteindelik

81. C.O. 2784 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 22.4.1839, no. 55;

C.O. 5982 Cape of Good Hope Blue Book, 1839, p. I33.

82. A.Dreyer: Eeu fees Gedenkboek van Bredasdorp, p. I5.

vir £850 gekoop. Die twee groepe het nou met mekaar begin wedywer om vir die oprigting van 'n dorp en gemeente van die regering toestemming te verkry.<sup>83)</sup> Die goewerneur, sir George Napier, sowel as die Ring van Swellendam, het egter geweier om hul toestemming aan die stigting van 'n gemeente of gemeentes te gee. Daar het egter skielik 'n wending gekom toe Michiel van Breda die saak in die Wetgewende Raad geopper het. Ook in hierdie geval is 'n kommissie uit die ring benoem wat die verdeling en grenslyne moes vasstel. Die kommissie het eenparig besluit dat die gemeente op Langefontein gestig moes word. Die betrokke inwoners het die goewerneur versoek om die dorp wat rondom die kerk op Langefontein tot stand sou kom, Bredasdorp te noem, ter ere van die groot aandeel wat Michiel van Breda gehad het in die totstandkoming van die nuwe gemeente. Hierdie versoek is toegestaan.<sup>84)</sup> Gevolglik is deur die goewerneur in die Staatskoerant van 22.3.1839 aangekondig dat die gemeente Bredasdorp provisioneel opgerig is. Die kommissie van die ring het aanbeveel dat die nuwe gemeente die volgende plase sou insluit: Rietfontein, Brakfontein, Potteberg, Wydgelegen, Spitskop Kraayen, Leeuvendans, Witteklip, Ronde Heuvel, Klippefontein, St. Helena-baai, Appelskraal en Tygerhoek. Hierdie plase sou die grenslyn aan die Swellendamse kant uitmaak, terwyl die volgende plase, wat tot Caledon sou bly behoort, die grenslyn aan daardie kant sou uitmaak: Uilenkraalsrivier, Helderfontein, Goedvertrouwen, Paardebergsrivier, Koornmelksrivier, Droogboom. As eerste predikant is benoem ds. J.J. Brink vanaf

I April 1839.<sup>85)</sup> Die Ring het die aanbevelings van die kom-

83. Dreyer: Eeu fees Gedenkboek van Bredasdorp, p. I5.

84. C.O. 2769 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 8.IO.I838, no. 47.

85. C.O. 485 Lett. Rec. from Consistories, Robertson-Bell, 12.3.I839, no. 27.

missie bekragtig, bhalwe dat die plase Leeuwenkop, Witteklip en Ronde Heuvel aan Swellendam sou bly behoort en dat Klipdrift en aanliggende plase vir die teenswoordige onder die gemeente van Bredasdorp sou ressorteer.<sup>86)</sup> As eerste voorleser is aangestel C.H.Badenhorst. Die eerste kerkraad, wat op dieselfde wyse saamgestel is as dié van Riversdale, het bestaan uit: J.H.Wessels en C.J.Uys as ouerlinge; C.H. Badenhorst, A.Louw, P.J.du Toit en N.Swart as diakens.<sup>87)</sup> Die gemeente se nuwe kerkgebou is op 13 Maart 1842 ingewy. Ds. Robertson het tydens die funksie opgetree en verskeie afgevaardigdes van die kerkrade van Swellendam en Riversdale was ook teenwoordig.<sup>88)</sup>

Die Klipdrift-groep het intussen ook 'n kerk gebou en 'n dorpie gestig. Die eerste erwe is op 4 Junie 1838 verkoop. Hulle het goewerneur Napier versoek of hulle die nuwe dorpie na hom kon vernoem, en op 5 Maart 1840 is die naam Klipdrift verander na Napier deur middel van 'n kennisgewing in die Staatskoerant. Die gemeente is egter eers op 20 Februarie 1848 afgestig van Bredasdorp.<sup>89)</sup>

As gevolg van die besieling van een man, ds. William Robertson, was die periode 1834 tot 1841 dus 'n tydperk van bestendiging en ongeëwenaarde groei vir die gemeente van Swellendam. Die Kerkbode maak in die volgende woorde melding van die waarde wat hy vir ons kerk gehad het: "Indien de kerk van Zuid-Afrika iets te danken heeft - en het is niet weinig - aan de Godsdienst van Schotland, ...., dan was zeker dr. Robertson een van de werktuigen die God gebruikte

86. C.O. 485 Lett. Rec. from Consistories, Robertson-Bell, 29.IO.I839, no. 130.

87. C.O. 2784 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 22.4.I839, no. 55.

88. De Honigby, April I842, Deel IV, p. I27.

89. Theal: History of South Africa I795-I872, Vol. II, p.218.

heeft om naar dit land over te planten die leerwyze, de beginselen en die praktyk die daar tot zegen waren geweest. En dat hy dat heeft doen was vooral toe te schryven, by andere gaven, aan die geheelheid waarmede hy zich aan het land en het volk zyner keuze wydde."<sup>90)</sup>

Die eregraad van D.D. - Dokter in Teologie - is op 6 Oktober 1840 aan ds. Robertson deur sy ou universiteit, Aberdeen, toegeken.<sup>91)</sup>

### Die Sending.

Die eerste aanduiding van doelbewuste sendingwerk wat deur die kerkraad aangepak is, kom ons in Oktober 1836 teen toe die nuwe voorleser sy opdragte van die kerkraad ontvang het. Dit is aan hom gestel dat hy ook verantwoordelik sou wees vir "het ambt van onderwyzer den Heidenen en als Catechiseer-meester zal moeten werkzaam zijn." Vir sy werk as kapkiseer meester sou hy addisionele vergoeding van vier skellings vir elke lidmaat wat aangeneem word, ontvang, op voorwaarde dat hy ten minste ag dae voor die aanneming, en vir ten minste een uur per dag katkisasie, vir die wat aangeneem sou word, sou hou.<sup>92)</sup> Die eitlike sendingaksie van die gemeente dateer egter vanaf 4 Februarie 1837. Aangesien dit vir 'n geruime tyd die begeerte van vele ingesetenes was om 'n Oefeningshuis op te rig, is daar op genoemde datum tydens 'n kerkraadsvergadering "eenige voorstellen gedoen zijnde omtrent het opbouwen van een gebouw ter waarneming van oefeningen, bedestonden, en ter onderrigting des Heidenen." Bespreking van die aangeleentheid is egter by die geleentheid

90. De Kerkbode, 20.I2.I879.

91. H.McGregor: Ds. William Robertson D.D. I805-I879, p. 23.

92. G7 I/I: Swellendamse Kerkraadsnotule I798-I840, 4.I0.I836, p. 262.

uitgestel sodat eers vasgestel kon word tot watter mate die subskripsielys ondersteun gaan word.<sup>93)</sup>

Op die volgende kerkraadsvergadering kon die lede egter met blydschap verneem "dat de intekening eene zoo aamerkelike som beliep," dat daar voortgegaan kon word met die projek.<sup>94)</sup> Harry Rivers het gevvolglik op 23 Junie 1837 die aanvoorwerk begin toe hy in 'n skrywe die regering versoek het om 'n stuk grond van sewentig by vyftien voet, vir die bou van 'n Oefeningshuis, te skenk. Die grond waarom hy aansoek gedoen het, was aangrensend aan 'n stuk grond wat 'n sekere Siebert alreeds vir die doel geskenk het.<sup>95)</sup> Op 15 Julie 1837 is 'n openbare vergadering onder voorsitterskap van ds. Robertson gereël, ten einde die saak te bespreek en die nodige maatreëls daaromtrent te tref. "De algemene begeerte was dat een gebouw alhier zoude gesticht worden tot het waarnemen van Godsdienst Oefeningen, door daartoe volgens de bepalingen der Hervormde kerk goedgekeurde personen – tot het houden van Bedestonden en het onderwyzen der Heidenen." Die vergadering het besluit om so 'n gebou op te rig. Sowel die oprigting as die bestuur van die gebou sou onder 'n direksie van twaalf staan.<sup>96)</sup> Jaarliks sou vier lede aftree, wat egter weer herkiesbaar was.<sup>97)</sup> Tot eerste direkteure van die oefeningshuis het die openbare vergadering die volgende persone gekies: Lourens Badenhorst, A.P.van Wyk, P.D.L.Streicher, A.A.Cilliers, M.A.Siebert, A.J.Muller, H.S.Rothman, P.J.du Toit, P.G.Lourens, F.H.Badenhorst, J.A.van Zyl en Johannes Siebert snr. Ds. Robertson is as voorsitter gekies

93. G7 I/I: Swellendamse Kerkraadsnotule, 4. 2.1837, p. 269

94. G7 I/I: Ibid., 3.4.1837, p. 27I.

95. C.O. 2769 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 23.6.1837, no. 24.

96. G7 I9/I: Swellendamse Gestig 1837-1922, 15.7.1837, p. I.

97. Ibid., 2.7.1838, p. 8.

en hy sou gedurende al die jare van sy bediening op Swellendam hierdie amp beklee.

Die eerste vergadering van die Direksie het op 29 Julie 1837 plaasgevind. By dié geleentheid is daar besluit dat die heer Keet gevra sou word om as sekretaris op te tree.

Hiertoe het hy geredelik ingestem.<sup>98)</sup> Die voorsitter maak toe bekend dat die goewerneur 'n stuk grond vir dié doel van die oprigting van 'n oefeningshuis aan die Direkteure geskenk het op voorwaarde dat dit slegs gebruik mag word vir die doel waartoe dit aangevra is.<sup>99)</sup> Daar word toe besluit om 'n gebou van drie en sestig by een en twintig voet, "en 12 voet boven de balken in de hoogte met ronde uitgezweefde gevels, vensters groot, het bovenste gedeelte met dubbelde ramen die geopende kunnen worden; ten einde licht te geven - ook twee dubbelde dcuren, in ieder gevel een," op te rig.<sup>100)</sup> In September 1837 kon die hoeksteen deur Harry Rivers gelê word nadat ds. Robertson 'n preek gelewer het. 'n Kollekte wat by dié geleentheid opgeneem is, het 'n bedrag van Rds. I36 opgelewer.<sup>101)</sup>

Op 'n vergadering van die direkteure op 2 Julie 1838 het die boukommissie, wat bestaan het uit die here Joh. Siebert, M.A. Siebert, A.I. Muller, J.H. Badenhorst en H.S. Rothman, kennis gegee dat die gebou amper voltooi is en dat die inwyding op die eerste Saterdag van September 1838 sou plaasvind. By dié geleentheid het ds. Robertson die inwyding waargeneem terwyl ouerling Van Wyk die volgende ooggend "een Bedestond en daarby eene korte oefening" aldaar gehou het. 'n Deel van die banke was van rugleunings voorsien,

98. G7 I9/I: Swellendamse Gestig 1837-1922, 29.7.1837, p. 2.

99. C.O. 4909 Lett. Des.: Bell-Rivers, 30.6.1837, p. 248.

100. G7 I9/I: Swellendamse Gestig, 29.7.1837, p. 3.

101. Ibid., September 1837, p. 5.

terwy die ander daarsonder was. Eersgenoemde was vir gebruik deur blankes en laasgenoemde deur heidene. Wanneer 'n diens egter "opzettelyk voor de Heidenen zoude gehouden worden zou al de banken zonder onderscheid aan die regterhand van die oefening houer's standplaats voor die heidenen zouden *zin*, en die aan die linkerhand voor die Christene." Die banke direk voor die "oefening houer se standplaats" was vir gebruik deur die direkteure, kerkraad en vreemdelinge. Die mans en die vroue is ook geskei, naamlik die vrouens op die agterste banke en die mans op die voorste banke.

Minstens een van die direkteure was altyd teenwoordig tydens samekomste en die een wat teenwoordig was, was verantwoordelik vir orde en die stigtelike verloop van die byeenkoms. Die oefening op Sondagaande is deur die voorleser gehou en daar is bepaal dat die oefening op die namiddag van die Nagmaalsnaweek, "opzettelyk voor de heidenen zullen *zin*;" die oefening op Woensdagaand en die maandelikse biduur is vir die Christene en die heidene gehou; die gebou is nooit gebruik terwyl daar 'n diens in die kerk aan die gang was nie.<sup>102)</sup>

Teen die einde van 1838 was die skuld op die gebou nog Rds. 677 -2Skellings. Tot die uitdelging van die skuld het die heidene "zeer mildelyk" bygedra en gedurende 1839 het hulle 'n bedrag van Rds. 337 aan die direkteure geskenk.<sup>103)</sup> In Januarie 1839 het die direkteure besluit om Rds. 700 by die kerkraad te leen ten einde die skuld op die gebou af te betaal. Die lening is aan hulle toegestaan teen 5% rente op voorwaarde dat die gebou verassureer word.<sup>104)</sup> Aan die

I02. G7 I9/I: Swellendamse Gestig, 2.7.1838, p. 7.

I03. Ibid., 7.I.1839, p. 9.

I04. G7 I/I: Swellendamse Kerkraadsnotule, 5.I.1839, p. 302.

einde van 1844 was alle skuld gedelg en is die jaar afgesluit met 'n batige saldo van Rds.59 -7Sk. -2St. Volgens die rekening vir die jaar 1840, kan gesien word op watter wyse die geld wat ingesamel is, aangewend is:

Rekening vir die jaar 1840.

<u>Inkomste</u>		<u>Uitgawes</u>	
Aan saldo voorhande	48I	Assuransie	8
Kollekte in die kerk om skuld te delg	83	Rente aan die kerk	35
Kollekte tydens viering van die inwyding	58	6 Mud kalk	30
I "Inteekening betaald"	5	10 vragte sand	13
Rente ontvang	6	Lone vir afpleister van die gebou	II2
Kollekte op Sondagaande	7I	2 Geelhoutplanke	IO
2 Mud kalk verkoop	IO	I Kalksif en verf van deure	40
		Skoonmaak in 1840	IO
		Verbetering aan die straat voor die gebou	4
		"Aan kaarson voor't jaar	48
		Saldo	<u>399</u>
	<u>7I7</u>		<u>7I7</u>
			105)

✓ ✓ In Januarie 1839 het Harry Rivers 'n brief aan die direkteure gerig waarin hy vra "het voortdurend gebruik van het gebou voor de School tot het onderwyzen der heidenen..... belowende om te zorgen dat alle schade vergoed" en die gebou netjies en skoon "ten onkoste der School gehouden zoude worden." Die direkteure het toestemming tot hierdie versoek verleen.<sup>106)</sup> Op 19. Augustus 1839 het ds. Robertson die kerk-  
I05. G7 19/I: Swellendamse Gestig, p. I8.  
I06. Ibid., 7.I.1839, p. IO.

raad meegedeel dat hy op die eerste Sondag in September die Heilige Doop sou bedien aan "eenige heidenen aangaande wie hy de beste hoop koesterde dat zy onder den invloed der ware godsdiensch waren."<sup>107)</sup> Dit was egter nie die eerste keer dat nie-blankes deur ds. Robertson gedoopt is nie want in April 1836 is Catharina Ruyters, 'n Hottentotvrou, deur hom gedoopt en tot lidmaatskap van die gemeente toegelaat.<sup>108)</sup>

Teen Februarie 1840 was omtrent vyf en twintig kinders van "apprentices" al gedoopt asook omtrent vyftien van Hottentot en gemengde afkoms. Hulle het saam met die blankes lidmate van die Swellendamse gemeente geword. Vir meer as ses-tig jaar sou Swellendam ook sy nie-blanke lidmate hê. Hulle het die dienste in die kerk bygewoon – een vleuel van die kerk was vir hierdie doel aan hulle afgestaan – en het met dieselfde geleentheid as die blankes nagmaal gebruik.<sup>109)</sup>

#### Die eerste Melaatse inrigting in Suid-Afrika.

In 1813 het die regering elke landdros gelas om in hul onderskeie distrikte voorsiening te maak vir persone wat melaats is. Fondse vir dié doel sou deur die regering voorsien word. Swellendam was die eerste distrik wat op hierdie instruksies gereageer het. 'n Plaas is gehuur en voorbereidings is getref om akkommodasie te verskaf vir dertig Hottentot melaatses. Tentatiewe onderhandelings is ook aangeknopp om 'n plaas aan te koop – 'n afgesonderde vallei in die Babylonstoringberge tussen Caledon en die see. Dit was so hoogliggend dat dit Hemel en Aarde genoem is. Die inrigting is van die begin af goed ondersteun en teen Mei 1815 was daar geen akkommodasie beskikbaar vir melaatses wat die

I07. G7 I/I: Swellendamse Kerkraadsnotule, 19.8.1839, p. 314.

I08. W. Robertson: Oude Katryn. Pamflet uitgegee deur ds.

Robertson, kopie in G7 3/I.

I09. Alheit: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade, p. 183; I/WOC

I9/I22: Swellendamse Skoolkommissie-Rose Innes, 20.2.'40.

Stellenbosse landdros daarheen wou stuur nie.<sup>II0)</sup>

Lord Charles Somerset maak later melding van die feit dat melaatsheid in die kolonie toeneem en hy bepleit onder ander in die volgende woorde die stigting van 'n meer permanente inrigting: "It is therefore expedient to allot to Hottentots, Bastards, Freeblacks and Slaves labouring under this evil, a healthy and airy spot to retire to, where they receive such aid as they require."<sup>III)</sup> Die Britse regering was die saak goedgesind en Somerset gelas landdros Buissine van Swellendam, wat intens belanggestel het in die lotgevalle van die melaatses, om die grondgebied by Hemel en Aarde te inspekteer en te laat uitmeet. Die plek is toe gekoop van die familie van een van die pasiënte, Sanna Niemand.<sup>II2)</sup> Die koste verbonde aan die bestuur van die inrigting sou gesamentlik gedra word deur die sewe landdrosdistrikte. Jaarlikse rekenings en kwartaallikse verslae moes deur die adjunk-landdros van Swellendam, wat op Caledon gestasioneer was, ingedien word. Laasgenoemde was verantwoordelik vir die inrigting en hy moes 'n mediese superintendent en bestuurder vir die inrigting aanstel. Die prosedure waardeur 'n pasiënt toegelaat is tot die inrigting was soos volg: Wanneer 'n verdagte geval aan 'n landdros of later die siviele kommissaris, gerapporteer is, moes hy toesien dat die distriksgeneesheer die persoon ondersoek en sertifiseer as melaats. Die betrokke landdros moes dan aansoek doen by die koloniale kantoor vir toelating tot die inrigting. Indien die aansoek goedgekeur word, het die regering die adjunk-landdros van Caledon - na 1827 die siviele kommissaris van Swellendam -

II0. E.H.Burrows: A History of Medicine in South Africa, p.I03.

III. Ibid., p. I04.

II2. L.L.Tomlinson: Geskiedkundige Swellendam, p. 49.

kennis gegee van die pasiënt wat verwag word.

Geen dwang is toegepas om pasiënte vir die inrigting te werf nie, maar in 'n baie kort tydjie is omtrent eenhonderd nie-blankes toegelaat. Hulle is voorsien van kos en klere wat heelwat beter was as waaraan hulle gewoond was. Dit was die eerste gespesialiseerde gesondheidsinrigting in die Kaapkolonie.

Aanvanklik het die inrigting bestaan uit hutte, maar in 1820 het die regering twee groot geboue laat oprig - die een was vir die woning van die superintendent en die ander moes as hospitaal dien.

Tot 1822 is die inrigting bestuur deur 'n bestuurder met die naam van Parker en in daardie jaar is dr. O'Flynn as mediese superintendent van die inrigting aangestel. Aangesien hy egter slegs een keer elke veertien dae die inrigting kon besoek as gevolg van die groot afstand daarheen, kon hy nie veel mediese hulp verleen nie.<sup>II3)</sup> Dit is aan die bestuurder oorgelaat om toe te sien dat "a dose of salts, or Blue Stone" aan die pasiënte toegedien word.

In Oktober 1822 besoek dr. James Barry, die koloniale distriksgeneesheer, die inrigting en in sy verslag verdoem hy die inrigting in woorde soos: "...nothing could exceed the misery of the 120 lepers ..... squalid and wretched beyond description ..... complaints of hunger, ill-treatment, want of comforts and inhumanity of the warder .... Medical treatment totally neglected ...."<sup>II4)</sup>

As gevolg van hierdie verslag is die inrigting van toe af toevertrou aan die Morawiese Sendinggenootskap. Alhoewel die predikant van Caledon amptelik verantwoordelik was vir

---

II3. Burrows: A History of Medicine in South Africa, p. 104.

II4. Ibid., p. 105.

die inrigting se geestelike welsyn, het hulle hom feitlik nooit gesien nie. Van die begin af het die Morawiese sendelinge van Genadendal - Kaapse hoofkwartier van die Genootskap en ongeveer veertig myl vanaf Hemel en Aarde - groot belangstelling getoon in die wel en wee van die melaatses. Op versoek van Somerset het hulle nou beheer oor die inrigting aanvaar en in Januarie 1823, het eerwaarde Leitner en sy vrou na Hemel en Aarde vertrek vanaf Genadendal. Die Swellendamse landdros, deur middel van sy adjunk op Caledon, was verantwoordelik vir die administrasie van die inrigting - na 1828 was dit die verantwoordelikheid van die siviele kommissaris van Swellendam - terwyl die mediese werk deur periodieke besoekers en inspekteurs vanaf Kaapstad behartig is. Dr. James Barry is aangestel as mediese superintendent in Junie 1823. Dr. Barry het die inrigting periodiek besoek. Dr. Barry wou die inrigting graag oorgeplaas hê na Simonstad, sodat dit onder sy persoonlike toesig kon wees. Dit was eers nadat lord Charles Somerset die Kaap verlaat het, en dr. Barry as mediese superintendent vervang is, dat die verskering ontvang is dat die inrigting nie verskuif sou word nie. In 1826 is dr. John Honey aangestel as distriksgenesheer van Caledon en mediese superintendent van Hemel en Aarde.<sup>II5)</sup>

Aangesien die inrigting so naby die see geleë was, was dit baie blootgestel aan die heersende koue seewinde en stortbuie, veral in die winter. Woorde met die volgende strekking het dan ook elke winter in die mediese verslae van die mediese superintendent voorgekom: "The patients have been seriously labouring under Rheumatic affections, inflammatory sore throats, ..... owing to the exceeding cold weather, nights and mornings." Uit die kwartaallikse ver-

---

II5. Burrows: A History of Medicine in South Africa, p. 105.

slae van die superintendent blyk dit dat hierdie stortbuie en stormagtige weer dikwels reparasies vereis het aan die geboue. Gelukkig het ambagslui van Genadendal gereeld die reparasies teen 'n minimale koste kom doen.

Teen die einde van elke jaar moes die superintendent 'n lys opstel van klerasie, wat nodig sou wees vir die volgende jaar, en aan die siviele kommissaris stuur. Laasgenoemde het dit dan deurgestuur na die koloniale kantoor vir plasing van die advertensie vir tenders in die Staatskoerant. Wat die proviand aanbetrif, moes die tenders by die siviele kommissaris self ingelewer word. Elke week is sowat twintig skape geslag en elke sesde dag is rantsoene, meel, tee, suiker, seep ens. uitgedeel. Die pasiënte het hul kos self voorberei en elkeen het sy eie tuin gehad. Party het selfs hoenders aangehou en party selfs vee. Vir drink- en leiwater is 'n sloot uit die Attakwakloof gehaal.<sup>II6)</sup>

Teen 1828 was eerwaarde Leitner en dr. Honey nog steeds superintendent en mediese superintendent, respektieflik. Vir sy dienste aan die inrigting het dr. Honey 'n ekstra inkome van £22 -10 per jaar ontvang.<sup>II7)</sup> Dr Honey het die inrigting een keer per maand besoek, maar vanaf Junie 1831 het die regering instruksies uitgevaardig wat hom genoodsaak het om die inrigting weekliks te besoek.<sup>II8)</sup>

Die pligte van die superintendent het die volgende ingesluit: Hy moes optree as sendeling van die inrigting; hy moes 'n register hou sowel as 'n joernaal sodat daar goeie verslag gedoen kon word van wat by die inrigting gebeur. Hierdie sifers en gegewens moes aan die einde van elke kwartaal na die

II6. Tomlinson: Geskiedkundige Swellendam, p. 51.

II7. C.O. 5972 Cape of Good Hope Blue Book, 1829, p. II5.

II8. C.O. 490I Lett. Des.: Bell-Rivers, 28.6.1831, p. 726.

siviele kommissaris gestuur word, wat dit dan moes deurstuur na die koloniale kantoor in Kaapstad. Aangesien die kontrakteur wat die proviand gelewer het, ver van die inrigting was, was hy verplig om groot hoeveelhede op 'n slag te bring. Die superintendent moes akkuraat boekhou van hierdie voorrade en ook van wat gereeld uitgedeel word aan die pasiënte; hy moes toesien dat die kos goed voorberei word, dat die sickes die voorgeskrewe medisyne neem en hy moes orde in die inrigting handhaaf.<sup>I19)</sup> In verband met laasgenoemde opdrag kan dit genoem word dat die superintendent nogal te kampe gehad het met heelwat dissiplinêre probleme. Van tyd tot tyd word daar gekla oor voorvalle soos: 'n Melaatse, Donker Wildschut "who is also a maniac," wat die plek op horings neem;<sup>I20)</sup> pasiënte wat by die klurlinge van die omgewing hul proviand vir dagga verruil;<sup>I21)</sup> pasiënte wat dros, ens. Dit alles het daartoe geleid dat op versoek van eerwaarde Hallbeck, superintendent van die sendingstasie op Genadendal, daar besluit is om 'n vertrek wat toegesluit kon word -- 'n tronkie -- by die inrigting aan te bou.<sup>I22)</sup>

Op 16 Maart 1828 is 'n nuwe kerkgebou "at the expense of the Moravian Missionary Society," geopen en by dié geleentheid is twee Hottentotpasiënte gedoop.

Die kwartaallikse verslag van die inrigting het getoon dat daar aan die begin van 1828 eenhonderd nege en twintig pasiënte in die inrigting was.<sup>I23)</sup> Hemel en Aarde was egter in werklikheid 'n groot sterfbed. Die opnames vir die jare

I19. C.O. 2784 Lett. Rec.: Rivers-Bell, no. 54.

I20. C.O. 4900 Lett. Des.: Bell-Rivers, 8.4.1830, p. 82.

I21. C.O. 2726 Lett. Rec.: Hallbeck-Bell, 8.4.1831, no. 20.

I22. C.O. 4904 Lett. Des.: Bell-Rivers, I4.2.1834, p. 335.

I23. C.O. 2701 Lett. Rec.: Rivers-Bell, I.4.1828, no. 42.

1828 tot 1841 toon merendeels 'n sterftesyfer wat wissel van 25% tot 33% van die aantal pasiënte. Dic laagste syfer was, 12 $\frac{1}{2}$ % in die jaar 1834.<sup>I24)</sup>

Eerwaarde Leitner is op 20 April 1829 skielik oorlede terwyl hy aan die preek was. Elke Sondag is 'n kerkdiens gehou en die kwartaallikse verslae toon dat dit gerceld en goed bygewoon is. Mev. Leitner, bygestaan deur H.P. Hallbeck het voorlopig die vakature behartig.<sup>I25)</sup> Die regering skryf nou aan Hallbeck en verlang inligting van hom aangaande die toekomstige bestuur van die inrigting. Hierop antwoord Hallbeck in 'n brief aan J. Bell, die Kaapse koloniale sekretaris. Hy noem die volgende: hy dink nie melaatsheid is aansteeklik in dié klimaat nie. Afsondering is derhalwe nie absoluut noodsaaklik nie; die inrigting is swak toegerus. Vermenging tussen die geslagte kan nie verhoed word nie. Om dit te verhoed, sou groot koste meebring. Indien die Regering nie gewillig was om hierdie groot uitgawes aan te gaan nie, sou dit beter wees om die inrigting geleidelik te ontbind en dit aan elke distrik oor te laat om self na hul melaatses om te sien. Indien die inrigting egter bly voortbestaan soos dit is, beveel hy aan dat 'n sendeling onmiddellik aangestel word in die plek van die afgestorwe Leitner aangesien die melaatses geestelike hulp meer nodig het as fisiese hulp.<sup>I26)</sup>

Op 26 September 1829 arriveer eerwaarde J. Tietze en sy vrou by die inrigting as inwonende sendeling en inspekteur. Aangesien hy egter nie Engels kon skryf nie, is gereël dat eerwaarde H.P. Hallbeck sou optree as superintendent teen 'n salaris van £75 per jaar.<sup>I27)</sup> Hallbeck het die inrigting gereeld

I24. Tomlinson: Geskiedkundige Swellendam, p. 51.

I25. C.O. 27I4 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 2I.4.I829, no. 70.

I26. C.O. 27I4: Ibid., I6.7.I829, no. I42.

I27. C.O. 27I4: Ibid., 9.IO.I829, no. II5.

besoek en hy het die kwartaallikse joernaal geskryf en Tietze het dit onderteken.<sup>I28)</sup> Tot hierdie reëling is ongetwyfeld besluit na aanleiding van die genoemde brief wat Hallbeck geskryf het. Die salarisso van die res van die personeel was: Twee kokke teen £7 -4 per jaar en £3 -12 per jaar respektieflik.<sup>I29)</sup>

Alhoewel die pasiënte hoofsaaklik bestaan het uit Hottentotte en slawe, is blankes ook van tyd tot tyd toegelaat. Die joernaal wat die tydperk April, Mei en Junie 1834 dek, maak melding van die feit dat op 23 April ag melaatses aangekom het vanaf die Somerset-Hospitaal, waarvan een, 'n sekerre James Smith, 'n blanke was.<sup>I30)</sup>

Gedurende 1837 het Hallbeck Europa besoek en in sy afwesigheid het eerwaarde C.L.Teutch van Genadendal opgetree as superintendent van Hemel en Aarde.<sup>I31)</sup> Vroeg in 1838 het Hallbeck weer sy pos aanvaar en op 24 Januarie rapporteer hy dat die inwonende sendeling, mnr. Tietze, se gesondheid so verswak het dat hy gedwing was om sy pos neer te lê. Hallbeck beveel aan dat eerwaarde J.Fritsch in sy plek aangestel word.<sup>I32)</sup> Dit is dan ook gedoen en goedkeuring is van die regering verkry.<sup>I33)</sup>

Aangesien Tietze feitlik vanaf die begin van 1838 bedlêend was, is 'n "trustworthy Hottentot" vanaf Genadendal gestuur om Tietze se pligte te vervul. Hy het aangebly totdat Tietze se opvolger by die inrigting aangekom het op 22 Maart 1838. Tietze het op 13 Februarie 1838 na Genadendal vertrek

I28. C.O. 2726 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 8.4.1831, no. 20.

I29. Vir salarisso van personeel sien Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1831.

I30. C.O. 2747 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 30.6.1834, no. 40.

I31. C.O. 2769 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 29.8.1837, no. 39.

I32. C.O. 2776 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 24.1.1838, no. 4.

I33. C.O. 4910 Lett. Des.: Bell-Rivers, 2.2.1838, p. 240.

nadat hy ag en 'n halfjaar by die inrigting was.<sup>I34)</sup>

Dié reëling het bly voortbestaan tot 23 Januarie 1840, toe Hallbeck oorlede is. C.L.Teutsch is toe aangestel as superintendent van die Sendingstasie op Genadendal en dus ook van die inrigting vir melaatses.<sup>I35)</sup>

Die wyse waarop die sendelinge van die Morawiese Sending hierdie inrigting bygestaan het, verdien lof en dit word miskien die beste weerspieël in die volgende woorde van Backhouse: "their pious pastor compared his allotment to being in the Isle of Patmos; and his situation appeared to require much faith and patience."<sup>I36)</sup>

Die jaar 1841 is afgesluit met sewe en vyftig pasiënte. Daar was oor die jare 'n geleidelike afname. Daar moet onthou word dat feitlik alle belanghebbendes ontevrede was met die inrigting en veral vanaf ongeveer 1827, was feitlik almal dit eens dat die inrigting ontbind moes word. Die gevoel was dat Hemel en Aarde "does not, in any one way, answer the ends for which it was intended."<sup>I37)</sup> In 1827 het die "Supreme Medical Committee," bevind dat Hemel en Aarde nie 'n hospitaal was wat die pasiënte genees het nie. Die rede was, dat aangesien nie een van die voorgeskrewe medisynes - "iodine" inwendig toegedien sedert 1827 en later "chloride of lime" uitwendig toegedien sedert 1831 aangewend kon word nie, aangesien die inrigting so ver buite die beskawing was. Alle verpleegdienste is deur die pasiënte wat nie te erg deur die siekte aangetas was nie, behartig. "Without any form of direct supervision, and the condition of these patients was

I34. C.O. 2776 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 2.4.1838, no. I7.

I35. C.O. 2793 Lett. Rec.: Rivers-Bell, I.I2.I840, no. 7I.

I36. J.Backhouse: A Narrative of a visit to the Mauritius and South Africa, p. 94.

I37. Burrows: A History of Medicine in South Africa, p. 105.

wretched in the extreme."<sup>I38)</sup> Ook was die inrigting nie 'n afsonderingshospitaal nie, aangesien "hereditary dissemination (then believed to exist) was found to occur where the sexes were not separated." Die families het bymekaar gebly en kinders is dikwels by die inrigting gebore. Aangesien die inrigting op die pad tussen Genadendal en die kleurlingvisvangplekke, gelcë was, was dit ook onmoontlik om omgang tussen melaatses en die plaaslike inwoners te verhoed.<sup>I39)</sup>

In 1831 het die Regering 'n omsendbrief aan die verskillende siviele kommissarisse uitgestuur waarin aanbeveel word dat die reeds genoemde "chloride of lime" aangewend word. Aangesien dit belangrik was dat dit so dikwels moontlik moes geskied, beveel die Regering aan dat soveel melaatses moontlik, wat nog nie na die inrigting gestuur is nie, in die tuisdistrikte self verpleeg word, onder toesig van die plaaslike distriksgeneesheer. Hulle beveel aan dat elke distrik voorsorg tref om van ag tot tien melaatses te huisves. Hierin moet die redes gesoek word vir die afname in die getal pasiënte.<sup>I40)</sup>

In Desember 1845 het die superintendent van die inrigting - op daardie tydstip eerwaarde J. Lehmann - kennis gekry van die Regering dat die inrigting vir melaatses oorgeplaas sou word na Robbeneiland. Die melaatses het hier teen geprotesteerd, maar dit het niks gehelp nie en hulle is in groepe na Kaapstad vervoer. By hul aankoms in Kaapstad het hulle geweier om in die bote, wat hulle na die eiland moes neem, te klim. Dit was eers nadat die Kaapsche koloniale sekretaris,

I38. C.Searle: A Socio-Historical Survey of the Development of Nursing in South Africa 1652-1960, p. I06.

I39. Burrows: A History of Medicine in South Africa, p. I05.

I40. C.O. 490I Lett. Des.: Circular, II.2.1831, p. I49.

John Montagu, hulle beloof het dat eerwaarde Lehmann spoe-dig na hulle gestuur sou word, dat hulle teësinnig ingestem het om oor te vaar na hulle nuwe tuiste van eensaamheid en isolasie.<sup>I4I)</sup>

HOOFSTUK VII.ONDERWYS.Die Engelse Vryskool.

Toe die Kaap in 1814 permanent aan Engeland afgestaan is, kon lord Charles Somerset sy begeerte om die Kaap te verengels, deurvoer. Die jare onmiddellik na die Napoleontiese oorloë het egter geen nuwe ontwikkeling op onderwysgebied meegebring nie. Dit was intendeel, in die algemeen 'n periode van agteruitgang op onderwysgebied veral as gevolg van die onbekwaamheid van die voorleserskoolmeesters, die onbevoegdhed van die Bybel-en Skoolkommissie as beherende liggaam van onderwys en die onsimpatieke houding van die regering ten opsigte van onderwys.

In 1820-1821 het Somerset tydens sy verlof in Engeland, in medewerking met ds. Thom wat toevallig ook in Engeland was, sy plan om die onderwys aan die Kaap te verengels, aan die Hertog van Bathurst voorgelê.<sup>1)</sup> Met Bathurst se goedkeuring het hy en ds. Thom geskikte onderwysers in Engeland begin soek. Somerset se idee was om hierdie onderwysers in die buitedistrikte van die kolonie te vestig. Die volgende ses persone is oorreed om na die Kaap te kom, t.w. James Rose Innes, A. Brown, William Robertson, W. Dawson, J. Rattray en R. Blair.<sup>2)</sup> Die skole onder leiding van hierdie persone is aanvanklik baie goed deur die Hollandssprekendes ondersteun en die meeste van die ou voorleserskole het heeltemal doodgeloop.

Ook die antwoord van die landdros van Swellendam op 'n omsendbrief van 9 Januarie 1824, getuig daarvan dat die voorleserskool op Swellendam, nie aan die verwagting voldoen het

I. Theal: Records of the Cape Colony, Vol.XIII, p. 402; W.S. van der Westhuizen: Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie, p. I6I.

2. Van der Westhuizen: Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie, p. I62.

nie. "The number of uneducated children in this district, under the age of 14 years, amount to about 2500."<sup>3)</sup>

In die begin van 1823 is begin om ook op Swellendam 'n Engelse vryskool te stig, toe aan die landdros opdrag gegee is om 'n geskikte gebou, wat gelyktydig as skool sou kon dien, te huur. As onderwyser van die eerste Engelse vryskool op Swellendam is op 27 Junie 1823, 'n mnr. Arnold benoem.<sup>4)</sup> Die voorleserskool van J.F.Martin moes dus in September 1823 sluit, aangesien al die leerlinge dit verlaat het om na Edward Arnold se skool te gaan.<sup>5)</sup> Op 17 September 1824 word landdros Schönnberg in kennis gestel "that his Excellency has decided upon placing the English schools henceforth under the control of the respective District School Commissions." Die Bybel- en Skoolkommissie sou nog die algemene beheer oor die skole in die kolonie uitoefen maar sy magte sou voortaan beperk wees.<sup>6)</sup>

Die magte en pligte van die plaaslike komitees is in 1827 noukeurig omskrywe. Dit het onder ander die volgende ingesluit: die skoolkomitee moes toesig hou oor al die skole in die distrik en die skoolkomitee moes minstens eenkeer per kwartaal bymekaar kom om onderwyssake van die distrik te bespreek. Die vergaderings moes met gebed geopen en gesluit word. Behalwe hierdie kwartaallike vergaderings kon die voor-sitter te eniger tyd die komitee bymekaarroep om dringende sake af te handel; 'n behoorlike notule van elke vergadering moes gehou word; die skoolkomitee moes eenkeer per kwar-

- 
3. J.C.Lamprecht: Die ontstaan en ontwikkeling van onderwys te Swellendam 1743-1875, p. 54; C.O. 2657 Lett. Rec.: Landdros-Koloniale Sekretaris, 8.3.1824, no. 21.
  4. J.C.Lamprecht: Onderwys te Swellendam, p. 55; C.O. 2648 Lett. Rec.: Landdros-Koloniale Sekretaris, 20.6.1823.
  5. v.d.Westhuizen: Onderwys onder die Algemene Skoolkommis-sie, p. 150.
  6. J.C.Lamprecht: Onderwys te Swellendam, p. 55; C.O. 4851 Lett. Des.: Koloniale Sekretaris-Landdros, 17.9.1824.

taal die kinders van elke skool in die distrik eksamineer; elke lid van die skoolkomitee kon te eniger tyd die skool besoek, dog hierdie taak word spesiaal aan die predikant opgedra; alle korrespondensie moes aan die Bybel- en Skoolkommissie gerig word.<sup>7)</sup>

Die skoolkomitee te Swellendam het hom oor die algemeen goed van sy taak gekwyt. Deur middel van kwartaallikse rapporte wat deur die landdros onderteken is en deur hom aan die Bybel- en Skoolkommissie gestuur is, is die owerheid op hoogte gehou in sake die vordering van die skool. Die eerste deel van die rapport het besonderhede verstrek ten opsigte van die getal inskrywings, die gemiddelde bywoning, die name van die leerlinge wat van tyd tot tyd skool verlaat het en die redes vir hulle vertrek. Die tweede deel van die rapport het besonderhede verstrek wat betref die vordering van die leerlinge in die verskillende vakke, die datums waarop die lede van die skoolkomitee die skool besoek het en die algemene aanmerkings van die onderwyser en siviele kommissaris ten opsigte van die vordering van die leerlinge.

Arnold se salaris van £85 per jaar is uit die koloniale kas betaal. Hy is verder ook van 'n geskikte woonhuis voorseen. Die huishuur en meubilering van die skool sou uit die distrikskas betaal word. Arnold is ook toegelaat om sy salaris aan te vul deur private onderrig te gee in vakke wat nie by die volgende ingesluit is nie, te wete lees, spel, skrywe, onderrig in Engels, rekenkunde, godsdiensonderrig en die sing van gewyde liedere. Onderrig in die genoemde vakke sou skoolgeldvry wees. Skoolbenodighede soos leie, griffels, penne, papier, ink, ens. is kosteloos verskaf.<sup>8)</sup>

7. G7 3/9: Omsendbrief van Bybel- en Skoolkommissie aan Swellendamse skoolkommissie.
8. Lamprecht: Onderwys te Swellendam, p. 61.

Ten spyte van al hierdie fasiliteite het hierdie tipe skool te Swellendam nie aan verwagtinge voldoen nie. Die koloniste was aanvanklik baie geesdriftig om hulle kinders na die skool te stuur, maar hierdie geesdrif was van korte duur soos onderstaande tabel aantoon.

Aantal leerlinge in Arnold se skool.

Datum	Seuns	Dogters	Totaal	Gem. weeklikse bywoning	Besoek van Skoolkommissie
<u>I824</u>					
Jan.-Feb.	I4	22	36	-	I
Mrt.-Mei	I3	26	39	I0-25	-
Jun.-Jul.	I2	23	35	I3-20	I
Aug.-Okt.	I2	20	32	I3-I8	I
<u>I825</u>					
Jan.-Feb.	-	-	-	-	-
Mrt.-Mei	-	-	-	-	-
Jun.-Jul.	-	-	-	-	-
Aug.-Sep.	I5	23	38	5-I8	I
Okt.-Nov.	I6	24	40	I2-20	I
<u>I826</u>					
Jan.-Mrt.	2I	25	46	I6-24	-
Apl.-Jun.	23	25	48	-	-
Jul.-Sep.	25	24	49	-	-
Okt.-Des.	20	I9	39	6-I4	-
<u>I827</u>					
Jan.-Mrt.	I2	2I	4I	5-I9	-
Apl.-Jun.	22	20	42	I0	-
Jul.-Sep.	I2	I2	24	8	-
Okt.-Des.	I3	I2	25	5	2
<u>I828</u>					
Jan.	I3	I2	25	3	-
					9)

Die Engelse Vryskool op Swellendam het reeds aan die begin van 1827 'n volslae mislukking geblyk te wees. Arnold was opvlieënd van humeur, totaal onbevoegd as onderwyser, nie baie gesond nie en het ook geweier om Hollands as medium by sy onderwys te gebruik. Die gevolg was dat die leerlinge geen vordering kon toon nie.<sup>I0)</sup> In sy rapport van April 1827 het Rivers die aandag van die regering op die agteruitgang van die skool gevestig.<sup>II)</sup> Dit was 'n verskynsel wat waarneembaar was by feitlik al die Engelse Vryskole. Van die Vryskole in Hollandse sentra was slegs dié van William Robertson te Graaff-Reinet en dié van James Rose Innes te Uitenhage suksesvol.<sup>I2)</sup> Die volgende tabel toon aan in hoe 'n mate hierdie tipe skool in die Kaapkolonie agteruitgegaan het na aanvanklike sukses:

1822	-	Ses Engelse Vryskole	-	1737	skoliere
1827	-	Ses en twintig Vryskole	-	-	
1837	-	Sewentien	"	750	"
1839	-	Elf	"	503	" I3)

Volgens Arnold was hierdie agteruitgang wat Swellendam aanberef, te wyte aan die ongereë尔de skoolbesoek van die kinders. Hierdie gebrek aan belangstelling aan die kant van die ouers het die siviele kommissaris aan die uitsluitlike gebruik van Engels as medium in die skool toegeskryf. Hy wys daarop dat die ouers kla dat hulle kinders nie verstaan wat hulle leer nie, "for which purpose they consider the children should be instructed in the Dutch language and the master should explain to them in that language what they

I0. v.d. Westhuizen: Onderwys onder die Alg. Skoolkom., p., 2I3.

II. C.O. 2688 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 2I.4.I827, no. 57.

I2. v.d. Westhuizen: Onderwys onder die Alg. Skoolkom., p. I77.

I3. E.G. Malherbe: Education in South Africa I652-I922, p. 83.

learn and read in English."<sup>I4)</sup> Rivers het hom nou daarvoor bewer om 'n assistent-onderwyser in Hollands, aangestel te kry, maar sy pogings het nie geslaag nie en in September 1830 word die skoolkommissie daarop gewys dat onderrig in die Hollandse taal nie deel van die onderwysstelsel vorm nie! "It is the instruction of Government that the Dutch language should be taught in the English Free Schools in any other manner than as a medium for communicating to the scholars a knowledge of the English language."<sup>I5)</sup>

Die ouers, reeds ontstoke oor die feit dat slegs Engels as onderrigmedium in die skool gebruik moes word, se gramskap is vererger deur die feit dat Arnold uiters onbekwaam was, Arnold het dan ook in 1827 die regering gevra om hom te verplaas. Aan hierdie versoek is nie gehoor gegee nie, en in Januarie 1828 het hy sy bedanking ingedien.<sup>I6)</sup> In die tussen-tyd het die meeste kinders die skool verlaat omdat hulle na die Hollandse skool onder toesig van koster Martin wou gaan.<sup>I7)</sup>

Vanaf 21 April 1827 tot einde Januarie 1828, het die gemiddelde bywoning per week van drie tot tien leerlinge gewissel. In sy rapport van 23 Januarie 1828 wys Rivers dan ook daarop dat die geringe getal leerlinge wat onderrig ontvang nie die koste verbonde aan die instandhouding van die skool regverdig nie. Hy bepleit egter die voortbestaan van die skool, maar onder leiding van 'n bekwame onderwyser, want, sê hy: "I cannot doubt, notwithstanding the indifference which has been stated to exist in the inhabitants as to English education for their children, that, if a master on

I4. C.O. 2688 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 21.4.1827, no. 57.

I5. G7 3/9: Bybel-en Skoolkommissie - Swellendamse Skoolkommissie, 8.9.1830; C.O. 2688 no's 57, 85 en II8.

I6. C.O. 2701 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 23.1.1828, no. I3.

I7. C.O. 2688 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 4.7.1827, no. 85;  
Ibid., 8.10.1827, no. II8.

whose attention, zeal, and regularity of habit they can rely, should be appointed, they will avail themselves of the opportunity of obtaining gratuitously so valuable an advantage."<sup>18)</sup>

Arnold is opgevolg deur H.C.de Meillon teen 'n salaris van £85 per jaar. Hy sou die huis van die vorige skoolmeester bewoon; hy is ook "the expense of one bullock waggon for his conveyance from Cape Town to Swellendam," toegelaat; ook kon hy na skoolure private onderrig gee op voorwaarde dat hy die aantal skoliere wat hy op hierdie wyse onderrig, op die kwartaallikse state aantoon.<sup>19)</sup> In 'n brief van 26 Maart 1828 aan die Kaapse koloniale sekretaris, wys Rivers egter daarop dat die huis wat deur Arnold bewoon was, so bouvallig was, dat hy genoodsaak sou wees om 'n ander huis te huur teen 'n bedrag van £22 -<sup>10.</sup><sup>20)</sup>

In die rapporte van 1828 maak Rivers melding van die aanmerklike vooruitgang wat te bespeur was. Die volgende syfers toon dit aan:

Aantal leerlinge in die Skool van de Meillon.

Datum	Seuns	Dogters	Totaal	Gem. weeklikse bywoning	Besoekte van Skoolkommissie
<u>1828</u>					
Aug.	12	18	30	-	-
Sep.-Okt.	22	19	41	30-35	-
Nov.-Des.	19	18	37	20-25	-
<u>1829</u>					
Jan.-Mrt.	19	18	37	18	9
Apl.-Jun.	15	12	27	18	7
Jul.-Sep.	16	11	27	15	4

I8. C.O. 270I Lett. Rec.: Rivers-Bell, 23.I.1828, no. I3.

I9. C.O. 4888 Lett. Des.: Bell-Rivers, 28.2.1828, p. 74.

20. C.O. 270I Lett. Rec.: Rivers-Bell, 23.3.1828, no. 39.

Datum	Seuns	Dogters	Totaal	Gem.	weeklikse Besoeke van	bywoning	Skoolkommissie
Okt.-Des.	7	6	I3	8		5	2I)

Die oplewing, soos die tabel aandui, was maar van korte duur. Aan die einde van 1829 moes die skoolkomitee tot hul teleurstelling ondervind dat geringe vordering in die algemeen gemaak is. De Meillon het hierdie toedrag van sake toegekryf aan die feit dat die ouers onderrig in die Hollandse taal vereis en ook aan 'n gebrek aan die nodige boeke. "Until a proper supply of elementary books is provided it will be vain to expect any great progress in the studies of the children."<sup>22)</sup> Dat die toestand, wat die boeke aanbetrif, nie baie gunstig was nie, blyk uit die lys van boeke wat Arnold nagelaat het met sy vertrek:

"List of books belonging to the English Free School of Swellendam and delivered at the Civil Commissioner's Office.

2 Bibles

I Koopmans Brieven

I English Verhaalboek

I English Spraakboek

I English Handboek-Spraakboek

I6 English Spelling books

6 English Grammars

4 Unbound Dutch Vocabularies

43 Vocabularies on board beginning from no. 5

29 Spelling lessons I3 to 4I

9 Spelling of sundry numbers

3I Reading lessons, large print, from no. 3I-62.

28 Sheets of reading lessons

2I. Lamprecht: Onderwys te Swellendam, p. 68.

22. G7 3/9: Rivers-Bell, rapport van jaar eindigende 3I.I2.

I828; C.O. 27I9 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 5.I.I830, no.4.

8 Sheets of ciphering

I4 Slates.

Edward Arnold."<sup>23)</sup>

Die skoolkomitee het dadelik die tekort aan leesboeke probeer aanvul. In November word dan ook die volgende skoolbenodigdhede aan hulle gestuur:

" Spelling 62 numbers

Dictating, spelling 48 numbers

Scripture lessons, I08

Select scriptures, IO

Arithmetic tables, 20

Dictating Arithmetic, 5 sheets

Renard tickets, I6

Class lists, I2

Class marks, 6

van der Byl's Gemeenzame leerwyze, IO copies

a Bundle of slate pencils

25 Copies of Mr. Elliot's English and Dutch spelling and Reading books

2 Dutch spelling and reading books

36 Slates."<sup>24)</sup>

Soos gesien kan word uit die tabel van skoolbesoek tydens De Meillon se ampstyd, het die skoolkomitee gedurende 1829 hul toesig oor die skool verskerp in 'n poging om so-doende die agteruitgang teen te werk. "The committee trust that they shall be able by frequent visiting and examination of the scholars, to establish more system in the school and a better attendance of children."<sup>25)</sup>

23. G7 3/9:Swellendam, inkomende brieve e.a. stukke, I8I3-'45.

24. Ibid., 24.II.I829 en I6.9.I830.

25. C.O. 27I4 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 2.I.I829, no. 3.

Die getalle op die rol het egter steeds afgeneem. Van die dertien leerlinge wat op 6 Januarie 1830 op die rol was, kon slegs drie goed lees, terwyl elf kon skrywe. Onder aan die rapport gee De Meillon die rede aan vir die swak bywoning. "The reason for the great diminution of the scholars appears to be a feeling among the inhabitants that their children should first learn Dutch."<sup>26)</sup> As gevolg van hierdie swak verslag, "which exhibits a most lamentable view of the state of education," het Rivers opdrag ontvang van die regering dat De Meillon nie sou kon voortgaan as ondorwyser van die skool nie. Sy dienste sou dus aan die einde van Februarie 1830 beëindig word.<sup>27)</sup>

In sy plek is 'n sekere W.A. Matthews aangestel teen 'n salaris van £75 per jaar.<sup>28)</sup> Weer vind ons dieselfde verskynsel as in die vorige gevalle. Die verandering van onderwyser het die skool weer tydelik laat oplewe. Die getalle van skoliere wat die skool bygewoon het, het vinnig toegeneem en selfs hoër gestyg as wat dit ooit vantevore was soos die volgende tabel aantoon:

Aantal leerlinge in die skool van Matthews.

Datum	Seuns	Dogters	Totaal	Gem. weeklikse bywoning	Aantal besoek van skoolkomit
<u>1830</u>					
Nov.	20	19	39	30-36	9
Des.	28	23	51	42	4
<u>1831</u>					
Jan.-Mrt.	35	29	64	50	3
Mei-Jul.	39	32	71	54-60	5

26. C.O. 2719 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 5.I.1830, no.4.

27. C.O. 4899 Lett. Des.: Bell-Rivers, 15.I.1830, p. 393.

28. C.O. 4900 Lett. Des.: Bell-Rivers, 13.5.1830, p. 148.

Datum	Seuns	Dogters	Totaal	Gem. weeklikse besoeke bywoning	Aantal van skoolkomitee
Aug.-Okt	35	37	72	54-60	2
<u>I832</u>					
Junie	30	33	63	25-35	2
<u>I833</u>					
Des.	15	6	21	10	1
<u>I834</u>					
Sept.	20	8	28	-	1
<u>I835</u>					
Jan.-Mrt.	27	15	42	-	-
Apl.-Jun.	23	15	38	-	2
Jul.-Sep.	20	10	30	-	-
Okt.-Des.	14	10	24	13	-
<u>I836</u>					
Jan.-Mrt.	9	7	16	6-13	-
					29

Weer eens was dit dus 'n geval van dat die nuwe besem slegs tydelik skoon geveeg het. In die rapport van 30 September 1834 moes die skoolkomitee weer sy teleurstelling uitspreek oor die onbevredigende toestand van die skool: "We are bound to declare that the examination in all its parts has proved so wholly unsatisfactory as to convince that the mode of instruction in the school is in every respect defective, and any fit progress of the scholars under it, entirely hopeless."<sup>30)</sup>

Ook Matthews het die gebrek aan vordering toegeskrywe aan 'n gebrek aan boeke. Reeds in Junie 1831 het hy die aandag van die skoolkomitee gevinstig op die groot ongerief wat veroorsaak is deur die besluit van die regering om geen verdere skoolbenodigdhede aan die skole te verskaf nie.

29. Lamprecht: Onderwys te Swellendam, p. 72.

30. C.O. 2747 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 30.9.1834, no. 46.

Ouers sou dit voortaan self moes aanskaf. "The consequence is that about 30 children are not instructed in writing."<sup>31)</sup>

In Augustus 1833 het die skoolkomitee 'n onderhoud met Matthews gevoer, in 'n poging om die agteruitgang van die skool teen te werk. Matthews het tydens dié geleentheid die volgende redes aangegee vir die agteruitgang van die skool: Die ouers gebruik hul kinders om te werk as gevolg van die arbeidsprobleme; die ouers is onverskillig teenoor die opvoeding van hul kinders; die ouers is ontevrede met die "Lancasterian system" van onderwys;<sup>32)</sup> die ouers is ontevrede oor die toepassing van lyfstraf. Die bywoning gedurende die res van 1833 het egter swak gebly en tydens die twee eksamens wat afgeneem is, was slegs tien en sewe leerlinge, respektieflik, teenwoordig. Gedurende Desember 1833 het die skoolkomitee in 'n poging om die onderwys aan te moedig, aan die inwoners bekendgemaak dat onderrig voortaan ook in Hollands sou geskied. Hierdie besluit is ook vanaf die preekstoel aangekondig. Gedurende die eerste kwartaal van 1834 was daar egter slegs twintig leerlinge op die rol. Na die eksamens afgeneem is, moes die komitee rapporteer dat weinig vordering getoon word en skryf hulle dit toe aan, "a want of the peculiar talent required in teaching more than to a want of inclination on the part of the instructor."<sup>33)</sup>

In September 1834 het die hoofregter tydens sy omgang

31. C.O. 2726 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 4.7.1831, no. 38.

32. Volgens hierdie stelsel, wat feitlik in al die buitedistrikte gevolg is en wat ontwikkel is deur Joseph Lancaster, 'n Engelse skoolmeester te Southwark in Londen, is die skool wat elke vak aanbetrif in groepe of klasse verdeel. Aan die hoof van elke groep was 'n monitor - 'n senior leerling - wat die spel, lees en ander lesse waargeneem het, terwyl die onderwyser meer bepaald met toesig oor al die verskillende klasse belas was.

33. C.O. 2761 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 28.1.1836, no. 8.

as rondgaande hof, die kwartaallikse eksamen van die skool bygewoon, en daarna die volgende aanmerking gemaak: "We are bound to declare that the examination in all its parts, proved so wholly unsatisfactory, as to convince that the mode of instruction in the school is in every respect defective."<sup>34)</sup> Die skoolkomitee het dus tot die gevolgtrekking gekom dat Matthews swak toegerus was vir sy werk.

Weer eens het die ouers begin om hul toevlug tot pri-vaatskole te neem. In April 1835 skryf ds. Robertson aan goewerneur Benjamin D'Urban, en draai hy geen doekies om nie want, sê hy: "Swellendam ..... is suffering lamentably in consequence of an incapable teacher."<sup>35)</sup> In Mei 1835 het die Bybel-en Skoolkommissie 'n aanbeveling by die Kaapse koloniale sekretaris gedoen om Matthews te ontslaan en 'n ander onderwyser te benoem. Hy het egter aangebly aangesien hulle nie 'n geskikte persoon in sy plek kon kry nie. In Maart 1836 het ds. Robertson 'n rapport uitgebring wat die swak vordering van byna elke leerling afsonderlik aan die lig gebring het. Hy maak onder andere melding van die volgende geval: "The senior boy of the school, and the only one in the higher class who is 14 years of age, and who has been six years in the school, has no knowledge of English Grammar, has not advanced in reading during the last year and is not further in Arithmetic than he was in December 1833."<sup>36)</sup> Hierdie rapport het aanleiding gegee tot Matthews se ontslag aan die einde van Junie 1836.<sup>37)</sup> Ds. Robertson het nou 'n sekere eerwaarde Pears vir die betrekking aanbeveel. Hy was gewillig om diens te doen as onderwyser, dog teen 'n

---

34. C.O. 2747 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 30.9.1834, no. 46.

35. C.O. 443 Lett. Rec. from Consistories, Robertson-D'Urban, 3.4.1835, no. I7.

36. C.O. 2761 Lett. Rec.: Rapport van 31.3.1836, no. II.

37. C.O. 5101 Letterbook Ecclesiastical & Schools, 25.5.1836, p. 26.

salaris van £100 per jaar, daar sy kwalifikasies gelykstaande was aan die van die Engelse onderwysers. Die regering het egter geweier om toestemming aan sy aanstelling te verleen aangesien dit onbillik teenoor die ander onderwysers sou wees en hulle nie 'n presedent wou skep nie. Ook het daar twyfel bestaan oor sy vermoë om sy leerlinge te behêer.<sup>38)</sup> Die skoolkomitee het nie daarin geslaag om 'n geskikte onderwyser te kry nie en gevolglik het die skool gesluit gebly.

Die regering het nie huis pogings aangewend om die agteruitgang van die Engelse Vryskole die hoof te bied nie. Tot 1834 het die Bybel-en Skoolkommissie aan die oorspronklike beleid vasgekleef, ten spyte van die feit dat die stelsel van Somerset reeds in 1826 'n mislukking geblyk te wees het. Somerset se opvolger, Bourke, het wel die toesig oor die skole verskerp. Die onderwysers se kwartaallikse rapporte is sorgvuldig nagegaan, en enige moontlike tekens van agteruitgang is onder die aandag van die betrokke skoolkommissie gebring. Harry Rivers is byvoorbeeld in Januarie 1827 oor sy versuim om gereeld die rapporte aan te stuur berispe. Hierdie hernude belangstelling was blykbaar slegs 'n opflikkering. Bourke het ook die magte van die skoolkomitees beter om-skryf, maar ook hy het geen ingrypende veranderings aangebring nie. In 1834 is die volgende veranderings aangebring: Die onderwysers kon voortaan, waar die ouers dit verlang het, die kinders in beide landstale onderrig; 'n begin is gemaak om die stelsel van skoolgeldvry-onderwys af te skaf. Die ouers moes voortaan 'n deel van die koste in verband met die opvoeding van hulle kinders dra. Nie alleen sou boeke nie meer gratis aan al die leerlinge verskaf word nie, maar die ouers moes ook skoolgeld volgens 'n bepaalde skaal betaal, te wete: Beginners ..... 9d. per maand

Spel en lees ..... 1/6 per maand

Grammatika, skrif en rekenkunde ..... 2/3 per maand; die skoolkomitees sou voortaan die mag hê om sekere kinders gratis toe te laat; die maksimum salaris van die onderwyser sou £80 en die minimum £40 per jaar wees. Vir elke tien leerlinge bo twintig sou 'n verhoging van £5 toegestaan word; elke skool sou in die vervolg onder die toesig van 'n skoolkomitee bestaande uit nie minder as drie lede nie, geplaas word; onderwysers sou voortaan aangestel word op aanbeveling van die betrokke skoolkomitee.<sup>39)</sup> Die toepassing van hierdie regulasies sou aan die keuse van die bestaande skoolkomitees en onderwysers oorgelaat word. Slegs die regulasie van toepassing op die onderrig in albei die tale, is deur die Swellendammers toegepas. Eers in 1837, toe die nuwe onderwyser aangestel is, is veranderings aangebring wat in dieselfde gees was as die regulasies van 1834. Die stelsel van Somerset is dus, met uitsondering van 'n paar minder belangrike veranderings, tot in 1837 toegepas. Hoc onmoontlik dit ook al was om hierdie stelsel altyd prakties uit te voer, is daar tog geen ruimte vir veranderings gelaat nie. Die kolo-niste moes hul eenvoudig onderwerp aan die stelsel of hul kinders uit die skole neem. Laasgenoemde uitweg is dan ook gewoonlik ingeslaan.<sup>40)</sup>

#### Redes vir die verval van die Engelse Vryskole.

Ondoeltreffende Administrasie:- Gedurende die dertigerjare het die algehele ondoeltreffendheid van die Bybel-en Skoolkommissie as 'n beherende en administratiewe liggaam duide-lik geword. Die lede was almal persone wat hierdie werk in hul vrye tyd moes verrig en hulle het net nie die tyd gehad om soveel aandag aan die buitedistrikte te bestee as wat

39. C.O. 429: Bybel-en Skoolkommissie-Rivers, 6.3.1834, no. 10;

v.d. Westhuizen: Onderwys onder die Alg. Skoolkom., p. 205.

40. Lamprecht: Onderwys te Swellendam, p. 76.

nodig was nie. Daar is byvoorbeeld nooit gesorg dat 'n vol-doende voorraad boeke en skoolbenodigdhede beskikbaar was nie, sodat skole soms maandelank moes wag voordat bestellings uitgevoer is. Die kommissie het egter min ondersteuning van die regering ontvang. Goeie aanbevelings deur die kommissie is dikwels deur die regering verontagsaam.<sup>41)</sup>

**B**) Die Algehele uitsluiting van Hollands:- Die verontagsaming van die taal van die grootste deel van die koloniste, hang ten nouste saam met die doel van die stigting van die vry-skole, naamlik, "to make that language (English) the general one among the inhabitants."<sup>42)</sup> Die eerste Engelse onderwyser te Swellendam, Arnold, was uitsluitlik eentalig, "the present master states his inability to communicate in Dutch," en die ouers het dan ook gekla "that their children are not made to understand what they learn."<sup>43)</sup> Die kinders het gevoldlik geen vordering in die Engelse skole gemaak nie en die ouers was genoodsaak om hul kinders na privaatskole te stuur. Die aantal privaatskole het dan ook geweldig toegeneem.<sup>44)</sup> In 1836 was daar, volgens 'n rapport van ds. Robertson, ses tot ag privaatskole in die dorp alleen. Die feit dat die ouers die privaatskole, waar hulle moes betaal vir die opvoeding van hul kinders, bo die Engelse vryskole verkies het, toon dat hulle nie teenoor die onderwys van hul kinders onverskillig gestaan het nie.<sup>45)</sup>

Onderwysmetode:- Die Engelse onderwysers moes kragtens die regulasies die monitorstelsel toepas. Die metode was net nie prakties vir die Kaap nie, want die taal waarin die onder-

41. v.d. Westhuizen: Onderwys onder die Alg. Skoolkom., p.221.

42. C.O. 203 Lett. Rec. from Bible and School Commission, Truter Rapport, I9.2.I824, no. 2.

43. C.O. 2688 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 2I.4.I827, no. 57.

44. C.O. 276I Lett. Rec.: Rivers-Bell, 28.I.I836, no. 8.

45. v.d. Westhuizen: Onderwys onder die Alg. Skoolkom., p. 2I4.

rig moes plaasvind, was nie die moedertaal van die monitor nie. Onderwysers soos Innes en Robertson, wat die leemtes van dié metode besef het, het hulle so min moontlik op hul monitors verlaat, veral in die hoër klasse.<sup>46)</sup>

Gebrek aan geskikte onderwysers:- Die feit dat drie onderwysers wat gedurende die periode 1824-1836 te Swellendam in diens was, vroeër of later deur die regering ontslaan is, toon dat hulle nie juis bevredigende werk kon gelewer het nie. Alleen in uiterste gevalle sou die regering so drasties optree. As gevolg van die swak besoldiging verbonde aan die werk, moes die owerheid dikwels tevrede wees met baie swak onderwysers. In 'n skrywe van ds. Robertson aan die regering, wys hy dan ook daarop dat die mislukking van die stelsel van vryskole, grotendeels hieraan toegeskrywe moes word. "In all who take an interest in education it is a matter of great regret that the free schools of the Colony so little answer to the benevolent intentions of government in establishing them. This is much to be ascribed to the unfit persons, who have in many instances been appointed as teachers, which is again to be ascribed to the great scarcity of persons qualified for such situations and the small salary attached to them."<sup>47)</sup> In die Cape of Good Hope Almanack van 1837 lees ons dat die Swellendamse distrik nog steeds ly as gevolg van die vakature wat ontstaan het. 'n Vryskool bestaan wat vir 'n hele aantal jare deur die regering ondersteun is en tog is daar skaars 'n kind wat Engels kan praat; "and unless a different class of teacher is appointed throughout the Colony, it is to be feared that the same complaint must be gene-

46. v.d. Westhuizen: Onderwys onder die Alg. Skoolkom., p. 222.

47. C.O. 443 Lett. Rec. from Consistories, Robertson-D'Urban, 3.4.1835, no. I7.

ral."<sup>48)</sup>

Sosiale en Ekonomiese toestande op die Platteland:- Die uitgestrektheid van die Kaapse platteland was tot groot nadeel van die vryskole. Selfs in 'n dorpie soos Swellendam, het die mense op groot afstande van mekaar gewoon. Baie kinders moes gevolglik lang afstande aflê, wat tot swak skoolbywoning aanleiding gegee het, veral in die winter. Die meeste was ook baie behoeftig en die kinders moes dikwels tuisbly om te help werk. Arbeid was in elk geval 'n groot probleem, en selfs gegoede ouers was verplig om hul kinders op die plaas te hou en as arbeid te gebruik. Rivers het aan die koloniale sekretaris oor hierdie toestande in die volgende woorde geskryf: "The residents are few in number and in general so poor as to be unable to spare the services of their children and those who live out of the village cannot afford to pay for board and lodging."<sup>49)</sup> Die gevolg was dat baie van die ouers gebruik gemaak het van private skoolmeesters wat by die huise van die boere die kinders onderrig het. Ander kinders in die omgewing het dan gewoonlik ook so 'n onderwyser se skool bygewoon.

In 1839 was daar tussen veertig en vyftig van hierdie onderwysers op plase in die omtrek van Caledon versprei en hulle het aan tussen 250 en 300 kinders elementêre onderwys verskaf. Omtrent vyf en twintig privaatskoolmecsters was aan die begin van 1840 in die Swellendamse distrik bedrywig en hulle het onderrig aan omtrent 200 leerlinge gegee. Hulle het in die roël 'n jaar by 'n gesin gebly. Die volgende rapport wat die Swellendamse skoolkommissie aan Rose Innes gestuur het, toon aan hoe dit met hierdie tipe onderwys gesteld was: "Education among the farmers is in a lamentably

48. Cape of Good Hope Annual Register, Directory and Almanack, 1837, p. 41.

49. C.O. 2688 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 4.7.1827, no. 85.

defective state, arising, however, not from any indifference or neglect on the part of the farmers, for on the contrary they manifest almost universally a most laudable desire to have their children instructed, but from the extreme scarcity of properly qualified Tutors, and the thinly scattered nature of the agricultural population." Die vakke wat op hierdie wyse onderrig is was: Lees in die Hollandse taal - slegs 'n paar kinders het onderrig ontvang in Engels-, skrif, 'n bietjie rekenkunde en die leer van die Hollandse Kategismus.<sup>49A</sup>

William Dunn, die Britse resident op Port Beaufort, het hom ook sterk vir die uitbreiding en verbetering van onderwys aan veral die kinders op verafgeleë plekke beywer. In feitlik al sy briefwisseling met die regering het die saak van die onderwys 'n prominente plek ingeneem. Teen die einde van 1835 het hy met 'n baie praktiese voorstel in dié verband, voor 'n dag gekom. Hy het naamlik vir die oprigting van 'n skool in elke veldkornetskap gepleit, en sy saak sou volg gemotiveer: "The usual wages paid to the miserable travelling schoolmasters is one fat hamel (sheep) per month for each child say worth 5/-. The schoolmaster besides, has board and lodging. There are on an average forty children who are fit subjects for education in each Field Cornetcy - 40  
<sup>5</sup>  
<sup>200</sup> - that is 200 shillings or ten pounds per month .....  
There are thousands of respectable men qualified for schoolmasters in Scotland who would come to this colony." Sodra hulle Hollands kon praat, kon hulle ook "supplant the stupid unlettered (but well meaning) Dutch Field Cornets."<sup>50</sup> Soos al Dunn se ander aanbevelings, het hierdie een ook geen ingang by die regering gevind nie.

Die Swellendamse skoolkommissie het in 1840 aanbeveel dat skole opgerig moes word by Hoopsrivier, Groot Zwarde Berg

50. C.O. 442 Lett. Rec.: Dunn-Bell, 30.I2.1835, no. I4.

<sup>49A.</sup> Brief in 1/woc 19/122 : Swellendamse Skoolkommissie - Rose Innes,  
20/2/1840.

en Riversdale, aangesien hulle daarvan oortuig was dat minstens veertig leerlinge elk van hierdie skole sou bywoon, mits onderrig in Hollands sowel as Engels sou geskied. 'n Verdere aanbeveling was dat die regering, in 'n poging om ouers te help wat nie hul kinders na 'n skool kon stuur nie, 'n bedrag van £15 moes bydra tot die salaris van privaat-skoolmeesters wat behoorlik gekwalifiseer was en dat hierdie onderwysers dan ook onder die beheer van die skoolkomitee sou kom. Nie een van hierdie aanbevelings is egter aanvaar nie.<sup>51)</sup>

Eers vanaf die einde van die dertigerjare kon 'n gewisse vooruitgang op onderwysgebied in Swellendam bespeur word. Hierdie vooruitgang was veral te danke aan twee faktore, t.w. 'n knap onderwyser en, tweedens, die ywer wat deur ds. Robertson aan die dag gelê is. As oud-onderwyser, was hy nie alleen goed vertroud met die onderwystoestande in die Kaapkolonie nie, maar hy het ook die Hollandssprekende koloniste leer ken en verstaan, soos oral in sy optrede gesien kon word. In 'n brief aan die goewerneur, sir Benjamin D'Urban, in Februarie 1836 verwys hy dan ook na die swak toestande van die onderwys op Swellendam en stel die volgende wysigings voor om die onderrig te verbeter: Net soos die Bybel-en Skoolkommissie in 1834 gedoen het, gee hy aan die hand dat die regering alleen 'n deel, £50 tot £60, van die salaris van die onderwyser moes betaal, terwyl die ander deel deur die ouers volgens 'n bepaalde skaal betaal moes word, "leaving the income thus in a considerable degree to depend upon their own exertions and at the same time have the effect of making the parents attach a value to the education of their children which is not felt when they receive it en-

---

51. Brief in I/WOC I9/I22: Swellendamse Skoolkommissie-Innes, 20.2.1840.

tirely gratis;" hy beveel verder aan dat die kinders in al die regeringskole, sowel in Engels as in Hollands onderrig moes ontvang. Hy gaan van die standpunt uit dat, indien Hollands ook onderrig word, die vooroordeel teenoor Engels mettertyd sou verdwyn en die uiteindelike doel - die verengelsing van die koloniste - bereik sou word. "In order to ensure the success of the measure, namely the introduction of the English language, a little indulgence must be shown to the majority of the population in favour of the Dutch language. I should, therefore, recommend that in all Government schools the scholars should be regularly taught to read and write Dutch, and be moreover instructed in the principles of religion in the same language. The pupils might notwithstanding be instructed in the English language, whilst by this accommodation to the wishes of the people, their minds would be quite conciliated;" Aangesien die sukses van die onderwysstelsel baie afhang van die bekwaamheid van die onderwyser, beveel hy aan dat Engelse onderwysers, meer bepaald monitors wat deur die "British and Foreign Society School" te Londen opgelei is, ingevoer moet word. Hy beveel aan dat hulle onder die volgende voorwaardes na die Kaap uitgebring word: Hulle ontvang vry passaat na die Kaap, 'n jaarlikse inkomste van tussen £60 en £80 per jaar, 'n vry huis en die reg om fooie te hef ten einde hul inkomste aan te vul, die reg om, nadat hulle vyf jaar as onderwyser diens gedoen het, aansoek te doen om vakante betrekings in die kerk indien hulle Hollands kon praat; hy bepleit ook die stigting van "Infant Schools" vir die kinders van Christelike ouers sowel as vir nie-blanke kinders, nie alleen te Swellendam nie, maar ook in die ander dorpe; hy wys op die groot afstande en die probleme wat dit meebring en beveel aan dat

onderwysers gevind word wat op die plase kon aanbly - gedeeltelik betaal deur die regering en verder moes hul salaris aangevul word deur fooie wat hulle mag hef. Hulle moes ook onder die gesag van die plaaslike skoolkomitee staan.<sup>52)</sup>

Na die ontslag van Matthews op 30 Junie 1836 moes die skool vir meer as 'n jaar gesluit bly omdat die komitee nie 'n geskikte persoon in sy plek kon kry nie. In Maart 1836 skryf John Fairbairn in die Commercial Advertiser na aanleiding van 'n brief wat hy van ds. Robertson ontvang het: "We have again received a letter from Swellendam, complaining that no schoolmaster has as yet been appointed to that village." Hy gaan voort en skryf dat dit 'n betreurenswaardige feit is dat 'n plek wat daagliks belangriker en vooruitstrewender word en wat die potensiaal bevat om een van die mees florerende distrikte in die kolonie te word, nie 'n skool het nie. Die Kaapkolonie behoort in hierdie opsig sy hoof in skaamte te laat hang, veral as gelet word op die vooruitgang wat op onderwysgebied deur die regerings van Nieu-Suid-Wallis en Van Diemensland gemaak word. Hy hoop dat die onderwerp deur die Wetgewende Raad tydens dié liggaam se volgende sitting behandel sal word, "and we promise to embalm the name of the member, who shall introduce an efficient Bill on this subject, that it may be handed down with honour to posterity."<sup>53)</sup>

Op 28 Maart 1837 is 'n ouervergadering, blykbaar op aanandrang van Harry Rivers en ds. Robertson en onder voorsitterskap van J.G. Aspelung, op Swellendam belê. Die volgende besluite is tydens die samekoms geneem: die ouers spreek hul leedwese uit oor die feit dat daar nie 'n publieke skool in

---

52. C.O. 276I Lett. Rec.: Robertson-D'Urban, 8.2.1836, no. 8:  
Sien ook C.O. 443 Lett. Rec.: Robertson-D'Urban, 3.4.'35,  
no. I7.

53. A.Dreyer: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, p. 8.

die dorp bestaan nie. "The meeting is of opinion that immediate and active exertions on the part of the inhabitants to remedy the evils daily resulting therefrom to the rising generation are imperatively demanded." Aangesien die bedrag wat in die verlede vir die salaris van die onderwyser toegestaan is, blykbaar te gering was om die dienste van 'n bekwame onderwyser te verseker, vra hulle dat die regering 'n jaarlikse bedrag van £40, soos deur die regulasies van I834 bepaal is, tot die salaris van die onderwyser moes bydra, asook 'n woonhuis en skoolvertrek beskikbaar moes stel. Die aanwesiges het op hulle beurt onderneem om 'n addisionele som van £50 per jaar, vir 'n periode van vyf jaar, tot die salaris van die onderwyser by te dra; die keuse van die onderwyser en die toesig oor die skool sou by 'n komitee van vyf lede berus, twee waarvan deur die regering en drie deur die bydraers gekies sou word; behalwe in Engels en Hollands, sou onderrig in skrif, rekenkunde, Aardrykskunde, Geskiedenis en in die grondbeginsels van die Christelike godsdiens, ook gegee word. Hulle berig verder: "a subscription list was then opened and a sum considerably exceeding the amount proposed to be contributed . . . . . , was immediately subscribed."<sup>54)</sup>

Toe op 29 Mei I837 nog geen antwoord op hierdie voorstelle ontvang is nie, het ds. Robertson die siviele kommissaris versoek om die saak woer onder die aandag van die regering te bring sodat hulle die Bybel-en Skoolkommissie kon aanspoor om gouer tot 'n besluit te kom wanneer sake van belang aan hulle opgedra word. "It is much to be regretted that such a length of time is allowed to elapse before an

answer is returned, because when the inhabitants come forward in such a ready manner to meet our suggestions, they ought to be encouraged, and because I fear that this delay may appear to be indifference and may induce some of them to withdraw the support they so readily tendered."<sup>55)</sup>

Eers op 4 Augustus 1837 rapporteer die Kaapse koloniale sekretaris dat die Goewerneur met groot vreugde verneem het van die voorgenome maatreëls deur die inwoners van Swellendam, geneem. As rede vir die vertraging in verband met die besluit van die regering gee hy as rede aan: "those proposals were referred to the Bible and School Commission for their opinion and hence the delay that has taken place in answering your letter." Hy berig verder dat die Goewerneur hul voorstelle met blydschap, maar op die volgende voorwaardes, sou aanvaar: Die regering sou 'n bekwame onderwyser 'n jaarlikse salaris van £40 betaal; die ~~regring~~<sup>e</sup> sou die skoolgebou in stand hou en sou 'n vry huis aan die onderwyser verskaf; die regering sou 'n vaste bedrag vir skryfbehoeftes, boeke ens. toestaan; die siviele kommissaris moes ex-officio voorsitter van die plaaslike skoolkomitee, wat deur die "subscribers" gekies sou word, wees; die regering sou die onderwyser op aanbeveling van die skoolkomitee aanstel; hierdie reëling sou slegs geldig wees vir solank die "subscribers" hul deel van die ooreenkoms sou nakom.<sup>56)</sup> Die "subscribers" het hierdie voorwaardes aanvaar en op 15 Augustus 1837 rapporteer Rivers dat die volgende persone deur die "subscribers" gekies is om saam met hom in die skool-

55. C.O. 2769 Lett. Rec.: Robertson-Rivers, 29.5.1837, no.22.

56. C.O. 4909 Lett. Des.: Bell-Rivers, 4.8.1837, p. 328.

komitee te dien, te wete J.G. Aspeling, ds. Robertson, Joseph Barry en J.F. Bam.<sup>57)</sup>

Die ondoeltreffendheid van die Bybel-en Skoolkommissie as beherende liggaam in verband met onderwysaangeleenthede het mettertyd al meer onder die soeklig gekom. Veral goewerneur George Napier het die gebroke van die bestaande stelsel sterk aangevoel. Op 28 Augustus 1837 het kolonel Bell, Kaapse koloniale sekretaris, 'n memorandum oor die toestand van die vryskole en oor die algemene toestand van onderwys in die Kolonie vir die goewerneur opgestel. Hierdie memorandum is ook aan sir John Herschel, 'n bekende astronoom wat aan die Kaap vertoef het en wat baie belang in die saak van die onderwys gestel het, voorgelê. Bell sowel as Herschel het die swak toestand van die onderwys hoofsaaklik toegeskrywe aan die gebrek aan 'n stelselmatige beleid en hulle het 'n meer uniforme en gesentraliseerde stelsel bepleit, waar die mag en verantwoordelikheid by een persoon sou berus. As gevolg hiervan is 'n "General Superintendent of Public Education" aangestel wat aan die hoof van 'n Departement van Onderwys sou staan. James Rose Innes, wat in 1822 saam met ds. Robertson van Skotland na Suid-Afrika gekom het, is in hierdie pos aangestel.<sup>58)</sup>

Volgens 'n omsendbrief van 18 Februarie 1842 moes alle korrespondensie in die vervolg aan die Superintendent-Generaal van Onderwys gerig word. Om eenvormigheid te verkry, sou die plaaslike skoolkomitee in die vervolg onthef word van sy vorige pligte met betrekking tot "the direct control over the internal arrangements of the schools of your district, its discipline, the course of instruction laid down".  
 57. C.O. 2769 Lett. Rec.: Aspeling-Bell, 15.8.1837, no. 37.  
 58. v.d. Westhuizen: Onderwys onder die Alg. Skoolkom., pp. 233-235.

and the system pursued;" Die komitee moes egter nog, soos in die verlede, die skool gereeld besoek, teenwoordig wees wanneer die eksamens afgeneem word en, behalwe die rapporte en vorms wat deur die onderwyser ingevul moes word, moes die komitee ook 'n kwartaallikse rapport oor die algemene toestand van die skool aan die superintendent voorlê; klagtes van minder ernstige aard van die kant van die ouers moes ook deur hom behandel word; die komitee kon ook aanbevelings maak vir 'n "Free Scholarship" in die hoër klasse ten opsigte van kinders van behoeftige ouers.<sup>59)</sup>

Intussen het daar wat Swellendam se vryskool aanbetref skouspelagtige verbetering ingetree. Op 6 Oktober 1837 is Richard Collins as onderwyser in die nuwe skool aangestel teen 'n salaris van £100 per jaar. In stede van £50 soos in 1837 vasgelê is, het die "subscribers" £60 tot sy salaris bygedra.<sup>60)</sup> Behalwe die toelae van £22 -10 en £18 vir huis-huur en die huur van die skoolgebou, respektieflik, het die siviele kommissaris ook verlof gekry om tot 'n bedrag van £10 die skoolbanke te laat repareer en nuwes aan te koop. Die regering het ook onderneem om jaarliks 'n bedrag vir boeké en ander skoolbenodigdhede toe te staan.<sup>61)</sup>

Aangesien die skoolkamer eers in Januarie 1838 aan die skoolkomitee afgelewer sou word, is 'n versoek aan die kerkraad gerig om die konsistorie tot die beskikking van die onderwyser te stel. Dit spreek vanself dat die groot kamp-vegter vir onderwys, ds. Robertson, sou sorg dat die kerkraad geredolik hiertoe ingestem het, op voorwaarde "dat vloer,

59. C.O. 5102 Lett. Des.: Craig-Skoolkommissie, 18.2.1842, pp. 46-50.

60. C.O. 2769 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 21.II.1837, no. 62; C.O. 4909 Lett. Des.: Bell-Rivers, 4.8.1837, p. 328.

61. C.O. 4910 Lett. Des.: Bell-Rivers, 24.II.1837, p. 50.

muren en vensters in den zelfden staat, waarin zy ontvangen, weder overgeleverd zouden worden."<sup>62)</sup>

Hiordie skool het volgens die rapporte vanaf die begin baie goed vordering gemaak. Op 30 Junie 1838 rapporteer Rivers: "the orderly state of the school, and the general progress were in every respect highly satisfactory." Die getalle het vinnig toegeneem sodat 1838 afgesluit is met twee en tagtig leerlinge en 'n gemiddelde bywoningssyfer van ag en sewentig.<sup>63)</sup> Die volgende tabel toon aan hoe die skool onder Collins se leiding gegroei het:

Aantal leerlinge in die skool van Collins 1837-1842.

Datum	Seuns	Dogters	Totaal	Gem weeklikse bywoning.
<u>1837</u>	29	17	46	43
<u>1838</u>				
Feb.	29	17	46	43
Maart	37	19	56	53
Junie	39	24	63	60
Sept.	46	26	72	68
Des.	51	31	82	78
<u>1839</u>				
Maart	49	30	79	75
Junie	49	30	79	78
Des.	52	32	84	-
<u>1840</u>	39	30	69	-
<u>1841</u>	35	31	66	-
<u>1842</u>	49	37	86	- 64)

62. G7 I/I: Swellendamse Kerkraadsnotule, 9.IO.1837, p. 286;

G7 3/6: Inkomende Regeringsbrieve, Rivers-Kerkraad, 7.IO.1837.

63. C.O. 2776 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 30.6.1838, no. 26.

64. Lamprecht: Onderwys te Swellendam, p. 87.

Onderrig is in die volgende vakke gegee, te wete lees, skrif, rekenkunde, vertaling, Engelse grammatika, Hollands en Aardrykskunde.<sup>65)</sup> In Junie I838 was die gemiddelde bywoning besonder laag as gevolg van 'n maselepidemie wat in die distrik uitgebreek het. Die skool was dan ook byna 'n maand lank gesluit.<sup>66)</sup> Die volgende is 'n lys van boeke ter waarde van £31 -9 -8 wat vanaf 6 Oktober tot 30 Desember I838, aan die skool gestuur is:

"  
 18 Sets Spelling Cards  
 24 Primers  
 60 Mavars Spelling  
 9 Lennies Grammars  
 6 Walkingham's Arithmetic  
 24 Murray's Introduction  
 72 Dutch Book (Spelling and Reading)  
 61 Books as prizes  
 2 Silver medals as prizes  
 24 Slates  
 8 Packs Slate pencils  
 204 Copy Books  
 19 Copy Slips  
 1 000 Quills  
 24 Inkstands  
 12 Inkpowders  
 2 Rulers."<sup>67)</sup>

Op 'n versoek van die skoolkomitee het die regering ingewillig om die helfte van hierdie bedrag te betaal. Dit

65. C.O. 2776 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 30.6.I838, no. 26.

66. C.O. 2784 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 30.6.I839, no. 70.

67. Ibid., Augustus I839, no. 93.

was 'n spesiale vergunning aan Swellendam want die "subscribers are at present paying a salary of £15 to one of the Senior pupils for his services as an assistant, which greatly contributes to the efficiency of the school."<sup>68)</sup>

Om goed op hoogte van sake te kom in verband met die onderwystoestande in die Kolonie, het Rose Innes reeds in die begin van 1840 'n reis deur die kolonie gemaak en die regeringskole besoek. In sy rapport wat hy in 1840 uitgebring het, wys hy daarop dat, met uitsondering van Swellendam, die skole oor die algemeen in die mees onbevredigende toestand was. "With the exception of Swellendam School, which though still in its infancy the Government schools are in a most unsatisfactory state." Hierdie toestand van sake het hy toeskryf aan onder andere "the correct knowledge which the teacher has acquired of Dutch." In verband met Collins sê hy verder: "and that of these few there is but one, Mr. Collins of Swellendam ..... whom I can recommend to His Excellency to be placed in charge of any school where more is contemplated than teaching the pupil to read, write and cipher."<sup>69)</sup> In die verslag wat ds. Robertson aan die Ring van Swellendam in Oktober 1839 in verband met die onderwystoestande voorgelê het, stel hy dit soos volg: "De Scholen op ons Dorp zyn in eenen bloeienden staat."<sup>70)</sup>

Aan die begin van 1840 was die maksimum getal blanke kinders van skoolgaande ouerdom en jonger as veertien jaar in die dorp en omgewing, omtrent 100. Van hierdie getal was vyf en tagtig, te wete vyf en vyftig seuns en dertig dogters,

---

68. C.O. 2793 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 25.2.1840, no. 12.

69. C.O. 490 Superintendent General of Education Report, 14.6.1840, no. 6; C.O. 499 Ibid., 9.8.1841, no. 95.

70. R 2/I: Ring van Swellendam, Herderlike Briewe, 7.10.1839, p. 253.

in die Vry Engelse Skool, "all of Christian parents and of European descent." Al die leerlinge in die skool het onderrig in sowel Hollands as Engels ontvang; omtrent sewe en ses-tig was daartoe in staat om albei tale te lees; sestig het onderrig "in writing, in which many have made the most respectable progress," ontvang; onderrig is behalwe in genoemde vakke, ook in Rekenkunde, Hollandse en Engelse grammatika, Aardrykskunde, die gebruik van die aardbol en elementêre Geskiedenis, gegee.<sup>71</sup>)

Die belangrike regeringsmemorandum van 23 Mei 1839 het behalwe die totstandkoming van 'n Departement van Onderwys onder beheer van 'n Superintendent-Generaal van Onderwys, ook voorsiening gemaak vir die verdeling van die skool in twee klasse, te wete eerste klas of "Principal Schools" wat bestem was vir die grotere dorpe en stede en 'n Tweede klas of "Secondary Schools" wat bestem was vir die kleinere plekke op die platteland - ook Swellendam. Dit het alleenlik in 'n primêre kursus voorsien en die onderwys sou skoolgeldvry wees; die onderwyser sou 'n vaste salaris van £100 ontvang, asook 'n toelaag van nie minder nie as £30 vir huishuur.<sup>72</sup>)

Die Swellendamse "subscribers" het toe die bepalings van die nuwe onderwysstelsel rugbaar geword het, onmiddellik 'n vergadering belê. Op die vergadering het hulle 'n besluit geneem dat, aangesien 'n nuwe onderwysstelsel uitgevaardig is, hulle aanneem dat hulle onthef word van hul verpligte bydrae en dat hul onderwyser, mnr. Collins, "will be placed on the same footing with the new appointments, he having shown himself worthy of the situation and been approved by Mr. Rose Innes at his circuit visits of the different

71. Brief in I/WOC I9/I22: Swellendamse Skoolkommissie-Innes, 20.2.1840.

72. C.O. 48I Lett. Rec.: Innes-Bell, 4.4.1839, no. 3I.

schools."<sup>73)</sup> Hulle het gevolglik op 1 Oktober hul bydrae tot Collins se salaris gestaak. Aspeling, die waarnemende si-viele kommissaris, het egter naglaat om die regering hiervan te verwittig en op 20 Januarie 1840 ontvang hy 'n brief van die regering dat hy moet verduidelik wat aan die gang is, aangesien Collins nou die regering versoek het om in te staan vir die ekstra bedrag van £60 per jaar.<sup>74)</sup> Aspeling het die saak soos volg bepleit: "I have the honour to express the hope of the School Committee that the liberal manner in which the inhabitants of this village came forward on the subject of education and the zeal and ability of Mr. Collins as a teacher will be considered by His Excellency as giving him a claim to the most favourable consideration of Government."<sup>75)</sup> Aan hierdie pleidooi is gehoor gegee en op II Junie 1841 is Collins in kennis gestel dat £100 aan salaris, asook 'n huistoelaag van £22 -10, vanaf genoemde datum aan hom toe-gestaan sou word. Tesame met die huur van 'n skoolvertrek sou die totale koste vir die instandhouding van hierdie skool vir die regering dus £150 per jaar wees.<sup>76)</sup>

#### Die Voorleserskole.

Somerset se slaweproklamasie van 1823 het onder andere ook vir die onderwys van die slawe voorsiening gemaak. "Christian proprietors, are, after the first day of June next, to send their slave children above three years, and under ten years of age, at least three days in each week to the established free schools nearest to their dwelling; and

73. C.O. 2793 Lett. Rec.: Aspeling-Bell, I5.9.1840, no. 47.

74. C.O. 4912 Lett. Des.: Bell-Aspeling, 20.I.1840, p. 280.

75. C.O. 2793 Lett. Rec.: Aspeling-Bell, I5.9.1840, no. 47.

76. C.O. 5101 Lett. Des.: Ecclesiastical and Schools, Bell-Collins, II.6.1841, p. 446.

those whose residence will not permit them . . . . , are anxiously invited to avail themselves of any means which may offer for giving them instruction."<sup>77)</sup>

Goewerneur Somerset het aan landdros Schönberg opdrag gegee om 'n gebou waarin slawekinders, sowel as blanke kinders onderrig kon word, te huur. Die Engelse onderwyser, Arnold, het onderneem om ook slawe- en Hottentotkinders te onderrig teen **ekstra** betaling van Rds.10 per maand. Aangesien Arnold egter nie Hollands kon praat nie, is in Februarie 1824 'n slawe-en Hottentotskool, onder leiding van die voorleser Paulzen, opgerig. Hy het onderneem om teen ekstra betaling van Rds.10 per maand aan slawe-en Hottentotkinders Sondae en tweekeer gedurende die week onderrig te gee. Op Sondae is aandag bestee aan Godsdiensonderwys, terwyl die kinders op die ander twee dae geleer is om Hollands te lees.<sup>78)</sup>

Slawekinders is in die Engelse vryskool toegelaat, want na aanleiding van 'n skrywe van Rivers hieromtrent, het die Bybel-en Skoolkommissie in 1828 tot die volgende besluit gekom: "The board is of opinion that the English Free Schools in the Country Districts should be open for slave children as well as for the children of the inhabitants, but that the slave children ought to be kept in separate classes."<sup>79)</sup>

Somerset se opvolgers en ook die Bybel-en Skoolkommissie, soos ons gesien het, het die standpunt ingeneem dat die Engelse vryskole vir almal - blank en nie-blank - toeganklik was. So, byvoorbeeld, het ook Robert Blair, onderwyser op Grahamstad, opdrag gekry om tot sy skool toe te laat "all

77. v.d. Westhuizen: Onderwys onder die Alg. Skoolkom., p. I80.

78. G7 3/9: Swellendam Inkomende Briewe e.a. stukke, I8I3-'45.

79. G7 3/9: Bybel-en Skoolkommissie-Rivers, 5.II.I828.

descriptions of persons who are decently clothed."<sup>80)</sup> In Swellendam het die plaaslike owerheid egter uit die staanspoor standpunt ingeneem dat die vryskool alleen vir blankes bedoel was.<sup>81)</sup> Die feit dat daar wel 'n aparte skool vir die nie-blankes bestaan het wat in die algemeen voortreflike werk gelewer het - meer as wat tot Junie 1836 van die Engelse vryskool gesê kon word - het egter meegebring dat hierdie standpunt van die owerheid nooit probleme veroorsaak het nie. Die nie-blankes het hul eie skool bygewoon waar hul in elk geval onderrig ontvang het in 'n taal wat hulle verstaan het. Daar moet ook onthou word dat die ouers beswaar gemaak het teen vermenging in die skole, nie as gevolg van vooroordeel teen nie-blankes bloot op grond van kleur nie, maar op grond van die feit dat die kleurlingkinders dikwels nie skoon was nie, en die blanke kinders met aansteeklike siektes kon besmet en omdat hulle bang was dat hulle kinders blootgestel sou word aan verkeerde invloede. Om hierdie bewering te staaf, haal ons aan uit die brief van die Swellendamse skoolkomitee aan Rose Innes in Februarie 1840. "The Commission are well aware," lui dit, "that there exists objections to the introduction of the coloured classes into the Public Schools of this place but these objections they believe not to be the effects of a mere prejudice on account of colour, but to arise from the fact, that the children in question belong to the lower classes of society and have hence and from various other causes acquired habits and manners which parents of European descent in general conceive would exer-

80. v.d. Westhuizen: Onderwys onder die Alg. Skoolkommissie, p.229; C.O.4887 Lett. Des.: Luit.-Goew.-Blair, 7.I2.I827.

81. v.d. Westhuizen: Onderwys onder die Alg. Skoolkom., p.I89.

cise a 'baneful influence' upon their children if the two classes should be permitted in the present state of things, indiscriminately to associate together." Die Skoolkommissie het gevolglik aanbeveel dat die bestaande aparte skole behou moes word, veral ook aangesien die getalle wat elke skool bygewoon het, 'n onderwyser vir elke skool regverdig het; asook omdat ondervinding hul geleer het dat die bestaande stelsel van twee aparte skole "is the most conducive to the general improvement."<sup>82)</sup>

Wat die werk van Paulzen aanbetrif, is die gegewens vir die eerste paar jaar baie skraal, want tot aan die einde van 1828 is daar geen rapporte opgestuur nie. Die eerste rapport is ingestuur op 31 Desember 1829. Hiervolgens blyk dit dat daar ag en twintig slawe- en nie-blanke kinders op die rol was waarvan dertien besig was met die alfabet, tien reeds kon spel en slegs vyf kon lees. Die onderrig was blykbaar beperk tot die loes van Hollands en die beginsels van die Christelike godsdiens.<sup>83)</sup> Die gemiddelde bywoning in Januarie 1830 was slegs agt en dit is te verstanne dat op hierdie wyse daar nie van vordering sprake kon wees nie. Eers in die rapport van Januarie 1830 word daar van onderrig in skrif melding gemaak.<sup>84)</sup>

In November 1830 was daar drie en dertig leerlinge in Paulzen se skool, waarvan ses en twintig Hottentotkinders en sewe slawekinders was. Paulzen het hierdie betrekking tot aan sy dood in Mei 1836 beklee. Soos blyk uit die ringsverslag van 6 Oktober 1834, was hy baie ywerig in sy werk. "De

82. Brief gebind in I/WOC I9/I22: Swellendamse Skoolkommissie - Rose Innes, 20.2.1840.

83. G7 3/9: Rapport van 31.3.1829.

84. C.O. 27I9 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 6.I.1830, no. 6.

Voorlezer Paulzen, is ook als altoos bezig, met een pryzens waardigen ywer, om de kennis der ware Godsdiens onder de Heidene te verspreiden."<sup>85)</sup>

Aantal leerlinge in die skool van Paulzen tot 1836.

Datum	Seuns	Dogters	Totaal	Gem. bywonning.
I829	-	-	28	-
I830	-	-	27	8
I831	8	II	I9	-
I832	-	-	-	-
I833	I2	I3	25	-
I834	I3	I2	25	-
I835	I3	I2	25	-
I836	I7	I6	33	- 86).

As voorleser en onderwyser van die heidene is Paulzen deur J.R.Keet opgevolg. Tydens 'n kerkraadsvergadering wat op 4 Oktober I836 gehou is, is aan hom bekend gemaak dat hy ook verantwoordelik sou wees vir "het ambt van Onderwyzer den Heidenen" en dat hy in dié hoedanigheid twee aande per week vir die volwassenes en twee middae per week vir die kinders, vir 'n periode van twee uur, skool moes hou. Sy salaris as voorleser en onderwyser sou £30 per jaar wees.<sup>87)</sup>

Aangesien die skool van die voorleser nie volkome in die behoeftes kon voorsien nie en aangesien die vordering van die leerlinge nie na wense was nie, het sekere dames van die dorp in I836 'n oggendskool vir die onderwys van behoeftige blankes sowel as vir nie-blankes gestig. Seuns onder tien jaar en dogters onder dertien jaar "of every class, denomination and colour" het in die skool gratis onderrig ontvang.

85. R 2/I: Ring van Swellendam I826-I836, 6.IO.I834, p. I20.

86. Lamprecht: Onderwys te Swellendam, p. II5.

87. G7 I/I: Swellendamse Kerkraadsnotule I798-I840, 4.IO.I836, p. 262.

Aanvanklik het die dames self die onderrig behartig en later het hulle die hulp van 'n assistent teen 'n salaris van £12-10 per jaar, wat deur hulself betaal is, verkry. Die skoolure was gewoonlik van 9-12 en die skool is goed deur blank sowel as nie-blank bygewoon. Hierdie skool het van sestig tot sewentig skoliere gehuisves en onderrig was in Hollands, sowel as gedeeltelik in Engels vir die meer gevorderde leerlinge. Onderrig is ook in lees, skrif, rekenkunde en godsdiensonderrig gegee. In 'n skrywe van 23 Oktober 1838 wys die siviele kommissaris egter daarop dat hy verneem het dat die assistent gaan vertrek, en aangesien die dames nie daar-in kon slaag om weer 'n assistent teen dieselfde salaris te verkry nie, vrees hy dat hierdie inrigting, wat sulke goeie werk verrig het, dalk sou doodloop. Hy wil dus die skool, met sy behoeftes, by die goewerneur aanbeveel en voorstel dat die regering die beskermheer van die skool moes word. Hy vra dus dat die regering 'n bedrag van £30 tot £35 per jaar vir die verdere instandhouding van die skool moes bydra - dit sou die huur van die skoolgebou, huishuur, boeke, skryfbehoeftes, ens insluit. Die dames het onderneem om jaarliks 'n bedrag van £12-10 tot die salaris van die onderwyser by te dra. Rivers noem verder dat die getalle van die Engelse vry-skool sodanig toegeneem het, naamlik tot tagtig, dat een onderwyser nie meer kinders sou kon behartig nie. Die stigting van 'n tweede skool - spesifiek vir die nie-blankes - is dus wenslik. Die ouers van die publieke skool sou dit ook beslis afkeur dat nie-blankes die skool bywoon, en dit sou die Engelse vryskool eerder tot nadeel as tot voordeel strek. "I know that the admission of children of all colour would offend or tend to confirm a prejudice which however wrong

and to be lamented, does exist; and would probably cause the majority of the present subscribers to withdraw their support and thereby break up an establishment, which is thriving perhaps beyond any in the Colony." Hy wys daarop dat in die skool van die dames die rasse wel gemeng was, aangesien arm-blanke ouers hul kinders daarheen gestuur het. Indien die skool voortgesit kon word onder 'n boekwame onderwyser, sou dit beteken dat omtrent tagtig leerlinge dit sou bywoon sowel as sestig tot sewentig volwassenes; die regering sou dus deur twee salarissoisse van £40 per jaar te betaal - die regering se bydrae tot Collins se salaris - en £35 per jaar, en met behulp van die bydraes van die "subscribers" tot een skool, en die bydrae van die dames tot die ander skool, aan meer as 200 leerlinge onderrig kon verskaf.<sup>88)</sup> In sy antwoord op hierdie pleidooi van Rivers, het die goewerneur geredelik toegestem om die som van £35 by te dra en daarby gevoeg: "I only wish I could have many such satisfactory letters on this from the Civil Commissioners and I would willingly authorise the payment." Die goewerneur het vereis dat 'n kwartaallikse verslag wat bywoning aantoon aan die regering voorgelê moes word en dat Rivers die skool van tyd tot tyd moes besoek.<sup>89)</sup>

Vanaf 26 Oktober 1838 het hierdie privaatskool dus 'n staatsondersteunde skool geword en as eerste onderwyser onder die nuwe bedeling is die voorleser, J.R.Keet, aangestel. Die getalle het nou so sterk toegeneem dat Rivers in Maart 1839 om verdere staatsondersteuning moes aansoek doen. Hy skryf dat, alhoewel die onderwyser baie toegewydt was, hy nie

88. C.O. 2776 Lett. Rec.: Rivers-Bell, 23.IO.I838, no. 50;  
South African Commercial Advertiser, 5.4.I837.

89. C.O. 49II Lett. Des.: Bell-Rivers, 26.IO.I838, p. 296.

aan al sy leerlinge reg kon laat geskied nie. Hy vra dus die regering om 'n assistent vanaf 1 April 1839, teen 'n salaris van £15 per jaar, aan te stel. Ook hierdie versoek is toegestaan.<sup>90)</sup> As skoolgebou vir die skool van Keet, is die Oefeningshuis gebruik. Een van die doelstellings met die oprigting van hierdie gebou was juis dat dit ook moes dien tot "het onderwyzen den Heidenen."<sup>91)</sup> Op 'n vergadering van die direkteure van die Oefeningshuis op 2 Julie 1838 is die besluit gemaak dat die voorleser die gebou vir die "onderwys der Heidenen .....als ook van heidensche, en andere arme kinderen in de school onder opzicht van de Jufvrouwen en den Leeraar," kon gebruik, op voorwaarde dat gesorg sou word dat die banke, ens nie beskadig word nie en dat die gebou netjies gehou word.<sup>92)</sup> Soos uit die volgende tabel blyk, was die getalle vanaf 1837 tot 1842 besonder hoog.

Aantal leerlinge in die skool van Keet, 1837-1842.

Datum	Seuns	Dogters	Totaal	Gem. bywoning.
1837	30	25	55	-
1838	88	50	138	-
1839	43	50	93	-
1840	40	54	94	-
1841	83	102	190	-
1842	95	110	205	- 93)

Aan die begin van 1840 was die maksimum getal nie-blanke kinders van skoolgaande ouderdom en jonger as veertien jaar, in die dorp en omgewing, omtrent 110. Van hierdie

90. C.O. 2784 Lett. Rec.: Rivcrs-Bell, Maart 1839, no. 43;  
C.O. 4912 Lctt. Des.: Bell-Rivers, 28.3.1839, p. 182.

91. G7 I9/I Swellendamse Gestig 1837-1922, 15.7.1837, p. I.

92. Ibid., 2.7.1838, p. 7.

93. Lamprecht: Onderwys te Swellendam, p. 125.

getal het vier en neëntig, te wete veertig seuns en vier en vyftig dogters, die nie-blanke skool van Koet bygewoon; sewentien seuns en agtien dogters was kinders van "apprentices" on die res van Hottentot of gemengde afkoms; Engels is aan die leerlinge wat al aansienlike vordering gemaak het met Hollands onderrig; omtrent dertig van hulle was daartoe instaat om Hollands te lees en vyftien Engels; dertig het onderrig ontvang in skrif en een en twintig in rekenkunde en almal is in die beginsels van die Christelike godsdiens onderrig.<sup>94)</sup>

---

94. Brief gebind in I/WOC I9/I22: Swellendamse Skoolkommisie - Rose Innes, 20.2.1840.

BYLAE. I.Amptenare en ampsdraers gedurende die tydperk 1828-1841.

Jaar	Siviele Komm.	Klerk van siv. kom.	Tweede klerk van siv. kom.	Posmeester
I828-	H.Rivers	J.G.Cloote	-	J.C.Mol
I830				
I831-	H.Rivers	E.Emett	J.C.Mol	J.C.Mol
I834				
Jaar	Siviele Komm.	Klerk van en Res. Magis. siv. kom.	Tweede klerk van siv. kom.	Posmeester
I835	H.Rivers	E.Emett	J.C.Mol	J.C.Mol
I836-	H.Rivers	E.Emett	J.C.Mol	G.Kolwer
I841				
Jaar	Brandweerman	Ass. Brandweer- man	Ponte Boonste	Resident Onderste Port Beaufort
I828-	J.H.Siebert	M.A.Siebert	J.Nothing	H.Eksteen W.Dunn
I837				
I838-	J.H.Siebert	M.A.Siebert	J.Nothing	Afgeskaf W.Dunn
I839				
I840-	J.H.Siebert	M.A.Siebert	J.Nothing	- G.Pedder
I841				
Jaar	Res. Magis-	Klerk	Boodskapper	Vredereggreg Skut- traat meester
I828	C.M.Lind	H.Horne	T.Clarke	C.Taylor J.Bam B.Crous
I829	W.Harding	F.Alleman	T.Clarke	C.Taylor J.Bam B.Crous
I830-	J.Aspeling	F.Alleman	G.Denner	C.Taylor J.Bam B.Crous
I831				
I832-	J.Aspeling	F.Alleman	G.Denner	Afgeskaf J.Bam B.Crous
I834				
I835-	Afgeskaf	Afgeskaf	G.Denner	- J.Bam B.Crous
I837				
I838-	-	-	G.Denner	- W.Harding B.Crous
I841				
Jaar	Klerk van Klerk van Vredereggreg	Tronkbe- waarder	Adjunk Balju	Vrederegters
I828-	J.Falck	W.Hazel	J.Barry	H.Rivers, C.Lind
I829				Tesselaar, W.Dunn

Jaar Klerk van die Tronkbewaarder Adjunk Balju Vrederegters  
 Klerk van die  
Vredegeregt

I830	J.Falck	J.Ungerer	J.Barry	Rivers, Aspe- ling, Moodie, Tesselaar, Balston
I831-				
I832	J.Falck	Ebersohn	J.Barry	Dieselfde as bogenoemde
I833	J.Falck	Ebersohn	J.Barry	Rivers, Aspe- ling, Tess- laar, Balston, Moodie, Needham
I834	J.Falck	Ebersohn	J.Barry	Aspelinc Rivers, Moodie, F.W.Reitz. Needham, Balston Tesselaar
I835	G.Rawstorne	G.Kolwer	J.Barry	Rivers, Moodie, Aspelinc Tesselaar, Balston, Need- ham, Reitz, A.P.Keyter.
I836-				
I837	G.Rawstorne	G.Kolwer	J.Barry	Rivers, Moodie, Aspelinc, Reitz S.Parby, Keyter, Needham Tesselaar, Balston
I838-				
I841	Afgeskaf	G.Kolwer	J.Barry	Dieselfde as bogenoemde
Jaar	Predikant Voorleser Koster Onderwyser Distriksgenees- hoer			
I828-				
I830	Moll	C.Paulzen J.Martin de Meillon	Turnbull	
I831	Moll	C.Paulzen J.Martin W.Matthews	Mackison	
I832	Moll	C.Paulzen J.Martin W.Matthews	A.Brown	
I833	Moll	C.Paulzen J.Martin W.Matthews	Vakant	
I834	Moll	C.Paulzen J.Martin W.Matthews	T.Ahrens	
I835	Robertson	Paulzen J.Martin W.Matthews	H.White	
I836	Robertson	Paulzen J.Martin W.Matthews	H.White	
I837	Robertson	J.R.Keet Martin	Vakant	H.White
I838-				
I841	Robertson	J.R.Keet Martin	R.Collins	H.White

Jaar	Ouderlinge	Diakens	Skoolkommissie
I828	J.Groenewald, J.Moolman	M.van As, H.O.Eksteen E.Eksteen, B.Crous	-
I829	Groenewald, Moolman	H.O.Eksteen, Crous, van As, E.Eksteen	-
I830	Moolman, B.Moodie	E.Eksteen, Crous, van As, C.Coetzee	Rivers, Rawstorne Paulzen, J.N.Linde
I831	Moolman, Moodie	Selfde as bogenoemde	Dieselfde as bogenoemde.
I832	C.Rothman, L.Badenhorst	J.Boshoff, P.Streicher, C.Coetzee, J.Swart	Dieselfde as bogenoemde
I833	Pde Jagor, P.Streicher	C.Coetzee, J.Swart, J.Boshoff, P.G.Steyn	Dieselfde as bogenoemde
I834	P.Streicher, C.Coetze	S.Rothman, J.Swart, J.Boshoff, P.G.Steyn	Dieselfde as bogenoemde
I835	Diesclfde as bogenoemde	J.Swart, P.G.Steyn, S.Rothman, P.G.Lourens	Soos vooraf- gaande
I836	L.Badenhorst, P.Streicher	F.G.Steyn, P.G.Lourens, H.Siebert, P.du Toit.	Soos vooraf- gaande
I837	A.Cilliers, P.Streicher, A.P.van Wyk, L.Badenhorst.	M.Siebert, P.du Toit, P.G.Lourens, A.Muller, P.G.Steyn, H.Rothman	Rivers, Aspelinc, ds.Robertson, J.Barry, J.F.Bam
I838	Soos voofafgaande	M.Siebert, P.du Toit, P.G.Lourens, J.Wessels, A.Muller, H.Rothman	H.Rivers, J.Aspeling, ds.Robertson, J.Barry, F.W.Reitz
I839	A.Cilliers, P.C.de Bruyn, P.Streicher, A.P.van Wyk	M.Siebert, J.Wessels, F.W.Reitz, C.F.Rothman, C.Taillard,	Soos vooraf- gaande
I840	A.Cilliers, M.Siebert, J.F.Bam, P.Streicher.	A.Muller, J.Wessels, H.Steyn, F.W.Reitz, C.F.Rothman, J.P.van Zyl	Soos vooraf- gaande.
I841	A.Muller, P.Streicher, J.F.Bam, M.Siebert	J.Wessels, H.Steyn, J.P.van Zyl, W.S.leRoux, E.C.le Roux	Soos vooraf- gaande

BRONNE.I. ARGIVALE BRONNE.a) Gepubliseerd.

Theal, G.M.: Records of South East Africa, VOL., I.  
Cape Town, 1964.

Theal, G.M.: Documents Relating to the Kaffir War of  
1835. Londen, 1912.

Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, VOL., XIII.  
Londen, 1902.

Theal, G.M.: Records of the Cape Colony, VOL., XXXV.  
Londen, 1905.

b) Ongepubliseerd.

Kaapse Staatsargiefbewaarplek, Kaapstad.

Colonial Office:

Letters Received from Civil Commissioners, 1827-1842.  
C.O. 2688, 2701, 2714, 2726, 2733, 2740, 2747, 2754,  
2761, 2769, 2793, 2801, 2807.

Letters Received from Consistories, 1827-1842.

C.O. 303, 338, 381, 398, 411, 421, 433, 443, 454,  
464, 475, 485, 492, 501, 511.

Letters Received from Bible and School Commission,  
1827-1842.

C.O. 319, 354, 362, 378, 395, 407, 417, 429, 437,  
447, 458, 481, 490, 510.

Letters Received from St. Sebastians Bay, 1827-1840.

C.O. 328, 359, 363, 382, 399, 410, 420, 432, 442,  
453, 463, 474, 491, 500.

Letters Received from Special Justices, 1835-1838.

C.O. 441, 452, 465, 476.

Letters Received, Memorials, C.O. 3491, 3966, 4366.

Letters Despatched, 1827-1842: C.O. 4887, 4898, 4900, 4901, 4902, 4903, 4904, 4905, 4906, 4907, 4908, 4909, 4910, 4911, 4912, 4913, 4914, 4915, 4916.

Letterbook Ecclesiastical and Schools: C.O. 5100, 5101, 5102.

Land Board Swellendam 25, 95, 96.

Proceedings of the Synod, 1826-1835: C.O. 4458.

Slave Office:

S.O. 3/20 A - Observations of the Protector of Slaves from 1.9.1829 to June 1834.

C.O. 20/61 -- Total number of slaves in the various districts according to the several classes and values.

Customs:

Letters Received from Port Beaufort 1841-1846: C.C.T.176

Swellendamse Argief:

Klerk van die Vredereg. Uitgaande Briewe, Mei 1828-Januarie 1842.

I/SWM I6/6a, I6/32, I6/33, I6/34.

Worcesterse Argief:

I/WOC I9/I22. Swellendamse Skoolkommissie-Rose Innes.

Kerkargief, Kaapstad.

G7 1/1 en G7 1/2: Swellendamse Kerkraadsnotule, 1827-1842.

G 3/1, 3/6 en 3/9: Swellendamse Inkomende Regerings-briewe, 1827-1842.

G 19/1: Swellendamse Gestig, 1837-1842.

R 2/1 en 2/2: Ring van Swellendam, 1827-1842.

Swellendamse Drostdy.

Minutes of the Port Beaufort Trading Company, no. 78.

II. Historiese Manuskrip. Swellendamse Drostdy.

Original Autobiography of Captain Benjamin Moodie.  
( Ongepubliseerd )

III. Regeringspublikasies.

Cape of Good Hope Blue Book, 1827-1842: C.O. 5970, 5971,  
5972, 5973, 5974, 5975, 5976, 5977, 5978, 5979, 5980,  
5981, 5982, 5983, 5984.

Statistical Register of the Cape Colony, C.C. Report,  
1880.

Government Gazettes, 1827-1842.

O.P.B. I/I. Report of the Commissioners of Inquiry upon  
the Administration of the Government at the Cape of  
Good Hope.

IV. Periodieke Publikasies.

Tydskrifte.

Cape Monthly Magazine, 1859.

Zuid-Afrikaansch Tijdschrift, 1832-1839.

De Kerkbode, 20.I2.1879.

De Honigby, 1839.

Almanakke.

The Cape of Good Hope Annual Register, Directory and  
Almanack 1827-1842.

Official Handbook of the Cape of Good Hope, 1886.

Artikels.

Hopkins, H.C.: W.Robertson. Suid-Afrikaanse Biografiese  
Woordeboek, Deel, I.

Van Zyl, J.: J.Barry. Suid-Afrikaanse Biografiese  
Woordeboek, Deel, I.

Hattersley, A.F.: H.Rivers. Suid-Afrikaanse Biografiese  
Woordeboek, Deel, II.

Maxwell-Mahon, W.D.: B.Moodie. Suid-Afrikaanse Bio-

grafiese Woordeboek, Deel, II.

V. Koerante.

South African Commercial Advertiser I828-I841.

Overberg Courant I860-I865.

De Zuid Afrikaan, 26.II.I879.

The Meditator I837-I839.

VI. Letterkundige Bronne.

Backhouse, J.: A Narrative of a visit to Mauritius and South Africa. Londen, I844.

Baker, J.: A Memoir of the Rev. Wm. Robertson. Cape Town, I894.

Bunbury, J.F.: Journal of a Residence at the Cape. ~~New York~~, I969. London, 1848.

Chase, J.C.: The Cape of Good Hope and the Eastern Province of Algoa Bay. ~~Cape Town~~, I967. London, 1843.

Robertson, W.: Oude Katryn. (Pamflet uitgegee deur ds. Robertson. Kopie in G7 3/I) Kaapstad, I848.

Smith, Harry.: The Autobiography of Lieutenant-General Smith. Londen, I902.

Steedham, A.: Wanderings and Adventures in the Interior of South Africa, VOL., II. Londen, I835.

VII. Literatuur.

Alheit, W.A.: Eeu en 'n Halwe Eeu van Genade I798-I848 Kaapstad, I948.

Botha, C.G.: Die Openbare Argiewe van Suid-Afrika. Kaapstad, I928.

Botha, C.G.: Early Cape Land Tenure. Cape Town, I9I9.

Buirski, A.: The Barrys and the Overberg. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, I953.)

- Burrows, E.H.: A History of Medicine in South Africa.  
Cape Town, 1958.
- Burrows, E.H.: The Moodies of Melsetter. Cape Town, 1954.
- Burrows, E.H.: Overberg Outspan. Cape Town, 1952.
- Conradie, L.J.: Spaanders wat vlieg. Die romantiek van die Poswese. Pretoria, 1953.
- Dreyer, A.: Die Kaapse Kerk en die Groot Trek. Kaapstad, 1929.
- Dreyer, A.: Eeufees-Gedenkboek van Bredasdorp. Kaapstad, 1938.
- Gerdener, G.B.A.: Bouers van Weleer. Kaapstad, 1951.
- Godlonton, R.: The Irruption of the Kaffir Hordes.  
~~Cape Town, 1965.~~ Grahamstown, 1836.
- Hengherr, E.: Emancipation and After. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1953.)
- Immelman, R.F.M.: 'n Ou Boekversameling en sy Kultuurhistoriese betekenis.
- Kruger, B.: The Pear Tree Blossoms. Moravian Book Depot, 1967.
- Lamprecht, J.C.: Die ontstaan en ontwikkeling van onderwys te Swellendam. ( Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1943.)
- Malherbe, E.G.: Education in South Africa 1652-1922.  
Cape Town, 1925.
- McGregor, H.: Ds. William Robertson D.D. 1805-1879.  
Kaapstad, 1968.
- Rothman, M.E. en A.: Die Drostdy op Swellendam. Swellendam, Kommissie van die Historiese drostdy-museum, 1960.
- Searle, C.: A Socio-Historical Survey of the Development of nursing in South Africa 1652-1960. University of Pretoria, 1964.

Smit, A.P.: Eeuvees-Album van die N.G. Gemeente Riversdale. Kaapstad, 1939.

Theal, G.M.: History of South Africa, 1795-1872, VOL. I. Londen, 1915.

Theal, G.M.: History of South Africa, 1795-1872, VOL. II. Londen, 1915.

Thom, H.B.: Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika. Amsterdam, 1936.

Tomlinson, L.L.: Geskiedkundige Swellendam. Kaapstad, 1943.

Van der Westhuizen, W.: Onderwys onder die Algemene Skoolkommissie. (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Sestiende Jaargang, Deel II.)

Venter, P.J.: Government Departments of the Cape of Good Hope 1806-1910. Cape Town, 1933.

---